

1.

DIE NIEUWE REPUBLIEK.

deur

Johannes Lodewikus Kruger Heystek.

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die

Graad van: M.A.

In die Fakulteit van: Lettere en Wysbegeerte.

Universiteit van Pretoria,

Pretoria.

30 Junie 1944.

## HOOFSTUK I.

TOESTANDE IN ZOELOELAND VOOR DIE KOMS VAN DIE BOERE: 8.  
 Die Wolseley-reëling\* - Ondergeskiktes word hoofde - Die gebied onoordeelkundig verdeel - Wanordelikhede volg - Die Zuid-Afrikaansche Republiek genoodsaak om te klae - Agitasie vir die herstel van Cetewayo - Cetewayo terug in Zoeloeland - Sir Henry Bulwer se reëlings - Foute van 1879 herhaal - Onluste breek opnuut uit - Cetewayo word deur Usibebu verdryf - Die Zuid-Afrikaansche Republiek stel hul standpunt baie duidelik - Die toestand verg onmiddellike tussenkoms van 'n blanke ras.

## HOOFSTUK II.

DIE BOERE-VRYWILLIGERS IN ZOELOELAND: 27.  
 Cetewayo smoeek die Boere om hulp - Die Vrywilligers tref reëlings om na Zoeloeland te gaan - Die samewerking van Grant word eers gewerf - 'n Comité word gekies om die leiding te neem - Die Comité onderhandel met die verskillende Zoeloehoofde - Reëls vir die Vrywilligers - Kroning van Dinizoele - Die vyandige houding van Usibebu - Usibebu word verdryf - Sir Henry Bulwer probeer hulp kry vir Usibebu - Derby weier om Usibebu te help - Houding van die Oesoetoes teenoor Oham en die Reserve - Die aantal Vrywilligers in Zoeloeland - Rus en orde herstel.

## HOOFSTUK III.

STIGTING VAN DIE STAATJIE: DIE NIEUWE REPUBLIEK. 44.  
 Die kwessie van beloning word aktueel - Die ooreenkoms i.v.m. die afstand van grond, onduidelik - Die Grondwet word in werking gestel - Krogh en Grant help die Zoeloes beweeg om hul verpligtings na te kom - Die proklamasies van 16 Augustus 1884 - Plase word uitgemeet - Daar bly te min grond vir die Zoeloes oor - Die Zoeloes voel baie ontevrede - Schiel beweer dat 3/4 van die bewoonbare deel van Zoeloeland deur Boere beset is - Schiel soek grond vir Duitsland in Zoeloeland - Krogh en die grondkwessie - Mitchell se rapport i.v.m. die grootte van die Nieuwe Republiek - Werklike grootte van die gebied - Engelse gebruik grondkwessie as voorwendsel om in te gryp - Die Vrywilligers se eis was billik en regverdig.

## HOOFSTUK IV.

## STAATSINRICHTING EN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE

VAN DIE NIEUWE REPUBLIEK: 62.  
 Die Comité - Die Volksraad - Die Uitvoerende Raad - Die Regterlike Mag - Die Vlag en Wapen van die Nieuwe Republiek - Die Krygs- mag - Die Grondregte - Bronne van inkomste en belastings - Natu- rellesake - Kerk en skool - Algemeen.

## HOOFSTUK V.

DIE NIEUWE REPUBLIEK SE STRYD OM ERKENNING: 73.  
 Sir Henry weier om Dinizoele te erken - Die Zuid-Afrikaansche Republiek aanvanklik huiwerig om hul te erken - Sir Henry Bulwer erken dat die toestand in Zoeloeland verbeter het, danksy die werk van die Vrywilligers - Die eerste deputasie na Natal, misluk - Ver- anderde houding van Sir Henry Bulwer en die Britse regering - St Lucia in die gedrang - St Luciabaai word deur Engeland geannek- seer - Duitsland protesteer, maar hul aansprake word afgekoop - Die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Nieuwe Republiek dien ook elk 'n protes in, dit word sonder meer opsy geskuif - Sir Henry pro- beer die Nieuwe Republiek ook in hande kry - Esselen gaan na Enge-

land - Die Britse staatsmanne weier om hom te ontmoet of sy staat te erken - Stanley geneë om die Nieuwe Republiek te erken - Sir Arthur Havelock nooi die Nieuwe Republiek uit om te kom onderhandel - Die Julie-samesprekings misluk - Die samesprekings is in Oktober hervat - Dit lei tot die ondertekening van 'n ooreenkoms op 22 Oktober 1886 - Die Zoeloes se houding, probeer hul verpligtings ontduik - Sir Arthur Havelock seker dat Zoeloes Britse proteksie sal verwelkom - Die Zoeloes verset hul lydelik teen die afkondiging van die protektoraat - Die Nieuwe Republiek beroep hul op artikel (iv) van die ooreenkoms van 22 Oktober 1886 - Sir Arthur Havelock ontduik 'n regstreekse antwoord - As Meyer aandring, dreig Sir Arthur met opheffing van konsepkonvensie. - Druk word op die Zuid-Afrikaansche Republiek uitgeoefen om Meyer die swye op te lê.

## HOOFSTUK VI.

## EINDE VAN DIE NIEUWE REPUBLIEK: 103.

Die Nieuwe Republiek verkies om alleen te staan - Na afskeiding van Zoeloeland, verswak die staat finansieel - Meyer vra magtiging om aansluiting by die Zuid-Afrikaansche Republiek te soek - Die ouer staat bereid om hul te verwelkom - Meyer en Spies word gestuur om te onderhandel - Die verdrag van 14 September 1887. Die Britse regering bereid om die unie te erken - Uitbreiding van die Londense Konvensie - Die vereniging 'n voldonge feit - Die posisie van Vryheid as deel van die ouer staat - Vryheid word deel van Natal - Die stryd van die Boer in die Nieuwe Republiek, net 'n fase in die nasionalistiese stryd.

## HOOFSTUK VII.

## DIE NIEUWE REPUBLIEK IN RUIMER PERSPEKTIEF: 109.

Begeerte van Boerleiers om 'n eie hawe te besit - Die Zuid-Afrikaansche Republiek wou hierdie ideaal verwesenlik deur in besit te kom van die Nieuwe Republiek - Krogh se pogings, hy word deur genl. Joubert gesteun, misluk - Anneksasie van St Luciabaai verongeluk die Boere-aspirasies - Engelse imperialistiese agitators gedetermineerd om Boere van die see weg te hou - Die Engelse slaag in hul doel.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE EN BRONNE: 125.

## KAARTE VAN ZOELOELAND EN DIE NIEUWE REPUBLIEK: 126.

## VOORWOORD.

In die meeste geskiedenisboeke oor Suid-Afrika, word net terloops melding gemaak, van die Republiekies wat rondom die Zuid-Afrikaansche Republiek ontstaan het. Die vraag ontstaan onwillekeurig, of die gebeurtenisse wat hier afgespeel het, dan van so min belang was, dat daar net in die verbygaan melding van hoof gemaak te word.

'n Dieper studie van die gebeurtenisse wat gelei het tot die ontstaan van hierdie staatjies en hul verder geskiedenis, sal al dadelik toon, dat hier magte gebots het, wat die verloop van die geskiedenis van en Boervolk en Britse Imperialisme, tot 'n groot mate bepaal het. Vir baie van die belangrikste vraagstukke, kan hier 'n antwoord, gevind word.

Waarom was die bestaan van hierdie Republiekies so kortstondig van aard?

Hierdie staatjies het ontstaan op gronde, deur boere op die grens, op een of ander wyse van Kafferhoofde vir gelewerde dienste verkry. Die hande van die Zuid-Afrikaansche Republiek was so gebind deur die Konvensies van Pretoria en Londen, dat hul feitlik niks kon doen om onluste op, of net buite hulle grense, te onderdruk nie. Waar hul regering nie mag ingryp het nie, het groepies Boere besluit, om sake in eie hande te neem en 'n end te maak aan die kafferonluste en wanordelikhede. Die Kafferhoofde van hierdie streke het die inmenging, van die kant van die Boere, aangemoedig en verwelkom, veral deur beloftes van afstand van grond.

Dit was egter nie net om grond of vee as beloning te ontvang, dat Boere as vrywilligers na die kaffergebiede getrek het nie. Daar was nog 'n ander rede ook waarom hul hul verplig gevoel het om in te gryp. Die mense op die grens was gewoonlik veeboere en hulle het gewoonlik, as weiveld skaars word, na die kaffergebiede getrek vir weiding. Kafferonluste het altyd moeilikhed vir hierdie mense beteken. Om veediefstalle op groot skaal te bestry, moes kaffertwiste beëindig of voorkom word.

Die Britse Regering, wat die Boere Republieke die reg ontse het, om in oproerige kaffergebiede, buite hul grense in te gryp was maar al te dikwels geneig, om die kaffers aan hul lot oor te laat. Sprekend hiervan is die kabelgram wat Sir Henry Bulwer, Spesiale Kommissaris vir Zoeloeland, in November 1883, van Derby, Engelse Minister van Kolonies, ontvang het. Sir Henry het Derby om instruksies gevra i.v.m. die wanordelike toestand in Zoeloeland, na die vlug van Cetewayo, in Junie 1883. Derby het een en ander van Sir Henry se voorstelle ter oplossing van die toestand oorweeg en kies dan die maklikste uitweg: "...preferring if possible, to allow Zulus to manage their own affairs." (1)

Die Britse Regering was altyd bang vir onkoste verbonde aan 'n administrasie in kaffergebiede. Die openbare mening was die idee, dat belastingbetalers in Engeland vir die geriewe van koloniste en inboorlinge moet betaal, nie goedgesind nie. Aan die anderkant het die Imperialistiese beleid weer geëis, dat die Engelse invloed in die kaffergebiede behou moes word, sodat hulle daar handel kan drywe en indien nodig, in kan gryp, in die binnelandse aangeleenthede van die gebied. Daar was ook altyd die moontlikheid dat minerale in die gebiede ontdek kan word en dan moet Engeland die reg hê, om daar aanspraak op te maak.

Die Boere, daarenteen, het altyd probeer om die kaffers onder hul direkte beheer te plaas, om sodoende te sorg dat die beskawingsinvloed wat van hul uitgaan, meer heilsaam op die kaffers inwerk, as wat dit die geval met die Engelse was. So het die Zoeloes onder die Boere in die tyd van Panda in vrede gelewe, onder die Engelse egter, het 'n oorlog noodsaaklik geword om Cetewayo te onderdruk. Sedert die tyd, het 'n toestand van verwarring en chaos in Zoeloeland geheers. Waar die Engelse veral persoonlike voordeel beoog het, as hul in kontak met kaffers kom, daar het die Boere die voorgedyskap oor die inboorlinge aanvaar.

(1) C 3864 p.225.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het die stigting van klein republiekies op sy grense, om verskillende redes nie teengewerk nie. Die ondervinding het geleer, dat as die Boere optreedan volg rus en vrede onmiddellik daarna. Waar staatjies op sy grense dan ook gestig is, was die kafferonluste op 'n end. As hulle nie mag straf en ingryp nie, dan moet van hul burgers dit maar doen en die kaffers dwing om hul onderlinge tweedrag te staak. Verder het die Boereleiers in die stigting van hierdie republiekies, die moontlikheid van gebiedsuitbreiding gesien. Hul sou dus die stigting van klein staatjies eerder aangemoedig as belet het.

Die Britse Imperialisme, wat veral verantwoordelik was vir die snelle ondergang van die republiekies, sou nie graag sien, dat grond, wat hulle kon gehad het, die eiendom van Boere word nie. Dan ook was die stigting van sulke staatjies vir hul ideale 'n gevaar, omdat hulle in so 'n geval afgesny sou wees van die hinterland, in watter rigting hul eie uitbreidingsplanne gekoers het. Dit sou ook die handelsweë na die binneland in vreemde hande stel en dit veral, moes voorkom word. Bowendien, was daar in Engeland, altyd 'n seksie, wat besonder begaan was oor die regte van die kaffers, wat dan juis altyd beskerm moes word teen die gewaande onderdrukking van die Boere. Hierdie groep mense het die beste gebruik weet te maak van die binnelandse partypolitieke toestande ter verwesenliking van hul wense. In elk van hierdie gevalle, kon die wens alleen werklikheid word, as die Boere se handewerk verdwyn, m.a.w. as die gebied wat 'n afsonderlike staat gevorm het, Britse eiendom word.

Daar was egter nog 'n ander rede waaraan die verdwyning van die staatjies gewyt moet word. Dit was die beleid van Engeland om die Boere Republieke te omsingel en in te sluit. Aan hierdie omsingelingsbeleid moet die snelle ondergang van die republiekies veral gewyt word.

Die Nieuwe Republiek was nie 'n twisappel tussen die Engelse en die Boere, in dieselfde sin as Stellaland en Goosen nie, miskien omdat die binnelandse moeilikhede hier heelwat anders was en die Boere 'n les op die Westelike grens geleer het. Die onderlinge struwelinge van die kaffers het in albei gevalle gelei tot inmenging van die kant van die Boere en die stigting van afsonderlike staatjies. Die onderneming op die Westelike grens was 'n mislukking. Op die Suid-Oostelike grens het hul egter beter gevaar.

Watter faktore het hier die deurslag gegee? Wat was die Boerse oogmerke met die stigting van 'n republiek? Hoe het die Engelse daarop gereageer? Wat het daar in die onderskeie lande agter die skerms plaasgevind? Wat was die Eeoloese houding onder al die moeilikhede? Dit is 'n paar van die vrae, waarop 'n antwoord gesoek word in hierdie verhandeling.

Behalwe vir die uiters verdienstelike werk van Dr. W. J. Jeyds: „Het Insluiten van de Boeren-Republieken Deel I,” waarin hy die goeie saak van die Boere bepleit en bewys, bestaan daar oor die Nieuwe Republiek nie eintlik gepubliseerde werke nie. Die Jubileum-Kommissie van Vryheid, het in 1934 'n brosjure uitgegee, waarin die geskiedenis van die Republiek kortliks behandel word. <sup>(2)</sup> Adolf Schiel, een van die hooffigure onder die Vrywilligers, het ook sy herinneringe te boek gestel in: „23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika.” <sup>(3)</sup>

By die navorsing van die geskiedenis, in hierdie werk kortliks saamgevat, is veral gebruik gemaak van die ongepubliseerde dokumente en oorspronklike bronne van die Nieuwe Republiek te vinde in die Staatsargief te Pretoria.

Graag wil skrywer hiervan, Prof. S. P. Engelbrecht, bedank vir sy hulp en leiding. Baie dankie, wil hy sê, aan Prof. I. D. Bosman, vir al sy belangstelling en aanmoediging. Ook wens hy die personeel van die argief te bedank vir al hul vriendelike hulp.

(2) Hierdie brosjure is veral die werk van C. F. C. Emmett. Hy was die balju te Vryheid en lid van die Inspeksie-Kommissies.  
 (3) Hierdie werk is 'n biografie, bedoel vir Duitse lesers.

## HOOFSTUK 1.

## TOESTANDE IN ZOELOELAND VOOR DIE KOMS VAN DIE BOERE.

Na afloop van die Zoeloe-oorlog van 1879 is Cetewayo, wat as oorsaak van al die moeilikhede beskou is, as staatsgevangene na Kaapstad gestuur en daar in die Kasteel opgesluit. Sy verwydering het 'n algehele omwenteling in die bestuur van Zoeloeland ten gevolge gehad. Hierin moes nou voorsiening gemaak word.

Sir Garnet Wolseley, wat daarin geslaag het om na die eerste terugslae, die stryd ten gunste van Engeland te laat afloop, het opdrag ontvang, om vrede in Zoeloeland te herstel en vrede te sluit. Sir Garnet mag 'n dapper krygsman gewees het, maar die regte administrateur vir die reëling van aangeleenthede in Zoeloeland, was hy seer seker nie. Sy reëlings getuig dan ook hiervan. Hy moes die ou Engelse beleid, van verdeel en heers in Zoeloeland gaan toepas. Die binnelandse partypolitiek het geëis dat die belastingbetaler, nie rede gegee moet word, om te objekteer teen die beleid en reëlings van die Regeringsparty nie. Daarby kom, dat Engeland nie die seggenskap en veral nie sy invloedssfeer in Zoeloeland mag verloor nie. Om dit alles te verkry sou die politiek van verdeel en heers, die beste oplossing bied.

Sir Garnet moes vrede met die Zoeloes gaan sluit, nie omdat hy hulle goed geken en verstaan het nie, maar omdat hy die slag van Isandhlwana gewreek het. Hy was destyds 'n populêre man in Engeland. Hy het die Britse prestige gered. Hy moes ook sulke reëlings tref, wat Engeland sou vrywaar teen nog 'n Zoeloe-oorlog, wat, afgesien van die honderde menselewes, haar weer £4,922,141<sup>(1)</sup> sal kos. Om sy doel te bereik, sou hy die Zoeloes verbreek. Cetewayo moes dus verban word, die gebied verdeel en onder verskeie hoofde geplaas word. Lastige administrasiekoste, deur die Engelse belastingbetaler gestort en in stand gehou, is dan nie nodig nie, en Engeland bly tog baas van die gebied.

(1) "Annual Register 1881" Dl 11. p.63...aanghaal deur Dr Leyds in sy: "Eerste Annex. van Tvl" p247.

Zoeloeland is derhalwe in dertien afsonderlike streke verdeel. Grense is somaar oor die gebied vasgestel. Die gesteldheid van die land, om van die bewoning daarvan nie eers te praat nie, is nie in ag geneem nie. Met die feit dat die Zoeloenasie deur kapteins regeer word, wat hul posisies erf en verower, dat die hoofde nie somaar aangestel word nie, het Sir Garnet nie in ag geneem nie.

Wat die reëlings van Sir Garnet nog vererger het, was die feit, dat sekere van sy vriende, verraaiers van Cetewayo en die Zoeloenasie, beloon moes word en dit juis vir hul verraad. Daar was John Dunn, 'n witman, wat na Zoeloeland gegaan en in die hoofstad van die Zoeloes gewoon het. Hy het later die lewe van 'n Zoeloe geleë en al sy besittings van Cetewayo ontvang. Hierdie John Dunn, wat later in die oorlog, sy koning Cetewayo, die rug toegekeer het, moes o.a. hoofoor een van die gebiede word. John Dunn, van wie die "Natal Witness" sê: "..... not a single colonist in Natal has the smallest faith in John Dunn!"<sup>(2)</sup> So vals en onbetroubaar was hy, dat selfs Cetewayo vra, of die Engelse nie bang is, dat hy weer 'n dubbelspel sal speel nie. Hierdie man is later o.a. deur die "Aborigines Protection Society" aangekla, dat hy wapens aan die kaffers lewer, en dit, terwyl hy 'n agent in Zoeloeland was. Sir Henry Bulwer moes die waarheid van hierdie beskuldiging erken, maar voeg by dat die kritieke toestand in Zoeloeland, sy verder aanstelling regverdig.<sup>(3)</sup>

John Dunn het as amptenaar die Zoeloes gewapen, as sy onderdaan, Cetewayo verrai....." his appointment as Chief Resident in Zululand is a shock to civilization. His ways are Zulu ways; his associations, Zulu associations; his very habits of thought imbued with the Zulu character. A white man, who, for twenty years or more has lived the Zulu life, wedded Zulu wives and chosen their society in preference to that of such women as a white man should love and honour, is not the man to represent the Queen of England in a nation of savages."<sup>(4)</sup> Tog is hy geskik geag om as heerser in Zoeloeland te agter.

(2) C 2482 p.274. (3 en 4) C 2222 p. 104.

Usibebu, 'n onderkapteintjie, was 'n anderseen, wat aanspraak kon maak op Sir Garnet se erkentlikheid. Ook hy, het sy koning verraaï en die Engelse prestige help red. Daarom moes hy die onderskeiding te beurt val en die beloning ontvang, om as hoof aangestel te word. Hy is dit werd, omdat hy lojaal teenoor die Engelse is. Of hy wel deur die Zoeloes geëer en erken sal word, is van minder belang. So ook moes Oham, nog 'n verraaier van sy volk en koning, as Engelse vriend en bondgenoot, beloon word. Die feit, dat hul maar hoofde van kleiner Zoeloe-krale was, het nie saak gemaak nie. Hulle was en sou die Engelse goedgesind wees en bly.

So jammerlik kortsigtig was Sir Garnet dat hy Dabulamansi, 'n halfbroer van Cetewayo, aanvoerder en hold van die slag te Isandhlwana, met sy volgelinge onder die toesig en beheer van John Dunn plaas. Undabuko en Umnyamana, 'n broer en hoofindoena van Cetewayo respektiewelik, kom onder die heerskappy van Usibebu. 'n Gedeelte van Umnyamana se volk het egter onder Oham <sup>(5)</sup>geval. Hierdie Zoeloeleiers het dan ook uit die staanspoor geweier om die aangestelde hoofde te erken, of om hul aan die gesag van die begunstigde kapteins te onderwerp. Die aanhangers van Cetewayo het hierdie aangestelde hoofde ghaat en van hulle gepraat as honde. <sup>(6)</sup> Dit is dus duidelik dat Sir Garnet, in sy ywer om 'n blywende vrede te verseker, die ou volkstradisies en gewoontes, asook die oorgeërfde regte verontagsaam het. Hierin het hy hom juis misgis, want dit ontbreek nou aan 'n sentrale gesag, waaraan die Zoeloenasie so 'n groot behoefte gehad het. Die hele toestand was onbeholpe en verwarrend. Die Zoeloes kon nie begryp waarom die Engelse nou so optree nie. Engelse soldate het hul verslaan en nou word verraaïers beloon en met gesag bekleed.

Sir Garnet se bedoeling was skynbaar, om terug te keer na die stamregering in swang onder die Zoeloes, voor die heerskappy van Chaka. Die Zoeloes het hierdie reëlins egter nie so verstaan nie. Hulle het van die veronderstelling uitgegaan, dat die Engelse die hoogste gesag het, as gevolg van die oorlog en die aan-

(5) C 3705 p. 97.      (6) C 3616 p. 54.

stelling van die dertien hoofde het hulle in die lig beskou. Die Zoeloes was nie meer aan so 'n stamregering gewoond nie, met die gevolg dat kapteins wat eers groot aansien geniet het die gesag van die aangestelde hoofde, wat vroeër hul ondergeskiktes was, nie wou erken nie. Dit het veral tot gedurige onderlinge wrywing en stambotsings gelei. Die krale het mekaar beveg, omdat die een op die ander se gronde verskyn het. Umnyamana se volk het hul lande al die jare ongehinderd bewerk, nou verskyn van Usibebu se aanhangers en eis die lande. Hul kaptein is tog hoof van die gebied. Die gevolg was botsings.

Dat die Engelse van die aangestelde hoofde verwag het om die rus en orde te handhaaf, spreek uit Sir Henry Bulwer se beskouing van die reëlings. Hy skrywe: " The settlement of 1879 did not retain the authority of the British Govt over them. There were strong reasons at that time against our taking this course and we purposely abstained from establishing our rule or our authority. We did not then retain the paramount and supreme authority in our hands, and this being the case, the question is, what did we do with it? As I understand the settlement of 1879, the intention was to place that power in the hands of the appointed chiefs. The country was divided into thirteen separate and independent territories over each of which was placed a **chief and it was evidently, I think, the intention of the settlement that each chief should have the paramount and supreme authority assigned to him, limited, indeed, by the conditions we imposed and controlled in some degree by, the influence we might be able to exercise through our Resident.**" <sup>(7)</sup> Die verantwoordelikheid van die administrasie word dus op die skouers van die

aangestelde hoofde gelaai. Die praktyk het al heel gou gewys dat die invloed wat die Engelse wou uitoefen deur hul Resident, maar heel gering was. Al wat hy kon doen was om rapporte op te stel. Hieruit het veral sy magteloosheid geblyk. Verder was dit spoedig duidelik dat die hoofde nie verstaan het dat die Engelse nie die oppergesag in Zoeloeland wou handhaaf nie.

(7) C 3466 p134.

Hierdie reëlings, staaf veral een vermoede, dat die Engelse staatsmanne n.l. baie onsimpatiek was, teenoor die Zoeloes as 'n afsonderlike nasie. Uit hul houding en optrede kan afgelei word, dat hul nie bereid was om 'n duur administrasie op hul nek te haal nie. Zoelocland was nie geskik geag vir kolonisasie en daar was nie minerale nie, daarom is die streek van minder belang. Tog wou hul alle seggenskap in die gebied behou, indien dit later nodig mag word.

Die openbare pers het hom baie skerp teen die reëlings uitgelaat. Die Natalse koloniste het al 'n bietjie ondervinding opgedoen, wat kaffers betref. Hulle was baie ontevrede met die reëlings. Daarby kom dat hul hul daarvoor beywer het om Zoelocland ingelyf te kry. Die "Cape Times" skryf dat daar groot ontevredenheid bestaan i.v.m. die reëlings. Die artikel lui: "Sir Garnet Wolseley was probably acting under instructions in making peace on a barbarian basis, such a peace, however, has no guarantee for continuance, but on the contrary, an inherent weakness forbidding any hope of permanence. A savage nation is now divided into a number of savage nations, each leaning to the other with all the force of common blood and common traditions, while to check the impulses of that force there is absolutely nothing beyond the influence of two or three British residents, unsupported by armed retinue, and clothed with no more than a shadow of authority. And as the embodiment of British civilization and as Her Majesty the Queen's own representative in Zululand, is placed Mr John Dunn, Cetywayo's old friend and companion, and the father of a very large number of Cetywayo's people."<sup>(8)</sup>

Ook die "Natal Witness", het onomwonde te kenne gegee wat hy van die reëlings dink: "The settlement of Zululand means simply the appointment of a dozen Cetywayos with a white man to look after them, who is a Cetywayo in all but colour."<sup>(8)</sup>

Die uitwerking van die reëlings het nie lank op hom laat wag nie. Umnyamana, Undabuko en Dabulamansi wou nie die gesag van Dunn,

(8) C 2482 p.274.

Usibebu en Oham erken nie. 'n Voortdurende stryd het, soos verwag kan word, losgebars. Die Zoeloes het hul daarin verlustig om mekaar uit te roei. In Augustus 1882, rapporteer Osborn, Naturelle Kommissaris in Zoeloeland, dat Oham 'n groot menigte van die Abakulusi, persoonlike volgelinge van Cetewayo, naby die Transvaalse grens, vermoor het.<sup>(9)</sup> Ook Umnyamana se volk het Oham gevrees. Hulle het hulle krale verlaat en in die berge skuiling gaan soek. Undabuko en van sy volk is weer deur Usibebu verdryf. 'n Reisiger wat destyds deur Zoeloeland gereis het, skrywe aan Campbell, "Administrator of Native Law in the Lower Tugela Division"; die volgende i.v.m. die toestand, soos hy dit gevind en gesien het. "All the Zulus thought when they came under English protection they would have peace and quietness through the land, but to their astonishment they find more bloodshed and slaughtering of human beings under the English protection than was ever known when their Kings were in power."<sup>(10)</sup> Ondergeskiktes het nou hoofde geword en dit is die vernaamste oorsaak vir al die bloedvergieting. Hierdie reisiger het die hele gebied deurkruis tot aan die Pongolo. Sy bevinding is, dat die oorgrote meerderheid van die Zoeloes verlang dat Cetewayo in sy ou posisie herstel moet word.

Die amptenare in Zoeloeland het al heel gou met hul hande in hul hare gesit, omdat die toestand hande uitgeruk het. Op 29 Mei 1882 reeds, het Osborn al geklae in 'n rapport, dat die toestand omithoubaar word. Selfs die aangestelde hoofde klae dat die toestand hande uitruk. Soos Osborn sê: "...these boundaries are now as if they never existed, the people disregard them and armed bodies collect from all parts without any reference to the appointed chiefs!"<sup>(11)</sup> Groepies gewapende Zoeloes het rondgetrek om moord en diefstalle te pleeg. Oor en weer het die twistende partye mekaar se volgelinge vermoor en die krale afgebrand. So rapporteer Colenbrander op 6 Junie 1882, dat Oham hom klaarmaak om Umnyamana en Undabuko aan te val.<sup>(12)</sup> Op 17 Junie val die Abakulusi onder aanvoering van Unguni weer Oham se gebied binne om hulle te wreek.<sup>(13)</sup> Kort daarna in Augustus, het Oham weer dood en verwoesting onder die Abakulusi gesaai.

(9) C 3466 p.171. (10) C 3466 p.14. (11) C 3466 p.43. (12) C 3466 p 47. (13) C 3466 p 51.

Oham het op die Transvaalse grens gewoon. Dit is dus maklik te verstaan, dat die gedurige onrus die Republiek baie las moes gegee het.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het die Wolseley-reëling ten sterkste afgekeur. Die beleid van die Engelse om die kaffers onderling te verdeel kon hulle nooit goedkeur nie. Hulle het geglo, dat die blankes die voogdyskap oor die naturelle moes aanvaar en dat die kaffers onder hul direkte beheer moes staan. Wat hul voorsien het, het dan ook werklik gebeur.

Op Komdt.-Genl. P.J. Joubert se skouers het die verantwoordelikheid gerus om te sorg vir sy staat se naturelle-aangeleenthede. Kaffer moeilikhede moes hy ondersoek en oplos. Hy moes dus na die grens gaan om die toestand aan die Zoeloelandse grens te gaan ondersoek. In Junie 1882, net sy besoek aan die streke, rapporteer hy aan sy regering, dat die toestand by die dag versleg. " Zoovele Zulus zyn van tyd tot tyd van alles beroofd en geplunderd, en zonder eenig middel van bestaan," dat hul na die Republiek vlug vir veiligheid en om kos te bekom. Om hierdie kaffers terug te stuur, sou net een gevolg vir hulle hê, 'n gewisse dood. Dit alles, skryf die Komdt.-Genl., het hul te danke, aan die verkeerde beleid van die Engelse in Zoeloeland. Voor die verbanning van Cetewayo, was daar maar min Zoeloes in die Zuid-Afrikaansche Republiek, nou stroom hulle by die honderde oor die grens. Hy beveel aan, dat die Regering moet protesteer teen die verkeerde Engelse beleid en dat hul moet aandring, op die vrystelling en herstelling van Cetewayo.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek se Uitvoerende Raad het gevoel, dat hul moet handel op advies van hul Komdt.-Genl. en dien dus 'n protes in. Hul klae dat hul baie moeite en las het van Zoeloes wat uit Zoeloeland na hul grondgebied vlug. As oplossing dring hul aan op die loslating van Cetewayo.

Die Hoë Kommissaris, Sir H. Robinson, stuur dan op 8 Augustus 1882, die volgende nota aan Kimberley, Britse Minister van Kolo-

nies: "The Transvaal Govt. request me to bring to your notice the lamentable condition of affairs in Zululand, which they state is causing them great difficulty upon their Eastern border, and urge that the only way by which peace and quiet can be re-established is by the restoration of Cetwayo, which, they request, in the interests of humanity may be done as speedily as possible." (15)

Daar was ook ander persone, wat vir die herstel van Cetwayo hul beywer het, omdat ook hul, hierin die enigste uitweg gesien het vir die oplossing van die toestand. Biskop Colenso en die "Aborigines Protection Society," het ook hul bes gedoen vir die vrystelling van die gewese Zoeloekoning. Op bitsige wyse is Sir Henry Bulwer en sy amptenare wat hierdie beweging beveg het, aangeval in die openbare pers.

Cetwayo is deur hierdie mense na Engeland geneem, waar hy deur sy kalme houding, die simpatie van die Britse volk gewen en die martelaar van sy tyd geword het. Hierdie besoek het oneindig veel bygedra tot sy uiteindelijke loslating. Ondertussen het die toestand in Zoeloeland nog steeds versleg. Die Britse Regering moes uiteindelik swig voor die druk wat op hul uitgeoefen is, deur die vriende van Cetwayo en die chaotiese toestand van Zoeloeland.

Sonder teenkanting sou dit egter nie geskied nie. In Natal en Zoeloeland, was mense, wat die terugkeer van Cetwayo, nie alleen nie begeer het nie, maar ook gevrees het. Sy terugkeer sou wel 'n einde maak aan die chaos, maar persoonlike belange het swaarder geweeg. Sy verraaiers, het sy wraak gevrees, amptenare in Zoeloeland, <sup>begeer</sup> hul salarisse en baie koloniste van Natal sy grondgebied. Hulle opposisie het egter niks gehelp nie, nog in September is besluit om Cetwayo terug te stuur en die Hoë Kommissaris het opdrag gekry, om die Zuid-Afrikaansche Republiek hiervan in kennis te stel. (16)

(15) C 3466 p.78. (16) C 3466 p.129.

Sir Henry Bulwer en veral Natal, het die terugkeer van Cetewayo met alle mag teegewerk. Vir Sir Henry, het dit beteken die ontstaan van allerlei netelige en lastige probleme, indien die ou reëlings herroep word. Wat moes van hul gunsteling: Dunn, Usibebu en Oham word? Hy kon hul tog nie sonder meer in die steek laat nie? Hy wys die Koloniale Sekretaris daarop, dat Wolseley die aangestelde hoofde beloof het dat Cetewayo nie sal terugkeer nie. Alleen hierdie belofte het hul beweeg om die aanstellings te aanvaar. (17) Wat moes hy nou aan hulle sê?

Vir Natal het die terugkeer van Cetewayo die verlies van 'n groot stuk grondgebied beteken. Hulle het die inlywing van Zoeloeland voorgehou as die beste oplossing van die hele toestand. Hul het petisies opgestel en deur duisende mense laat teken, waarin gevra word om die anneksasie van Zoeloeland. (18)

Sir Henry was egter van mening dat Natal nie by magte was, om die administrasie van Zoeloeland op hom te neem nie, daarom wou hy dit voorkom.

Na 'n bespreking van die toestand kom ook hy tot die slotsom: (i) "That it offers the best solution of the Zulu problem. (ii) That it is the universal wish of the Zulu people. (iii) That if we do not restore him, we shall be involved in another Zulu war." (19) Ook hy besef dat dit die beste uitweg bied.

Sir Henry Bulwer het nou 'n pragtige geleentheid gehad om die situasie te beredder, nie net vir 'n tyd nie, maar blywend. Veel goeds moes Cetewayo egter nie van Sir Henry en sy amp-tenare verwag nie, daarvoor was hulle hom te vyandiggesind. By dit alles kom, dat Sir Henry, sy Engelsgesinde bondgenote nie in die steek sal laat nie. Usibebu het al dadelik geweier om onder Cetewayo te staan. Hy het ondertussen ondervind wat dit beteken om onafhanklik te wees. Sir Henry wou graag in sy reëlings, alle partye bevredig. Vir Dunn en ander vlugtelinge, is voorsiening gemaak deur die skepping van 'n Reserwe. Hierheen kon almal, wat die gesag van Cetewayo en Usibebu nie wou erken nie, vlug. Hierdie reëling was ook bedoel om Natal

tegemoet te kom. 'n Gedeelte van sy oortollige naturelle-bevolking kon nou daarheen verplaas word. Oham het egter verkies om Cetewayo te erken.

Die groot fout van 1879 is herhaal. Dit ontbreek weer aan 'n sentrale gesag. Daar is nou net drie i.p.v. dertien gebiede, maar Usibebu, die groot vyand van Cetewayo, bly 'n onafhanklike hoof. Hy moes as 'n soort magsewewig teen Cetewayo dien. Die bedoeling is duidelik, verdeel Cetewayo se mag en hou hom in bedwang. Gebruik liefst sy eie mense om dit te bereik. Die Reserwe bly 'n veilige toevlugsoord vir onderdane, wat Cetewayo se straf en tugmaatreëls, toegepas volgens naturellegebruik, wil ontwyk. Van uitoefening van gesag en handhawing van orde onder die omstandighede, deur Cetewayo, was daar nie juis sprake nie.

Dit was nog nie al nie. Die dwingeland en swart tiran se mag moes soveel moontlik ingekort word. Cetewayo kry net 'n gedeelte van sy grondgebied terug. Hy moet hom verder verbind, om die 'n leër op die been te bring nie en om alle geskille wat mag ontstaan, aan die arbitrasie van Engeland te onderwerp. 'n Resident sou by hom bly, om sy aktiwiteite dop te hou. (20) Veel vertroue is dus nie in hom gestel nie en hy is maar net met die skadu van sy ou gesag bekleed.

Veel goeds kon uit die reëling nie voortvloei nie. Die land is verdeel, heeltemaal willekeurig verdeel, nes in 1879. Die Naturelle-Kommissaris van Natal, H.C. Shepstone, skrywe op 16 Mei 1883, aan Sir Henry, dat dit hom tref, dat daar weinig aandag geskenk is aan die wyse waarop die volk die land bewoon het. Dit skyn asof die grenslyne sommer oor die gebied getrek is, sonder om vas te stel waar die verskillende kapteins se volgelinge woon. (21) So het dit voorgekom dat van Umnyamana se volk onder Usibebu geval het. Hulle wou sy gesag nie erken nie. Op sy beurt wou hy hul weer verdryf. Van Dabulamanzi en Undabuko se volk het weer op grondgebied gewoon, wat deel van die Reserwe vorm. Oham, heerser oor 'n groot stuk grondgebied, het uiterlik die

(20) C 3466 p113. (21) C 3705 p.97.

gesag van Cetewayo erken, maar in werklikheid het hy die uitoefening van daardie regte, sover moontlik en dit vir hom veilig was, verontagsaam. Hy was mos self al 'n onafhanklike heerser. Cetewayo het ook nog glad nie vergeet dat Oham, Usibebu en Dunn hom verraaï het nie. Hulle is nogtans deur die Engelse beloon. Hy en sy hoofindoenas het begryplikerwyse wraakgedagtes gekoester. Usibebu het al heel gou hierop gereageer en 'n dreigende houding begin aanneem. Cetewayo het baie gegriefd gevoel. Teen biskop Colenso klae hy, dat hy slegs die helfte van sy oorspronklike grondgebied teruggekry het en dat hierdie deel, die swakste in Zoeloeland is, rots- en moerasagtig. (22)

Lank sou dit nie goed gaan nie. Aan die een kant was Usibebu besig om hoër aspirasies te koester. Hy streef na die verdrywing van Cetewayo, sodat hy alleenheerser van Zoeloeland kan word. Aan die ander kant, was Cetewayo en sy indoenas, vol wrewel en haat jeens sy vroeëre onderdaan en verraaier, maar tog magteloos om iets te begin. Usibebu was al heel gou besig om hom voor te berei vir die naderende stryd. Hy het 'n groot impi op die been gebring, terwyl Cetewayo magteloos was om hom te verdedig. Hy moes hom volgens opdrag, stilgedra. Dit was egter veral die pogings van Umnyamana, Undabuko en Dabulamanski, wat so graag hul koning in sy eer herstel wou sien en hul graag op hul vyande wou wreek, wat aanleiding tot die uitbarsting gegee het. Waar grense so onoordeelkundig en willekeurig oor die gebied getrek is, is daar altyd geleentheid vir wrywing en botsings. Die onderlinge struwelinge het al dadelik weer losgebars en geleidelik in velheid en omvang toegeneem.

Op 29 Januarie 1883, is Cetewayo deur Sir ThShepstone, as koning gekroon. 'n Maand later reeds, klae hy teen die Resident H.F. Fynn, wat by hom gewoon het en hom moes oppas, dat Usibebu hom bedreig. Hy vra dus om beskerming. Sir Henry antwoord hierop, dat hy nie glo dat Usibebu so-iets in die mou voer nie. Hy verdink egter vir Cetewayo en beveel hom om hom stil te gedra. (23)

(22) C 3864 p.1. (23) C 3616 p. 67 en 106.

Sir Henry wou nie glo dat sy magsewewig sulke aspirasies koester nie. Cetewayo se vermoede was reg. Die versameling van 'n impi in Usibebu se kraal was teen hom gemik. In April 1883, val Usibebu Cetewayo se gebied binne en voer van sy vee, vrouens en kinders, as buit weg. Al antwoord wat Cetewayo van Sir Henry kry is 'n bevel om hom stil te gedra. <sup>(24)</sup> Hierdie handelswyse moes die Zoeloes en veral vir Cetewayo diep geskok het. Die gevolg was, dat hy al sy vertroue in Fynn en die Engelse Regering verloor het. Aangemoedig deur die sukses van sy eerste strooptog, het Usibebu al hoe dreigender geword. Kort hierna voel Cetewayo hom genoodsaak om weer vir Sir Henry op sy vyand se dreigende houding te wys en om hulp aan te klop. Sir Henry antwoord egter dat hy verniet bang is Usibebu sal niks maak nie. <sup>(25)</sup> Nog in dieselfde maand, Julie 1883, verras Usibebu Cetewayo by sy hoofkraal, Ulundian verslaan hom geheel-en-al. Die weerlose Cetewayo moes na die Reserwe vlug vir veiligheid. <sup>(26)</sup>

Sir Henry moes geskok gevoel het. Hy het dadelik 'n opheldering van Osborn geëis. Die skuld is op Undabuko gepak. Hy sou die opstoker en aanhitser wees. Die Boere wat oor betroubare bronne van informasie beskik het, was van mening dat Usibebu net soveel skuld aan die saak het. <sup>(27)</sup> Sir Henry het homself verontskuldig deur te beweer dat Usibebu 'n onafhanklike hoof is, deur die Regering aangestel. Hy moet dan persoonlik verantwoordelik gehou word vir sy daad. Redeneer egter soos hy wou, geen opheldering kon sy misplaaste vertroue in Usibebu en sy wantroue in Cetewayo regverdig nie. Hy probeer nou die blaam op Usibebu lê. <sup>(28)</sup>

Met Cetewayo in die Reserwe, het die toestand van onrus nie geëindig nie. Usibebu het hom nou magtig gewaan en wou sy gesag nog verder uitbrei. Hy wou die hele gebied van Cetewayo in palm. Cetewayo en sy verstrooide volgelinge het weer op hul beurt die verowerde terrein probeer terug win. Oham het hom verlustig in die toestand. Nou dat sy vyand, Cetewayo, op die vlug geslaan het, het

(24) C 3705 p.31 en 32. (26) C 3705 p34. (27) C 3864 p122.

(28) N.R.66..Esselen se Memorandum.

ook hy, impi's uitgestuur om te moor en te roof en Cetewayo se volgelinge nog verder te verstrooi.

Alhoewel diep in Usibebu teleurgestel, kon Sir Henry tog nie na laat om nog vir hom party te trek nie. Hy is nie tot verantwoording geroep nie en is ook nie beveel om sy strooptogte te staak nie. Die toestand het by die dag versleg. Die inboorlinge het hot en haar gevlug om die wraak van Usibebu en Oham te ontkom. Krake is afgebrand, landerye verwoes en die volk moes vir skulling na die berge vlug.

Ter oplossing van die moeilikheid, wat in Zoeloeland ontstaan het as gevolg van die vlug van Cetewayo, dien Sir Henry Bulwer op 16 November 1883, die volgende voorstelle in: (i) "Re-instatement of Cetywayo. (ii) To recognise Usibebu as by right of conquest. (iii) To leave the country to itself. (iv) To extend the principles of the Zulu Native Reserve Territory over the country as far as the Black Umvolosi River. Usibebu's authority being made paramount on the other side of that river. (v) To establish in the place of Cetywayo his son Dinizulu, a minor with a British Resident!" (29)

In l.g.geval, moet Cetewayo verban word. Die voorstelle toon, dat Sir Henry hom nie baie bekommer oor Cetewayo nie. Verder is dit duidelik, dat hy nog nie geleer het, waarom hul nie daarin kan slaag, om orde en rus in Zoeloeland te herstel nie. Hy bly maar vas hou aan sy beleid van verdeel en heers. Usibebu bly ook nog steeds die gunsteling. Watter voorstel ook mag aangeneem word, Usibebu en sy posisie word gehandhaaf.

Die Koloniale Kantoor het dan ook die voorstelle sodanig gevind, dat hul nie tot 'n definitiewe besluit kon geraak nie. Baie kosbare tyd het verlore gegaan, omdat hulle genoodsaak was, om keer op keer, om verdere en meer besonderhede te vra. Hierdie navrae toon, dat die Koloniale Kantoor nie, 'n, vir hul aanneembare uitweg, kon vind nie. Eers vra hulle, of hulle nie maar vir Dinizoe-loe koning kan maak nie. Direk daarna vra hul weer, of Sir Henry nie iemand anders kan voorstel nie. Dan verneem hul weer, watter party die sterkste in Zoeloeland is. Van sy kant, kon Sir Henry

(29) C 3864 p. 223. (30) C 3864 p. 236.

maar nie daarin slaag, om 'n bevredigende voorstel in te dien nie. Die eksperiment met Cetewayo was nie 'n sukses nie. Hulle wou dus nie graag 'n herhaling hiervan hê nie. Usibebu was, in die oë van Sir Henry, die aangewese persoon, maar hy kon nie daarin slaag om Derby tot sy keuse oor te haal nie. Terwyl die saak aansloer na die einde van die jaar, heers daar die grootste verwarring in Zoeloeland en is die Zoeloes besig om mekaar uit te roei.

Op 24 November 1883, word Sir Henry nogmaals gevra wat hy sou aanbeveel. Sir Henry, wat <sup>(30)</sup> maar alte graag vir Usibebu wou begunstig, gee aan die hand dat die Reserwe uitgebrei moet word tot aan die Umvolosi en dat Usibebu oor die res aangestel word. Die Koloniale Kantoor se antwoord hierop was: "The restoration of Cetywayo by Her Majesty's Govt. was not desirable and Her Majesty's Govt. were equally unwilling to approve an extention of the Reserve, preferring, if possible, to allow Zulus to manage their own affairs." <sup>(31)</sup> Die lief en leed van die Zoeloenasie was dus van weinig belang; en tog was die Engelse bemoeiings die grondoorsaak van al die ellende.

As 'n laaste toevlug, vra die Koloniale Kantoor, watter party die sterkste is, in Zoeloeland. Ook wou hulle weet watter kaptein, by 'n volkstemming, die meeste stemme op hom sou verenig. Op 27 November 1883, antwoord Sir Henry, dat die partye ewe sterk is en dat die Zoeloes nie hul kapteins kies nie. <sup>(32)</sup> Die besluitloosheid van sy hoofde, moes hom moedeloos gemaak het. Sy voorstel wou hul nie aanneem nie en tot 'n eie besluit kan hul nie geraak nie. Die toestand kon geen uitstel meer gedoog nie, dus stuur hy op 11 Desember die volgende kabelgram aan Derby: "Submitting for serious consideration that whatever may be the final decision as regards the future Govt. of Zululand, the removal of Cetywayo from the Reserve is an absolute necessity." <sup>(33)</sup> Ook hierdie noodoproep het g'n reaksie van Derby uitgelok nie.

Die Imperiale Regering het volgehou met hul beleid van afsydigheid. 'n Volle jaar later in November 1884, selfs na die verskyn-

(30) C 3864 p.236. (31) C 3864 p.225. (32) C 3864 p.225.

(33) C 3864 p.236.

ing van die Vrywilligers in Zoeloeland, het hul nog steeds voet-  
by -stuk gehou. Sir Henry kon dus nie help om te klae oor die  
situasie en sy hoofde se beleid nie. Hy het heeltemal verlore ge-  
voel, daarom skrywe hy aan Derby: "It is difficult for me in  
view of the decision of Her Majesty's Govt. not to interfere  
with the Zulu Country beyond the Reserve.....to express an  
opinion!" (34)

William Grant, die Natalse Verteenwoordiger van die "Aborigines  
Protection Society", was dus ten volle geregverdig om in 'n  
brief aan Mej. Colenso, op 26 Augustus te skrywe: "To look to, or  
expect help from England would have been nothing short of mad-  
ness." (35)

Engeland kon maar nie tot 'n definitiewe beslissing geraak  
nie. Vir maande het hul na 'n geskikte heerser gesoek. In die ge-  
heim het hul skynbaar gehoop dat die moeilikheid vanself sal op-  
klaar. Hul beleid van: laat dinge ontwikkel, het, in hierdie geval  
nie verbetering nie, maar verslegting meegebring, van 'n uiters  
verwaarloosde saak.

Op 22 Januarie 1884, het Usibebu, andermaal die gebied van die  
Usutus, die Cetewayogesindes, binnegeval en hul weereens uitme-  
kaar verdryf. Sy ideaal het nog 'n skrede gevorder. Kort voor  
lank sou hy heerser wees van Zoeloeland. Met die dood van Cete-  
wayo, kort hierna, op 8 Februarie, onder baie verdagte omstandig-  
hede, het Usibebu aan die Resident-Kommissaris laat weet, dat hy  
van plan is, om Cetewayo se grond by syne in te lyf. Sir Henry se  
"master mind" en "master hand in war", was dus goed op pad om sy  
aspirasies te verwesenlik. 'n Magsposisie, wat sy beskermheer hom  
so graag wou help om te bekom. In die geheim het Sir Henry hom  
seker al verheug oor die vordering wat sy gunsteling maak. Dit  
sou, volgens sy mening, ook die moeilikheid van 'n heerser in Zoe-  
loeland, oplos. Met Usibebu aan bewind van sake, was hy seker van  
die Zoeloes se medewerking, daarvoor sou die Britsgesinde hoof  
sorg. Dit het werklik gelyk of alles gaan regkom. Die Boere het  
egter 'n ander wending aan die saak gegee.

(34) C 4274 p 20. (35) C 4980 p 13. (36) C4037 p 33. (37) C 4037  
p.54. (38) C 4191 p.24.

Nog steeds moes die Zuid-Afrikaansche Republiek die terugslae van die onrus en onluste verduur. Die vegtende partye het met hul vee oor die grens gevlug, om hul daar in veiligheid te bring. Hier op die Republiek se grondgebied, het hul hul weer gereorganiseer, om die vyand die hoof te bied. Die onbewoonde gedeeltes van die Utrechtse distrik, was veral die toneel waar die botsings plaasgevind het. Verarm, as gevolg van die Eerste Vryheidsoorlog, was die Republiek nie in staat om 'n groot polisiemag op die grens aan te hou nie. Die paar natuurlike konstabels, wat die grens moes patrolleer, was ver te min om die toestand onder beheer te hou.

Komdt.-Genl. P.J. Joubert, moes hom weer na die grens haas. Op 15 September 1883, rapporteer hy, dat daar groot verwarring in Zoeloeland heers. Hy verwyt die Engelse dat dit hulle skuld is en dat die Boere dit van die Britse optrede in Zoeloeland verwag het. Die uitwerking van die reëling was presies wat hul gevrees het, dit sou wees.

Die Komdt.-Genl. sê van die reëlings en hul uitwerking die volgende in sy rapport: „Het was met de verwachting en het verlangen naar het einde van de gruwelen en moordtooneelen, die er onophoudelyk voorvielen, dat onze Regeering had aangedrongen by Hare Majesteit op het loslating en herstelling van den Zulu-koning Cethwayo. Die loslating is geschied, doch de koning werd niet weer hersteld in zyn Ryk, maar werd overgelaten aan kuipery en ondermyning en een ieder verstandig mensch kon zien, dat hy nooit bestand zou zyn tegen den voor hem bereiden val, waarvan de netten wel zeer fyn gespannen waren, en die dan ook niet missen kon onze verwachting voor de rust en vrede in Zululand te-<sup>(39)</sup>leur te stellen." Dit was ook die opvatting van die Regering te Pretoria. Fulle het daar geen geheim van gemaak nie. Hul Staatssekretaris E. Bok, het volgens opdrag, die rapport aan die Hoë Kommissaris gestuur en geklae dat die toestand hul baie las gee.

In sy rapport van Januarie 1884 het die Komdt.-Genl. sy aantyg-

(39) Groenboek 1884 p.74 ook C 3864 p.191.

ings herhaal. Hy skrywe in sy rapport dat die Engelse, Zoeloeland in 1879, na die oorlog, in verskillende klein staatjies en kapteinskappe verdeel het, „ dat was natuurlyk gedaan om de natie tegen zich zelf verdeeld te maken en te verswakken of elkander te doen uitroeien. Het gevolg van deze politieke handelwyze heeft niet lang op zich laten wachten.”<sup>(40)</sup> Die grondoorsaak van al die moeilikhede sien hy dus, in die verkeerde beleid wat ten opsigte van Zoeloeland gevolg is. Hy beweer verder: „dat indien de regeling van zaken in Zululand behoorlyk wordt gedaan, er spoedig een einde zou wezen aan het moorden en bloedvergieten; ten minste ik zie kans om, zoo my de opdracht werd gedaan, de zaken in Zululand te regelen, zoolang de koning Cethwayo nog leeft en alle bloedvergieten, in betrekkelyk zeer korten tyd, ja binnen 14 dagen vrede en een ordelyken toestand in Zululand daar te stellen. Ik ben zeker, dat ik hier niet te veel onderneem, wanneer ik zulks zeg, maar of daardoor het politiek oogmerk van Sir Garnet Wolseley, Shepstone en andren of van Jingo's zal uitgevoerd worden of zyn, dat mag ik my niet veroorloven te zeggen, maar er zal vrede en orde in Zululand wezen met minder bloedvergieten en geldverspilling dan thans het geval is.”<sup>(40)</sup>

Gebind deur die Pretoriase en Londense Konvensies, was die Zuid-Afrikaansche Republiek nie by magte om die opvatting van hul Komdt. Genl. in Zoeloeland uit te toets nie. Hulle kon niks doen, om die posisie te verlig nie. Hulle kon wel die voortvlugtende kaffers terugdryf en hul aandadig maak, aan die uitdelging van onskuldige naturelle vrouens en kinders. Al ander uitweg was, om te klae by die Hoë Kommissaris. Dit het hulle dan ook herhaaldelik gedoen.

Die Zoeloekapteins, onbewus van die terme van die Konvensies van 1881 en 1884, het gedurig hulp by die Boere kom soek. Soos Adolf Schiel, assistent van die Naturelle-Kommissaris Joachim Ferreira, vertel: „Wie gern hätten wir ihnen geholfen, hätten wir nur gekonnt und gedurft. Wie oft umfaszte nicht die Faust krampfhaft

-----  
 (40) Groenboek 1884 p.74 ook C 4037 p.14.

den Säbel und das Gewehr, wenn die Häuptlinge klagend zu uns kamen, um neue Überfälle zu melden, und in Stillen Resignation den Tod ihrer besten Krieger, den Verlust ihrer Frauen und Kinder und ihrer Herden beklagten!"<sup>(41)</sup>

Die Hoë Kommissaris se aandag is kort-kort op die toestand gevestig. Op 17 September 1883, skrywe Staatssekretaris Bok weer aan hom: "The Govt. fear that the condition of Zululand will bring trouble to this state and to Natal, whose interests they recognise as one in this matter, desire me to ask your Excellency, what course Her Majesty's Govt. would wish them to take. "Oham en Usibebu het Cetewayo verslaan. ...." forcing large numbers to enter the Transvaal, where they are reorganising for operations. They refuse to be disarmed."<sup>(42)</sup> Derby weier egter om die verantwoordelikheid van die toestand op sy regering se rekening te neem. Hy laat kortaf aan die Transvaal weet: "Her Majesty's Govt. cannot undertake to assume the duties necessarily, devolving upon the Transvaal State, as established under the Convention, of maintaining its boundaries and dealing with all persons who may come within them."<sup>(43)</sup> Tog het die ondervinding geleer, dat die Boere nie die reg en vryheid daartoe gehad het nie.

Waar die Engelse 'n onsimpatieke standpunt van totale onverskilligheid teenoor die Zoeloë ingeneem het, was die Boere, wat meer as bereid was om iets te doen, heeltemal magteloos om iets offisieel in hul voordeel te begin. In Zoeloceland was die toestand allertreurigs. William Grant beweer dat: "the necessities of life for the mass of people demanded an immediate settlement."<sup>(44)</sup>

C.F. Emmett, wat as lid van die Inspeksie-Kommissies van 1884 en 1885, die gebied deurkruis het, gee 'n goeie beskrywing van die hele toestand. Hy vertel: "The natives must have suffered extreme privations in these parts during the disturbances, they had only emerged from their hiding places after our entrance into the country, had now tilled small patches of garden and pending the ripening of their crops, lived on roots and wild fruits or the

(41) 25 Jahre S. und S in S.A." -- Schiel.

(42) C 3705 p. 15. (43) C 3616 p. 111. (44) C 4980 p. 12.

products of the chase. The children were pitiful objects with their abnormally large bellies and incredibly attenuated limbs, nor were the adults much better off, being sadly emaciated and empty looking.....They were in a state of semistarvation!"(45)

Die toestand het onmiddellike en daadwerklike optrede van 'n beskaafde ras geverf. Die Zoeloes was besig om hul eie ondergang te bewerkstellig. Dié wat nie deur 'n assegaai gedood is nie, was besig om te verhonger. Die Engelse, wie se bemoeiings aanspreeklik gehou moet word, vir die hele toestand, het dit alles maar oogluik end toegelaat.

- - - - -

(45) C.F.C. Emmett: " With the Inspection Commission in Zululand."

## DIE BOERE-VRYWILLIGERS IN ZOELOELAND.

Voor sy dood reeds, het Cetewayo hulp probeer kry van Boere in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Vanuit die Reserwe, waar hy hom moes skuilhou, en waar sy verblyf veral vir Sir Henry Bulwer 'n doring in die vlees was, het hy boodskappers na die, aan hom bekende Boere, op die Transvaalse grens, gestuur. Hierdie Boere het na die ontvangs van sy boodskap, by die huis van Conrad Meyer 'n geheime vergadering gehou, waar hul besluit het, om Cetewayo te help. Die erbarmlike toestand in Zoeloeland, het ongetwyfeld veel daartoe bygedra, dat die mense besluit het om in te gryp. Verseker van die feit, dat hul wel daartoe instaat was, om vrede en orde in die gebied te herstel en gedagtig aan die verlede, dat hul al in 'n sodanige doel geslaag het, soos in die geval van Dingaan, het hul hul verplig gevoel, as christene, om 'n end te maak aan die moordtonele. 'n Ander sterk oorweging wat hul tot so 'n handelwyse laat besluit het, was die gewoonte onder hulle, om elke winter na Zoeloeland te trek vir weiveld vir hul vee. As hul rus en orde kan herstel, sal hul staat nie alleen daarby baat nie, maar kan hul op die wyse grond bekom, wat as winterweiveld gebruik kan word. Dit was gewoonte onder kafferkapteins, om met grond te beloon vir bewese dienste.

Voordat die Boere egter iets kon doen, is Cetewayo dood. Hierdie wending het die Boere egter nie laat verander van voorneme nie. Umnyamana en Undabuko, getroue ondersteuners van Cetewayo, het gesorg dat die woorde deur hul sterwende koning geuit, die Boere se ore bereik. Cetewayo se laaste opdrag sou volgens sy raadsmanne gewees het: „Ik sterf nu maar leef egter in Dinizulu, zyne vaders en vrienden (Transvaalse Goewt) leven en zy zullen hem oppassen en het land herstellen.” Hierdie boodskap is deur Memessa 'n halfbroer van Umandien en aanvoerder van een van Cetewayo se impi's, persoonlik aan Conrad Meyer en Adolf Schiel, afgelewer.

(1) N.R., 30 ... 22 Jan. 1885.

(2) Memessa het Schiel goed geken, hulle het meer as een skermutseling saam beleef, saam gejag en saam geveg.

Hierdie handelwyse van Cetewayo en sy aanhangers, kan maklik verklaar word, waarom hul juis na die Boere gegaan het vir hulp. Die "Aborigines Protection Society" wys in 'n brief van 19 Junie 1884, Sir Henry daarop, dat, terwyl hulp vir Usibebu deur middel van advertensies in die Natalse koerante gewerf is, deur manne soos Colenbrander, die Usutus begrypklikerwyse, hulle na die Boere gewend het om hulp. <sup>(3)</sup> Daarby dien genoem te word, dat daar destyds verskeie Boere op die Transvaalse grens gewoon het wat goed bekend aan die Zoeloes was en hul vertrouwe geniet het. Daar was 'n J.C. Krogh, landdros van Wakkerstroom, wat baie maal die Zoeloes ontmoet het, om boodskappe van sy Regering af te lewer, of sake namens hul af te handel. Die Zoeloes het hom vertrou en meermale met hul klagtes na hom gekom. A.M. J. Laas was 'n man wat hier woonagtig was en baie onder hul betreeg het. Hy was hul taal besonder goed magtig en het dikwels as tolk en voorspraak vir hul opgetree. Conrad Meyer se vader is herhaaldelik deur die Transvaalse Regering na Panda en Cetewayo gestuur, sodat die seun Conrad as 't ware, onder hul grootgeword het. J.F. van Staden (Kootjie) was 'n veldkornet op die grens en moes as sodanig gedurig in kontak met die kaffers gekom het. Hy en D.C. Uys was reeds in 1843 saam met Kommissaris Cloete by Panda. <sup>(4)</sup> Later is hul weer met opdragte deur M.W. Pretorius na die Zoeloehoofde gestuur. D.C. Uys was dus nie net 'n bekende figuur onder die Boere op die grens nie, maar ook onder die Zoeloes. Verder was daar Lucas J. Meyer, landdros van Utrecht en later president van die gestigte staatjie, ook hy was goed bekend aan die kaffers. Dan moet ook Adolf Schiel genoem word. Hy het deur Zoeloeland na die Transvaal gekom. Hier het hy die betrekking van sekretaris en assistent van Joachim Ferreira, aanvaar. Hy was op die grens werksaam en het dus die Zoeloehoofde persoonlik geken. Hy is o.a. deur Komdt. Genl. P.J. Joubert met 'n sekere geleentheid na Cetewayo gestuur. Op hierdie reis het hy die jong kroonprins Dinizoeloe ontmoet, hom met 'n geweer, wat as geskenk aan hom gestuur is, leer skiet en 'n aantal dae saam met hom gaan jag. Cetewayo sou hom destyds gevra het om by hom te kom

bly en as sy sekretaris te ageer. Op sy terugreis het ook Oham hom gevra om by hom te bly as adviseur. Schiel het dan ook later werklik Dinizoeloe en die Zoeloenasie se sekretaris geword. (5)

Word by dit alles genoem, die verlossing van die Zoeloenasie uit die onderdrukking en dwinglandy van 'n Dingaan, die kroning van 'n Panda, onder wie se heerskappy die volk baie jare van rus en orde geniet het, dan is dit te verstane, waarom hul in die uur van hul diepste beproewing, hul na die Boere en nie na die Engelse gewend het nie. Onder Panda het hul voorspoed geniet en hy is deur die Boere gekroon. 'n Gebeurtenis waarvan 'n man soos Sir Th. Shepstone sê: „dat die emigrante, met die wysheid (sagacity) wat so baie van hul openbare handeling gekenmerk het, 'n noukeurige ondersoek ingestel het na Mpanda se posisie in die koninklike familie, na sy kwalifikasies en na al die dinge wat hulle as nodig beskou het, voor dat hulle hom geskik geag het om tot koning verklaar te word. Verder het hy verklaar dat die verbeterde toestande wat in Zoeloeland ingetree het, tot 'n groot mate toe te skrywe was aan die invloed van die Boere, en dat Mpanda 'n gevoel van dankbaarheid, gehegtheid en trou teenoor hulle gekoester het tot die dag van sy dood.” (6)

Die Zoeloes het dus nie net rede gehad, om die Boere te vrees nie, maar hul het veral 'n groot respek vir hierdie manne gekoester. Cetewayo het ook nie vergeet, dat dit die Boere was, wat die Engelse met die Eerste Vryheidsoorlog uit hul land weggehou het nie. In Engeland het hy die geleentheid gehad, tydens sy besoek daarheen, om die groot bevolking van hierdie eiland gade te slaan. Hy is om sy indrukke gevra en sy antwoord was, in die woorde van Schiel: „Wie stark müssen doch die Boeren sein, dasz die wenigen Männer dieses grosze Volk besiegt haben. Ich wollte, ich hätte so viele Boeren als die Engländer Menschen haben, dann gehörte mir die ganze Welt.” (7)

Manne soos John Dunn, Colenbrander e.a. se gedrag in Zoeloeland, het nie juis bygedra om die Zoeloes se agting vir die Engelse te

(6) Aangehaal deur Dr E.G. Jansen in: Die Huisgenoot ... 12 Des. '41

(5) en (7) Schiel: "23 Jahre S. und S. in S.A. p.56 en p.93.

laat styg nie. Die Zoeloe-oorlog van 1879 en die reëlings daarna, het veral die wantroue van die Zoeloes gaande gemaak en hul verbitter teen die Engelse. Om dinge te vererger, het Engelse soldate op bevel van Sir Garnet Wolseley, Panda se graf geskend. (8) Allerlei artikels is verwyder en sy stoel, waarop hy altyd gesit het, is in Pietermaritzburg vertoon. Die Zoeloes het dus skynbaar as volg geredeneer: Panda is deur die Boere gekroon, hy het in vrede gelewe en in vrede gesterwe. Cetewayo is deur die Engelse tot koning geroep, van hulle het hy niks as ellende en verdriet ontvang nie en uiteindelik as balling in sy eie land gesterf. (9)

Na die dood van Cetewayo, is J.F. van Staden (Kootjie) en C.F. Meyer (Conrad) in die begin van April 1884, gestuur na Nkandhla, waar Dinizoeloe hom skuilgehou het. 'n Gevaarlike onderneming soos Emmett vertel: "travelling with great circumsection through the heart of Zululand on horse back at no small personal risk-- for it must be remembered that hostilities had not ceased with Cetywayo's death, the country still swarmed with armed bandits -- on more than one occasion they were interfered with, but being unarmed and their object ostensibly a mere matter of 'private business' no actual harm was offered them. (10) Hul het daarin geslaag om Dinizoeloe op te spoor en hom nader aan die Transvaalse grens te bring. In die bosse langs die Pivaan het hul hom gelaat. Hulle het met die Oesoetoeleiers ooreengekom dat die Vrywilligers met grond beloon sal word, as hulle onderneem om Dinizoeloe se vyande te verslaan en hom die werklike erfgenaam maak van sy vader se tiervel. Usibebu en die ander Zoeloekapteins, buite die grense van die Reserwe, moes Dinizoeloe as koning van Zoeloeland erken.

Die Vrywilligers sou egter baie taktvol en versigtig te werk gaan, om 'n botsing met Engeland te vermy. Hulle was goed op hoogte van alles wat in Natal gebeur. Hulle het geweet dat Colenbrander geweers, perde en ammunisie, vir Usibebu uit Natal kry. Hulle het ook geweet, dat hierdie agent van Usibebu, vrywilligers deur middel van die openbare pers werf en gewerf het. Verder het hul

(8) C 4980 p.136. (9) Die Volkstem...27 Mei 1884.

(10) Die brosjure oor Vryheid ... p.4.

geweet, dat die Prokureur-Generaal van Natal magteloos is, om hierdie dinge te belet of te voorkom. Selfs Derby, het aan Sir Henry gevra, of die Wetgewende Raad van Natal, dan nie wetgewing kan indien, om die werwing van wrywilligers en die verskaffing van wares aan Zoeloos te belet nie. Die Boere het egter nog meer geweet, nl. dat die "Aborigines Protection Society" die kant van die Oesoetoos teen Usibebu en Sir Henry Bulwer, gekies het. Hul was hul ook bewus van die feit, dat hierdie vereniging groot invloed in Engeland gehad het. Hul sou dus trag om die medewerking van hierdie vereniging te bekom, dan was hul seker van die simpatie van 'n Engelse seksie. Hulle het dus besluit om die verteenwoordiger van die genootskap te gaan spreek. So het dit gekom dat hul vir William Grant op 4 Maart 1884 ontmoet het. (11)

Aan Grant is hul voornemens meegedeel, ook dat hul grond as vergoeding sou ontvang. Grant het hiermee ingestem en self later na Zoeloeland gegaan, waar hy gehelp het met die reëling van aangeleenthede. Na sy aankoms in Zoeloeland is Grant aangestel as Verteenwoordiger en Adviseur van die Zoeloenasie. In hierdie hoedanigheid, het hy die geskrewe ooreenkomste tussen die Zoeloos en die Boere onderteken.

Terwyl die Boere hulle voorberei, om in te gryp, kon Derby en Sir Henry maar nie tot 'n beslissing geraak i.v.m. die aanstelling van 'n heerser vir Zoeloeland nie. Sir Henry weier om Dinizoele te erken as wettige opvolger van sy vader, omdat hy minderjarig is. Hy moet beken dat hy in die grootste verleentheid verkeer. Dinizoele is wel 'n wettige kind van Cetewayo, dit het hy spesiaal laat vasstel, maar die jong vors sou dan nie in staat wees om hom teen Usibebu te handhaaf nie. Uit sy skrywe van 24 Maart 1884 aan Derby, blyk dit, dat hul nog nie 'n uitweg gevind het nie. Hy het wel voorstelle van sy eie gehad, waardeur hy vir Usibebu wou begunstig, maar Derby het g'n vertroue in die uitwerking van hierdie wenke gehad nie. Die oplossing wat Sir Henry sterk aanbeveel het, was die uitbreiding van die Reserwe tot aan die Swart Umvolosi en die aanstelling van Usibebu oor die res van Zoeloeland. Hy wou graag

(11) C 3864 p.103, 190, 276 en 291. (12) C 3913 p.7.  
 (13) C 4037 p.79.

sy „politieke ewewig,“ sy " master mind" en <sup>(14)</sup> "master hand in war", Usibebu, verhef sien. Terme soos hierdie, bewys dat Komdt.-Genl. P. J. Joubert heeltemal reg is, as hy beweer, dat die Engelse met hul beleid, opsetlik verdeeldheid saai onder die Zoeloes, sodat hul mekaar kan beveg.

Die Boere op die grens het ondertussen besluit om handelend op te tree. Georganiseerd as 'n kommando vrywilligers het hul die grens oorgesteek. Hulle was nie 'n groep vrybuiters nie, maar 'n goedgedissiplineerde mag, daartoe geregtig, omdat hulle deur een van die belanghebbende partye uitgenooi is. Aanvanklik was hul net 150 man, maar toe hulle die grens oorstreek, in die begin van Mei, tel hul reeds 300. Adolf Schiel is aangewys, om die Oesoetoes in die Zuid-Afrikaansche Republiek, bymekaar te maak en na Zoeloe-land te lei. 'n „Comité van Bestuur ter regeling van de zaken in Zululand" is gekies, bestaande uit, 'n voorsitter, 'n sekretaris, 'n tweede sekretaris, sewe ander lede en 'n adjudant.

Op 3 Mei 1884 vergader hul vir die eerste maal te Tintasdrift <sup>(15)</sup> aan die Umvolosi. Hier is besluit om kommissies te kies wat na die verskillende Zoeloe-kapteins moes gaan. Na Umnyamana, Undabuko en die Oesoetoes sou gaan: C.F. Meyer en J.F. van Staden. Na Oham en Usibebu: P. Fourie en J. Combrinck.

Die kommissies kry opdrag, om die volgende boodskap aan die kapteins mee te deel: Hulle is Vrywilligers wat gekom het, om die vrede te herstel; dan moes hul verder verduidelik, dat hul graag: „alle mogelyke bloedvergietingen en vyandelykheden" wil afweer en „een einde maken aan het onlusten die gedurende de laaste tyden hier in dit grondgebied heerschte." <sup>(16)</sup> C.F. Meyer en J.F. van Staden moes ook aan die Oesoetoes, 'n verdere versekering gee en die verduidelik n.l. dat die doel van hul koms was: „het gehele volk weer in een band van vrede te brengen en het koningryk weer te herstellen zoo als vroeger onder koning Umpanda!"

Die kommissies was gou terug en kon rapporteer dat Oham en Usibebu bereid is om Dinizoeloe te erken. Die Oesoetoes was ver-

(14) C 4191 p.70. (15) N.R.1. p.1 - 2. (16) N.R.1. p.2 e.v.

heug om die Boere in Zoeloeland te sien, omdat hul geweet het dat hul koms niks goeds vir die vyande van Dinizoeloe voorspel nie. Umnyamana het die kommissie versoek dat die laer nader aan sy kraal, te Ngomo, moes kom staan. Hy sou hom dan baie veiliger gevoel het. Op voorstel van P.R. Spies egter, gaan hulle eers na Tabankulu, om nader aan Dinizoeloe te wees net in geval van gebeurlikhede. Hulle moes voorsorg maatreëls tref, want hul het Oham en veral Usibebu nie vertrou nie. Die antwoord wat die kommissie van hierdie kaptein ontvang het, was bedoel om tyd te win.

'n Tweede kommissie bestaande uit: J.F. van Staden, C.F. Meyer, P. Fourie, Th. Steenkamp, A.H.J. Laas en J. Combrinck is hierop gestuur na Umnyamana en die Oesoetoës. Hulle moes die antwoorde van Oham en Usibebu aan die volgelinge van Dinizoeloe gaan mededeel en somer onderhandel i.v.m. die beloning. Nóg hierdie, nóg die vorige kommissie, rep 'n woord oor die hoeveelheid grond wat as vergoeding afgestaan sou word. Grond sou as betaling gegee word, maar die hoeveelheid is nie skriftelik bepaal nie. Hulle het egter tot 'n definitiewe ooreenkoms geraak. Op 14 Mei is die: „Traktaat van ooreenkoms tussen die Comité en die Zoeloekapteins" aan die laer voorgelees en trek hulle na Ngomorand, naby Umnyamana se kraal. Hierdie ooreenkoms is eers na die kroning van Dinizoeloe op 23 Mei, officieel onderteken en bekend gemaak. Die grootte van die grondgebied word nie hierin bepaal nie. Waaraan het hulle dan gedink?

Die Vrywilligers wou op hierdie stuk grond, 'n onafhanklike en selfstandige Boerestaats stig. Hulle het bepaald nie aan 'n paar veeplase gedink, wat as winterweiveld gebruik kan word nie. Hulle wou in die gebied woon, om die orde in die toekoms te handhaaf. Wat die Oesoetoës presies gedink het, is nie duidelik nie. Hulle het egter toegestem tot die afstand van 'n stuk grondgebied aan die Zuid-Afrikaansche Republiek „zoo groot als bovengenoemde officieren en bestierders der Boeren voor noodig beschouwen ten oprichten eener eigene onafhankelyke zelfstandige 'boerenregering." (18)

(17) N.R. 1. p. 3. (18) N.R. 34 Book C 4645 p. 33. Die offisiere en „bestierders" van wie hier gepraat word, is die tweede kommissie wat moes gaan onderhandel het i.v.m. die grond.

Ondertussen het steeds meer en meer Vrywilligers, hul by die laer gevoeg. Op 16 Mei is die saak bespreek, maar omdat hul vyandelikhede gevrees het, is besluit om nog meer mense aan te neem. Ook is besluit om Dinizoeloe op 19 Mei te kroon. Oham en Usibebu is hiervan in kennis gestel, sodat hul die kroning kon bywoon en hul onderhorigheid betuig. Dit blyk toe, dat Dinizoeloe nie op tyd daar sal wees nie. Die datum is daarop verskuif na 21 Mei.

Die kwessie van die aantal Vrywilligers het nou veral die aandag van die laer geniet. Op 21 Mei neem hulle die volgende besluit „Dat de aanname van meer Vrywilligers na heden ~~gesluit~~ of ge-  
worde. Dat alle Vrywilligers tot heden aangenomen als zulks  
(19)  
zullen deelen volgens nog te maken regelen en wetten. Die Comité het hulle egter nie aan hierdie besluit gehou nie. Die registers, wat op 3 Mei geopen is, vir die behoorlike registrasie van alle vrywilligers, was nog steeds oop. Op 10 Junie stuur L.J. Meyer 'n brief aan die Comité, waarin hy vra dat die aanname van meer vrywilligers gestaak moet word. Op 13 Junie stel L.J. Meyer en Th.  
(20)  
Steenkamp voor dat die registers gesluit word. Hierdie voorstel is aangeneem, maar die besluit is tog nie gehandhaaf nie. Op 3 Julie is die saak weer bespreek en hier is die besluit geneem om die getal vrywilligers te vermeerder tot 800, sommige was selfs ten gunste van 1000 man.  
(21)  
Dis die eerste maal dat die laer aan 'n sekere getal manne gedink het.

Waarom het die Comité nie by hul besluite van, eers 21 Mei en later 13 Junie, gebly nie? Omdat dit al heel gou geblyk het, dat Usibebu nie van plan was, om sy beloftes na te kom nie. Die Comité het vyandelikhede gevrees en hul moes hul voorberei. Later het die Oesoetoos ook wraaksugtige neigings begin toon. Nie alleen wou hul Oham en Usibebu „opvreet“ nie, maar hulle wou ook die Engelse uit die Reserwe verdryf en hulself weer baas maak van die hele Zoeloeland. As die Vrywilligers dus 'n Boereregering tot stand wou bring wat die orde moes handhaaf, moes hul sorg vir genoeg manne in daardie staat.

(21) en (19) N.R.l. p.3. (20) N.R.l.p.4. Lucas J. Meyer wat so 'n leidende rol onder die Vrywilligers gespeel het, het op 2 Mei bedank as landdros van Utrecht...vgl. Joub. Kol. .A/1--9 no.257. Op 20 Mei was hy reeds by die laer, en kort daarna ageer hy as komdt.

Op 3 Julie is die reëls vir die Vrywilligers aan die laer voorgelê deur die sekretaris van die Comité n.l.C.Birkenstock. Hierdie reëls kan as die vereiste kwalifikasies beskou word:

- (i) Ieder Vrywilliger moet een Zuid-Afrikaansche boer, een blanke persoon en de ouderdom van 16 tot 60 Jaren bereikt hebben.
- (ii) Geen persoon die een invalid of anderzins ondienlyk is voor krygsdienst kan aangenomen worden als Vrywilliger.
- (iii) Ieder Vrywilliger moet in bezit zyn van een goede geweer, paard, sadel en toom en minstens 500 patroonen of ammunitie voor 500 schoten.
- (iv) Geen persoon kan aangenomen worden als Vrywilliger tenzy hy persoonlyk voor de officieren in het Leger verschyn om zyn naam op te geven en aan de besluiten hierin vervat voldoen.
- (v) Ieder Vrywilliger zal verplicht zyn zich zelf te voorzien met alle benodigheden van levensbestaan.
- (vi) Ieder Vrywilliger moet ten alle tyden gereed zyn wanneer opgeroepen voor krygsdienst en moet alle orders of bevelen van de boven hen gestelde officieren eerbiedigen en gehoorzamen.
- (vii) Ieder Vrywilliger die zich schuldig maakt aan wangedrag, ongehoorzaamheid, of verzet tegen deze besluiten zal onderhevig zyn aan eene geldboete van voor het eerste overtreding 5/- tot £5." <sup>(22)</sup>

Die volk is die hoogste gesag, enige besluit het eers krag van wet as die laer dit goedgekeur het. Aan hierdie gewoonte het die Boere in Zoeloeland getrou gebly. Uit die reëls blyk, dat hul veral weerbare manne wou gehad het. Ook, dat hul 'n gedissiplineerde groep manne was. Tug en orde is streng gehandhaaf, eers onder hulself en dan onder die Zoeloes.

Hier te Ngomorand, later genoem "Zalflager", het Dinizoeloe op 21 Mei 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy te kenne gegee het, dat hy alle pligte, regte en besittings, as koning van Zoeloeland en wettige opvolger van Cetewayo oorneem. Verder maak hy bekend dat: „ik aan allen die tot op dezen dag de wapenen tegen myn vader Cetewayo of myzelven hebben opgenomen, kwytshelding van de-

ze misdaad zal laten toekomen." Die Vrywilligers wou dus op vreedsame wyse die moeilikhede uit die weg ruim en veral was dit hul doel, om verdere en onnodige bloedvergieting te voorkom. Dinizoe loe eis verder, dat al die meide, kinders en vee, wat gedurende die laaste vyandelikhede weggevoer is, terug besorg moet word en verklaar dan ten slotte: „ik waarborg hierby, dat het myne leuze zal zyn over het gehele Zululand de vrede te herstellen en te bewaren en dat ik myne magt zal uitoefenen over diegenen die zich tegen wet en orde verzet<sup>(23)</sup>ten."

Die Vrywilligers het met hierdie reëling teruggegaan na die stelsel in swang in Zoeloeland voor 1879. Dinizoe loe is weer in die posisie waarin sy vader was, voor die Wolseley-reëling. Hy is koning oor die hele Zoeloeland, buite die grense van die Reserwe. Daar is nou weer 'n sentrale gesag waaraan al die Zoeloes hul moet onderwerp. Usibebu word nou 'n kaptein onder die oppertoesig van Dinizoe loe. Die volk vorm weer 'n eenheid. Al die grond behoort aan die koning. Daar is dus nie grense waaroor die volk onderling mekaar kan beveg nie. Alle geskille sou deur die koning uitgewys word. Hy weer, het onder die Vrywilligers gestaan en moes strydpunte voor hulle lê.

Na die uitvaardiging van hierdie proklamasie, is Dinizoe loe deur die Vrywilligers, in teenwoordigheid van 'n groot aantal van sy volk, kapteins en volgelingen, uitgeroep as koning. Eers daarna, het hulle hom gevra, om die skriftelike ooreenkoms te onderteken. Hier in verbind die Vrywilligers hulle om „vrede, wet en orde in het grondgebied der Zulunatie te herstellen.... . om daartoe alle hunne krachten in te spannen en zooveel mannen, zoowel wit-ten als zwarten op te roepen als hun mogelyk is en als zy voor noodig beschouwen!" Dinizoe loe van sy kant, verbind hom met toestemming van sy indoena's en kapteins, om aan die Transvaalse grens, 'n stuk grond af te staan, so groot as hul mag nodig ag, vir die oprigting van 'n eie, onafhanklike en selfstandige staat. Hier sou hulle baas wees...„ en zullen zy, de boeren, gemagtigd wezen, om binnen dat gedeelte van Zululand als door hen bewoond,

(23) N.R.30. ook C 4214 p.6.

hun eigen staatsbestier en hunne eigen wetten te hebben en daar te stellen, zonder de allerminste bemoeien van myne zyde of van de Zulunatie." <sup>(24)</sup> Hierdie ooreenkoms is eers op 23 Mei onderteken en offisieel bekend gemaak.

Die ooreenkoms is nie baie duidelik wat die grootte van die grondgebied, betref nie. Dit is egter duidelik dat die Vrywilligers 'n staat wou stig, wat sterk genoeg sou wees om die toestand te beheer. Dat hulle 'n afsonderlike staat beoog het, spreek ook uit 'n ander gedeelte van die traktaat wat bepaal: „myn volk en onderdanen die binnen zulke grond mogen wonen zullen naar andere streken van Zululand moeten trekken." <sup>(24)</sup> Die gebied moes dus afgesonderd word vir die uitsluitlike gebruik van die Vrywilligers.

Aan die kommissie wat hom kom spreek het, het Usibebu gesê, dat hy Dinizoeloe erken as koning van die Zoeloenasie. Hy besit nie grond nie, alles waar hy op woon, behoort aan Dinizoeloe. Heel gou voeg hy by, dat hy nie die moeilikhede veroorsaak het nie. Hy sou hom dan net verdedig het. Hy vra ook wanneer dit vir hom veilig sal wees, om op die Oesoetoese gebied te verskyn, daar hy graag <sup>(25)</sup> die Comité wil kom spreek. Al hierdie vroom praatjies was bedoel, om die Vrywilligers te mislei. Alhoewel hy geweet het, van Dinizoeloe se kroning, het nóg hy, nóg een van sy kapteins, daar verskyn, om hul onderhorigheid te betuig. Deur sy afwesigheid wou hy tekenne gee, dat hy Dinizoeloe nie erken nie. Die Oesoetoese het hieroor gebelgd gevoel. Hulle het altyd sy verdrywing begeer, nou egter was hulle eers van voorneme om hom gedug te straf. Hulle het die Vrywilligers dadelik begin aanhits om aanvallend op te tree.

Die toestand het besonder gespanne geraak. Die Vrywilligers moes baie versigtig en taktvol te werk gaan. Hulle wou graag die moeilikhede op vreedsame wyse oplos. Die Zoeloes was egter besig om dinge te bemoeilik. Nie alleen het Usibebu hul planne probeer dwarsboom nie, maar die Oesoetoese het self baie lastig begin word. Op 17 Mei reeds, verskyn Mkosana, 'n boodskapper van Undabuko, voor die Comité. Hy is deur Undabuko gestuur met die berig dat hul deur Malmati, (Osborn), uit die Reserwe gedryf is. Onderweg is hul deur

(24) F.R. 34 ook C 3645 p.33. (25) N.R. P.p. 4.

die berugte Hlubi, 'n Basoetokaptein, oorval. Hierdie aartskelm en knoeier, het van die verwarring, wat in Zoeloeland geheers het, gebruik gemaak om voordeel te trek. Hy het invalle georganiseer en strooptogte onderneem, om nog groter verwarring en chaos te skep. Dabulamanzi het ook opstandig begin word en wou met geweld die Reserwe binneval. Sedert hierdie kaptein van die koms van die Vrywilligers gehoor het, het hy gemeen, dat die tyd nou aangebreek het, dat sy volk wat in die Reserwe gewoon het, nou weer onder sy direkte bestuur gaan kom. Ook Undabuko se volk wat hier woonagtig was, het nou begin weier om die verpligte hutbelasting aan Osborn te betaal. Daarom is hul verdryf. Hier moes die Vrywilligers, rus en orde skep.

Usibebu het dadelik, nadat hy gehoor het van die koms van die Boere, begin reëlings tref om weerstand te kan bied. Aan Osborn en Dunn het hy geskrywe en om hulp aangeklop. Op 19 Mei was selfs Sir Henry Bulwer al in besit van 'n brief van hom, waarin hy om beskerming vra, teen die Boere. 'n Volgende brief van hom is op 19 Mei onderskep deur die Boere. Hieruit was dit vir hulle duidelik dat Usibebu nie van plan is, om sy belofte aan hulle na te kom nie. Hulle het dus verwag, dat hy nie met die kroning sou opdaag nie.

Usibebu se houding het veral hul aandag geniet. Hul het geweet dat Sir Henry baie belang in hom stel, daarom wou hul graag 'n botsing vermy, indien enigsins moontlik. Hul het gevolglik hul bes gedoen om die Oesoetoes terug te hou, maar toe van sy volk op 29 Mei, vier mans en een vrou van die Oesoetoes, op die grondgebied van l.g. vernoor, wou die Oesoetoes van geen uitstel weet nie. Hulle eis die verdrywing van die vyande van Cetewayo. Hulle dreig dat hul die Vrywilligers nie sal betaal nie, hulle moet eers vir Usibebu straf vir sy wandade. Omdat Usibebu sy woord gebreek en geweier het om die geroofde vrouens, kinders en vee uit te lewer, soos bepaal in Dinizoeloe se proklamasie, het die Comité besluit om hom tot verantwoording te roep. In die eerste week van Junie het Komdt. L.J. Meyer, met 'n honderdtal Boere en sowat

7000 Oesoetoës uitgetrek, om Usibebu te straf.

(29)

Usibebu, Colenbrander en sy vrywilligers uit Natal, het dit raadsaam geag, om sy hoofstat, Bangonoma, aan die brand te steek en terug te val na die Ubombovlaktes. Meyer het hom onmiddellik daarheen agtervolg. Hier op die oewers van die Unkusirivier, het Usibebu sy agtervolgers ingewag. Hy het sy stellings strategies so goed gekies, dat Sir Henry wel gelyk gehad het, toe hy van hom gepraat het, as "a master hand in war!" Op die regteroewer van die rivier het hy sy magte verdeel en versteek en so sy vyande ingewag. Hy het veral staat gemaak op die verrassing, wat hy sy agtervolgers sou besorg. Sy lokval het egter misluk, grootliks, omdat sy soldate te haastig was. Die hoofmag het te gou storigeloop, sodat hul nie daarin geslaag het, om Meyer se hoofmag teen die rivier vas te keer nie. Komdt. Meyer het so 'n valstrik verwag, daarom het hy aan weerskante van sy hoofmag, kleiner patrollies laat aanruk. Hierdie aantog het die vyand verplig om gouer te voorskyn te kom, as wat eintlik hul plan was, want hul sou ontdek word. Na 'n kort, maar hewige geveg, het Usibebu se impi's op die vlug geslaan. Die Oesoetoës, wat by die eerste aanhoor van die oorlogskreet van die vyand, op die vlug wou slaan, maar voorgekeer is deur die Vrywilligers, het nou die agtervolging van die vyand op hulle geneem. 'n Geleentheid, waarop hul al baie lank gewag het, en wat so heel anders kon verloop het, as die Vrywilligers nie by was, om die deurslag te gee nie. Die vyand is uitmekaar geja. Op sy beurt, moes Usibebu nou na die Reserwe vlug vir veiligheid.

Usibebu het vanuit die Reserwe pogings aangewend, om hulp te kry van die Engelse. Eers het hy by Osborn probeer, later het hy direk aan Sir Henry geskrywe. Hy het hulle verwyte, dat hy teen sy eie nasie vir die Engelse geveg het, en nou, dat hy deur die Vrywilligers verdryf is, weier hulle om hom te help. (30)

Die Vrywilligers, en veel minder, Sir Henry Bulwer, het nie verwag dat die Imperiale Regering Usibebu in die steek sou laat nie. Die blaam dat Haar Majesteit se Regering dit gedoen het, kan nie op Sir Henry geleë word nie. Hy het sy uiterste bes gedoen om hulp

vir sy gunsteling te verkry en om Haar Majesteit se Regering te beweeg om die Boere na die Zuid-Afrikaansche Republiek te laat terugstuur. Op 5 Mei, laat weet hy aan die Hoë Kommissaris, dat mense uit die Transvaal oor die grens, Zoeloeland intrek. Kort hierna, stuur hy nog 'n telegram en op 12 Mei, 'n derde, n.l. dat 400  
(31)  
Boere in Zoeloeland is.

Sir Henry het dit nie net by telegramme aan die Hoë Kommissaris gelaat nie. Hy het persoonlik aan Derby geskrywe. Hy het dit veral gedoen, omdat hy hulp vir Usibebu wou gehad het. Hy was al op 19 Mei in besit van 'n brief van hierdie hoof. Usibebu moes direk na die besoek van die kommissie aan hom, aan Sir Henry geskrywe het, om hulp van die Engelse te kry. Aan Derby skrywe Sir Henry: "It is impossible to read this letter without a feeling of the most painful regret for the position in which that chief (Usibebu) is placed by the action of the Boers!" Dit, en die feit, dat daar in die tyd, advertensies in die Natalse koerante verskyn het, waarin om vrywilligers vir Usibebu gevra is, bewys dat die Zoeloe-kaptein nie van plan was, om Dinizoeloe te erken nie. Sy antwoord aan die kommissie, wat hom kom spreek het, was dus 'n opsetlike leuen.

Herhaaldelik in al sy rapporte oor die gebeure in Zoeloeland, het Sir Henry aangedring op hulp vir Usibebu. Die enigste uitwerking wat dit egter gehad het, was dat 'n troepemag onder Genl. Smyth, van die Kaap na die Reserwe gestuur is, om die grens te bewaak. Dabulamanzie se houding het so 'n stap veral wenslik gemaak. Die Koloniale Kantoer was net bekommerd oor die veiligheid van Natal en die Reserwe. Wat daar in Zoeloeland gebeur, het hul oogluikend geduld. Die toestand daar, het hul al hoofbrenks gegee vir 'n hele aantal jare en as daar nou 'n einde aan gaan kom, is dit welkom, al geskied dit dan ook deur bemiddeling van die Boere.

Derby het hom verplig gevoel, om 'n einde te maak aan Sir Henry se agitatie om hulp vir Usibebu. Op 19 Augustus 1884 stuur hy 'n "despatch" aan Sir Henry, wat van besondere belang is, omdat dit nie alleen Haar Majesteit se Regering se houding goed weergee

wat Usibebu betref nie, maar ook hul beleid t.o. v. die Vrywilligers en die hele toestand in Zoeloeland. vertolk. Hy skrywe: "In the communications which Usibebu has addressed to this Govt, he assumes the attitude of an ally from whom aid, to which he is justly entitled, has been withheld; and there appears to be an impression in other quarters that there is ground for this view, and that assistance has been withheld from Usibebu merely from the desire to avoid the loss of life and expence which might result from the employment of a British force in his support. This is, however, not the view of Her Majesty's Govt. They do not consider that they have denied to Usibebu any assistance to which he was entitled. If they had been under an obligation to aid him, such aid would not have been withheld on the ground of its inconvenience or risk. Usibebu was saam met twaalf ander gekies en aangestel in Zoeloeland. Die Imperiale Regering het destyds nie onderneem om die vrede te waarborg, of die een hoof teen 'n ander te beskerm nie. In 1832 is besluit om Cetewayo te herstel, Usibebu het toe geweier om onder hom te staan. Hy het sy sin gekry, maar weer is aan hom geen waarborg gegee, dat sy onafhanklikheid gehandhaaf sal word, deur die Engelse nie. Sy verhouding tot Cetewayo, sou tot 'n groot mate bepaal word, deur sy gedrag. Vervolgens behandel hy kortliks die verloop van gebeurtenisse gedurende 1833. Botsings het plaasgevind. Ohan, wat Cetewayo vyandiggesind was, het saangespan met Usibebu. Cetewayo is verslaan en verdryf na die Reserve. Vroeg in 1834, is die vyandelikhede hervat. Usibebu het te kenne gegee dat hy Cetewayo se grondgebied by sy eie wil inlyf. Vrouens is gedood, die land verwoes en vee weggevoer deur Usibebu en veral ook deur Ohan. Tot dusver was Usibebu nog steeds suksesvol. Osborn en Sir Henry het probeer om die orde en vrede te herstel. Hul pogings dra die goedkeuring en dank van die Regering weg. Maar, "beyond those earnest endeavours to bring about peace beyond the Reserve, and the maintenance of the integrity of the Reserve itself as a place of refuge for either party without distinction, Her Majesty's Govt. do not perceive that it would have been right for them to intervene."

(35)

vene.

The condition of Zululand since 1879 has been one of chronic war, carried on by barbarous reprisals, and opinion is hopelessly divided as to the degree of blame to be assigned to each chief or party. Usibebu at least has often acted on his own responsibility; his recent defeat was the consequence of his victory of 1883, and his ambitious projects of the present year, and Her Majesty's Govt. has not entered into any engagement to aid or defend him. All, therefore, that he is entitled to, is an asylum in the Reserve, and it cannot be too clearly understood that his position of safety there must not be abused, and if he or others should attempt to make it a focus for intrigues or plans of future retaliation, such attempts must be checked, if necessary, by removing them from the Reserve." (34)

Dit was dan ook die end van Usibebu. Het 'n geheime sitting van die Volksraad van die Nieuwe Republiek, op 13 September 1884, het hulle 'n brief van W. Grant behandel, waarin hy voorstel, dat met die hulp van 50 tot 60 burgers, Usibebu in die Reserwe gevang kan word. Die Volksraad het dit egter raadsaam geag om, so iets nie te onderneem nie. Hul Staatssékretaris D. J. Esselen, kry toe opdrag om by Sir Henry te klae dat Usibebu hulle las gee vanuit die Reserwe. Sir Henry het hom daarop gewaarsku, waarna hy heeltemaal van die toneel verdwyn het. (35)

Na die verdrywing van Usibebu, was die Oesoetoës so oormoedig, dat hulle met alle geweld vir Oham ook wou straf. Hulle het selfs gedreig om die Reserwe ook aan te val, maar die tussenkoms van die Vrywilligers het dit verhoed. Schiel het Dabulamanzi beweeg om die mag waarmee hy die Reserwe bedreig het, huistoe te stuur. Die grens van die Reserwe is gepatrolleer en 'n sterk wag is by Oham geplaas. Die Oesoetoës kon Oham sy verraad maar nie vergewe nie. Hulle het gedurig sy verdrywing begeer en die Vrywilligers later verwyf, dat hulle hul nie op hom mag wreek het nie. Dit sou hul later as 'n beskuldiging teen die Boere gebruik, dat hul n.l. hierdie opdrag, wat hul onderneem het, nie uitgevoer het nie. Oham moes "opgevrete" word. Die Vrywilligers het egter gekom om die vrede (36)

(34) C 4191 p.138. (35) N.R. 111. p.6.

(36) Schiel: "23 Jahre S. und S. in S.A. p.142.

in Zoeloeland te herstel, en nie om weerwraakmaatreëls toe te pas nie. Oham het dan ook hul beskerming geniet tot sy dood.

In April 1885, het Komdt. Genl. P.J. Joubert, wat toe in die Nieuwe Republiek was, en graag wou help met die oplossing van die kaffermoedlikhede, aan die Volksraad te Vryheid, voorgestel, dat Oham na die Transvaal moet oorgeplaas word, aangesien die grootste gedeelte van sy volk tog daar woonagtig was. Daar sou hy dan uit die pad van die Oesoetoos wees. Met hul Junie-sitting het die Volksraad van die Nieuwe Republiek so 'n stap goedgekeur. Die Zuid-Afrikaanse Republiek was, op aanbeveling van hul Komdt.-Genl. heeltemal bereid om hom te plaas. Op 30 Mei het die Naturelle-Kommissaris vir daardie streek, J. Ferreira, opdrag van sy Regering gekry, om vir Oham grond aan te wys op die Transvaalse kant van die grens. In September het Ferreira, persoonlik na Vryheid gegaan om reëlins te gaan tref vir sy verskuiwing. Oham het egter nooit 'n onderdaan van die Transvaal geword nie. Die Nieuwe Republiek het hom beskerm tot sy dood toe. Op 28 Julie 1886, het die Volksraad besluit om die plaas van Jan Koolman aan hom te gee in ruil vir 'n ander gedeelte. 'n Jaar later, op 7 Junie 1887, rapporteer hul Komdt.-Genl. J.C. Pretorius, dat Oham dood is en dat sy seun Kambi in sy plek hom opvolg.

Deur persoonlike en daadwerklike belangstelling in die Zoeloesiasie, het die Vrywilligers, daarin geslaag, om binne 'n korte tydjie, die rus en orde in Zoeloeland te herstel. Hiermee het hulle die bewys gelewer, dat Genl. P.J. Joubert, nie te groot gepraat het nie, toe hy beweer het, dat hy binne veertien dae in staat sal wees, om 'n end te maak aan die ordelose toestand onder die Zoeloes, wat nou al soveel jare 'n broeines van onheil was onder die Engelse. Selfs Sir Henry moes dit erken. Die troepe onder Genl. Smyth kon al in Oktober 1884 teruggetrek word. Op 8 Desember 1884 laat weet Sir Henry o.a. aan Derby dat: "...those at the head of affairs in the New Republic are taking steps to prevent any violation of the Reserve by Natives under their protection." Waarop Derby op 31 Desember 1884, ook sy tevredenheid uitspreek, dat die toestand so verbeter het.

(37) N.R. 3 p 6. (38) N.R. Schiel p 142. (39) N.R. 4 p 166. (40) R 2176/85  
(41) N.R. 60 p 806. (42) N.R. 10 p 205. (43) Prel. Kol. p 161. (Ook G4274 p 36.)

## HOOFSTUK 111.

## STIGTING VAN DIE STAATJIE: DIE NIEUWE REPUBLIEK.

Na die verdrywing van Usibebu, het die kwessie van beloning baie aktueel geword. 'n Definitiewe verstandhouding van die juiste grootte van die grondgebied, het skynbaar nie bestaan nie. Die Oesoetoos het grond belowe as vergoeding, as die Vrywilligers die vyande van Dinizoeloe straf, maar hulle het nie gesê hoeveel nie. Die ooreenkoms praat net van 'n streek, waarop die Vrywilligers 'n eie onafhanklike staat sou stig. Waarom is die oppervlakte van die af te stane gebied, nie bepaal nie? Die antwoord op hierdie vraag moet gesoek word in die toestand in Zoeloeland en die houding van die Boere en van die Engelse t.o.w. hierdie toestande.

Die Boere, wat eerste oor die grens getrek het, het veral gedink aan die herstel van orde en vrede. Die staat wat hul beoog het, was alleen bedoel om gesag te kan uitoefen. Hulle het die handhawing van wet en orde, wat onontbeerlik is vir rus en vrede, beoog. Hul het selfs 'n voorstel oorweeg, om net 'n komitee in die lewe te roep wat moes sorg vir die orde en vrede in Zoeloeland. Maar hul dan aan die stigting van 'n staat gedink het, was die motief en doel, die daarstelling van 'n regering, of van 'n sentrale gesag, wat die voogdyskap oor die Zoeloes op hom kon neem. Beklee met hierdie gesag, kon die Boere dan die voortsetting van vyandelykhede verbied of voorkom.

Hierdie Boere op die grens, het persoonlike ondervinding gehad van die gedurige onderlinge stryd, wat nou al 'n paar jaar voortduur. Hulle het die verwoesting gesien wat rowerbendes veroorsaak het. Hulle het as veeboere in die onmiddellike nabyheid, self die terugslae ondervind, wat so 'n toestand meebring. Dit is dus te begrype, dat toe Cetewayo se geroep om hulp hul bereik, hul nie anders daarop kon reageer nie. Hulle het immers geweet aan watter oorsake die toestand gewyt moet word, daarom het hul ook geweet wat die toestand kan red en 'n blywende vrede kan verseker. 'n Sentrale gesag in Zoeloeland was dus noodsaaklik, die grootte van die staat se grondgebied was egter van minder belang, aanvanklik.

Daar was egter ook 'n ander rede waarom die Vrywilligers aanvanklik so huiwerig was om die grootte van die grondgebied te laat bepaal. Hulle was bang dat Engeland, hul inmenging in Zoeloland, nie sou duld nie. Genl. P. J. Joubert het hul ook kort-kort gewaarsku dat Haar Majesteit se Regering dit nie sou toelaat nie. Genl. Joubert het besonder veel belang in die onderneming gestel en was feitlik weekliks, in verbinding met die leiers van die Vrywilligers, of so nie, met die amptenare van die Zuid-Afrikaansche Republiek op die grens. Byna elke week het hy aan J. C. Krogh, landdros van Wakkerstroom en ook aan L. J. Meyer, geskrywe. Aan Krogh laat weet hy, dat hy: „veel vrees gevoeld dat de zaak van Zululand nog groot opzien en Engeland zal baren. . . . en wie weet wat er nog uit zal voorkömen ik vrees voor groot verwikkelingen daarom moet wy ons zoo veel mogelyk Ik zegt geheel buiten de (1) zaak houden.“ Aan Meyer skrywe hy op 2 Julie 1884, dat hy gevaar vrees. Engeland sal nie genoeg neem met hul optrede nie. Die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek sal niks kan doen om hul te help nie, indien Engeland sou besluit om in te gryp. Die mense uit Natal sal as rebelle beskou word, diegenes wat na die Republieke vlug, sal opgeëis word. (2) Hy maan dus tot versigtigheid. Hul moet sover moontlik 'n botsing met die Engelse vermy.

Hierdie briewe van Genl. Joubert, moes die Vrywilligers ongetwyfeld, tot nog groter versigtigheid aangespoor het. Genl. Joubert het destyds ageer as Waarnemende President in die Zuid-Afrikaansche Republiek, sodat sy versigtige houding, maklik verklaarbaar is. Niks moes gebeur, wat die deputasie na Engeland se werk kon verongeluk nie, daarom moes hul uit enige moontlike geskilbly. Die onafhanklikheid van sy eie staat het voorrang geniet by hom. Amptenare van die Zuid-Afrikaansche Republiek, moes hulle dus stil gedra. Wat die Vrywilligers betref, maan die ou Generaal tot versigtigheid, hy het hul dit nie verbied nie. As burgers van die Republiek mag hul dit nie doen nie, maar wel as individuele manne, in hul eie kapasiteit as 'n groep Vrywilligers. Hy het hul doel en motiewe verstaan. Hy was uit die dele afkomstig en goed

(1) Joub. Kol. U/S no 296. (2) Joub. Kol. U/S no 330.

op hoogte van Zoeloe-aangeleenthede.

Dat die vrees vir die Engelse, vry algemeen was, spreek ook uit 'n brief van J.C. Krogh aan Genl. Joubert op 7 Augustus 1884. Hy was na Zoeloeland, met toestemming van sy Regering en op uitnodiging van die Comité. Hy skryf i.v.m. die oprigting van 'n regering deur die Vrywilligers: „Ik heb myne uiterste pogingen aangewend om het Comité te bewegen om met oprigting van zoodanig Gouwt. vooreerst te wachten, maar tot myne leedwezen moet ik zeggen dat daar niets aan te doen was - myne redenen waren deze:

- (i) De menschen hebben Dinizoeloe gekroond over geheel Zoeloeland.
- (ii) Hy (Dinizoeloe) heeft het geheele land als de zyne geproklameerd.
- (iii) Er is nog geen lyn bepaald overeenkomstig het gemaakte kontrak.
- (iv) Myns inziens zou het onraadzaam zyn om eene Regeering op te rigten op het grondgebied van den koning van Zululand. En nog veel andere redenen heb ik ingebracht - maar niets hielp - toen ik dat zag heb ik getracht om hen te bewegen om liever in plaats van eene Regeering een Volks Comité daar te stellen tot tyd en wyl eene lyn gemaakt is, maar te vergeefs - tegen myne argumenten werd ingebracht dat Engeland in de tusschen tyd het geheele land mag proclameren en dat het Comité in dat geval geen kracht zou hebben!

Die vrees vir Engeland was nie die enigste rede vir Krogh se houding nie, hy tree eintlik op as pleitbesorger vir die Zuid-Afrikaansche Republiek. Sy idee was, dat die gebied by die Republiek ingelyf moet word.

Die Comité was aanvanklik baie versigtig, daarom is die grootte van die grondgebied nie bepaal nie. Schiel<sup>(4)</sup> vertel dat daar 'n groep was, wat nie 'n afsonderlike staat wou stig nie, maar net die vrede en orde wou herstel en verder handhaaf deur 'n komitee wat in Zoeloeland 'n sentrale gesag sou vorm.

Die Oesoetoës van hulle kant het gehoop, dat die Vrywilligers

(3) Joub. Kol. I/S no 360. (4) Schiel: p.108.

nie net vir Usibebu en Oham sal „opeet” nie, maar ook die Reserwe sal terugvat. Grondbeloning sou dan geen moeilikheid gewees het nie, omdat daar dan baie sou wees, om van af te staan. Dit verklaar Dabulamanzi se vyandige houding teenoor Osborn en die Reserwe, wat hy met alle geweld wou binneval. So erbarmlik was die Oesoetoos se toestand dat hul nie aan die hoeveelheid grond gedink het nie, want wat hul besit het, kon hul ook nie in veiligheid bewoon nie. Hulle was maar te bereid om beloftes te maak dat hul die Boere met grond sal beloon. Die grootte van die grondgebied moes vir hul van minder belang gewees het, as hul tog maar net weer in vrede kon lewe, onder die regmatige opvolger van Cetewayo.

Die Vrywilligers het nog steeds in groot getalle Zoeloeland binnegestroom, dit moes vir die Comité moeilik gewees het, om 'n bepaalde stuk grondgebied vas te stel as beloning, omdat hulle nog nie seker was, hoeveel mense hul sal moet beloon nie. Aanvanklik was hul net 150 man, maar alhoeneer mense het na Zoeloeland gekom, sodat hul later sowat 800 man sterk was.

Sir Henry Bulwer sê van die vergoeding wat die Vrywilligers moes ontvang, die volgende: "The payment to be made to the Boers in return for this service was, however, left ill-defined, and, as I believe, purposely and intentionally ill-defined by the two parties to the compact, for fear that the negotiations would fall through." (5) Dis moeilik om te glo dat dit opsetlik gedoen is. Die probleem het 'n natuurlike ontwikkelingsgang gehad. Die Boere het getrek op soek na grond en beter vooruitsigte. Tot in Junie en selfs later het daar nog trekgeselskappe in Zoeloeland, hulle by die laer gevoeg. Met die eerste groep het as 'n georganiseerde mag uitgetrek, die ander het as familiegroepe, by die hooflaer aangesluit.

Omdat die Vrywilligers geweier het om vir Oham te verdryf en die Reserwe te herower, het die Oesoetoos, baie ontevrede begin klae oor die aantal Boere in Zoeloeland. Later, in Januarie 1885, toe hulle by Krogh gaan klae het, dat die Vrywilligers te veel

grond neem, het hulle o.a. beweer dat hul net vir 60 man sou gevra het om hul te help. Ook sou net 100 witman aan die slag van „Sebubo“ deelgeneem het. Cetewayo, beweer hulle, het Dinizoeloe aan die Transvaalse Regering gegee en nie aan die Vrywilligers nie. C.F. Meyer en J.F. van Staden sou hul mislei het, toe hul Dinizoeloe kom haal het, want hul het dan destyds voorgegee dat hul deur die Transvaalse Regering gestuur is, om die jong prins na Krogh te neem.<sup>(6)</sup>

Wat hierdie argumente van die Oesoetoos betref, dien opgemerk te word, dat dit tipies van die naturel se mentaliteit is. Hoe kon 60 man duisende Zoeloes aandurf. As die Vrywilligers namens die Transvaal opgetree het, verander dit ook nog; niks aan die saak nie. Hul sou hul verlossers in enige geval, met grond moes beloon het. Die groot aantal Vrywilligers het eers 'n grief geword, toe hulle vyande gestraf is en hul redders beloon moes word.

Die Vrywilligers het, ten spyte van die Oesoetoos se weerspannige houding, aangegaan met hulle reëlins, veral toe dit blyk, dat die Engelse, na die besoek aan hulle op 26 Junie van Rudolph, afgesant van Sir Henry, nog niks in hulle weg gaan lê nie. Rudolph het navraag kom doen i.v.m. die aanval op Usibebu. Komdt. L. J. Meyer het die Vrywilligers se doel, houding en standpunt, aan hom verduidelik.<sup>(7)</sup> Rudolph is weg en die Vrywilligers het offisieel, nie weer van die Engelse gehoor nie.

Op 19 Julie, het die Comité weer vergader, met hierdie geleentheid het Komdt. L. J. Meyer voorgestel, dat aangesien hulle nog nie weet hoe groot die grond gaan wees, wat hulle gaan kry nie, die bespreking van die Vrywilligers se regte uitgestel word tot later.<sup>(8)</sup> Hier is egter die beginsel aanvaar, dat Vrywilligers wat tot en met 10 Junie aangesluit het, elk 'n plaas van 2000 morges sal kry, terwyl lede van die Comité geregtig is op 'n voorkeursplaas van 3000 morges groot. Mensse wat later gekom het, moet minder kry.

Hierdie vergadering was ook om ander redes van besondere belang. D. J. Esselen, wat soveel goeie dienste aan die Nieuwe Republiek sou bewys, is met dié geleentheid aangestel as adviseur. Hy, C. Bir-

(6) N.R. p 36. (7) N.R.2 p 25. (8) N.R. p 27.

kenstock en L.J.Meyer, is benoem om 'n konsepsgrondwet op te stel. Stuksgewyse is die grondwet behandel, totdat die 32 artikels, op 31 Julie 1884 finaal goedgekeur is. Die eie onafhanklike staat sou die naam van: Die Nieuwe Republiek, dra. (9)

Op 4 augustus is die name van die kandidate vir die Volksraad en die Uitvoerende Raad, voorgestel en bespreek. Die volgende dag is die lede verkies en die Wetgewende gesag en die Uitvoerende Raad, behoorlik saamgestel. (9) Die voorbeeld van die ouer Republieke is getrou gevolg, veral wat die staatsvorm en regeringsstelsel betref. Wette is op dieselfde lees geskoel en waar eie wette ontbreek het, was die wette van die ouer state geldig.

Die Volksraad en die Uitvoerende Raad het dadelik die afstand van grond deur die Oesoetoos, hul regmatige beloning, aangepak. William Grant is spesiaal gevra om na Zoeloceland te kom. Ook J.C. Krogh, was daar, op uitnodiging van die Comité. Hulle moes kom help met die reëling van sake in Zoeloceland. So is die saak egter nie aan Krogh gestel nie. Hy het 'n briefie van J.J.Landsberg, sekretaris van die Comité ontvang, waarin hy gevra word om oor te kom, sodat hy hul kan kom help met advies. Sy koms moes egter onoffisieel wees. . . . "uw uittocht kan behandeld worde als een kuyertjie!" (10) Hulle het Krogh baie nodig gehad, hy het die vertroue van die Oesoetoos geniet, soos geen ander man onder hulle nie.

Dat sy teenwoordigheid daar dringend nodig was, blyk veral uit die brief wat Krogh op 9 September 1884, aan sy Staatssekretaris te Pretoria geskrywe het. Hy vertel die volgende i.v.m. die toestand: "Op myn aankomst aldaar vond ik zaken eenigzins ongunstig, er bestond een sterk gevoel van wantrouw tusschen de burgers en de Usutu of Nationale Party. Ik heb de Usutu Hoofden dadelyk naar het lager doen komen en na veele moeite zyn wy er uiteindelyk in geslaagd om tot eene schikking te geraken volgens gepubliceerde Proclamation en vertrouwen werd hersteld, zoover ik oordeelen kon." (11) Van Boere kant was Krogh en Laas, die twee manne wat met die Zoeloes gewerk het. Hulle was die Zoeloes se taal matig en het hulle vertroue geniet, hul kon dus invloed op die kaffers uitoefen.

(9) F.R.2 p 28 en 30. (10) Jub.Kol.I/S no 354. (11) R 4260/84.

Grant is by sy aankoms aangestel as Verteenwoordiger en Adviseur van die Zoeloenasie. Osborn het teen die einde van 1885 aan Sir Ch. Mitchell, Waarnemende Goewerneur van Natal, laat weet dat dit veral aan Grant te wyte is, dat die Zoeloes soveel grond afgestaan het. Voor sy koms sou hul geweer het, sulks te doen. Hierdie beskuldiging het Grant ontken. In sy verweer, betoog hy dat hy, volgens sy dagboek, twee uur geneem het, om die proklamasie van 16 Augustus 1884, wat handel oor die grootte van die grondgebied, te verduidelik. Die Zoeloes het volmondig met hom saamgestem. Hulle het dan ook op sy vraag of hy hulle verteenwoordiger is, geantwoord: „ Ons woord is een.” Grant was ten gunste van die reëlings soos deur die Vrywilligers voorgestel. Hy was egter meer bekommerd oor die Zoeloes as oor die Boere. Sy opvatting van die hele toestand blyk veral uit 'n brief, wat hy op 26 Augustus 1884 aan Mej. Colenso gerig het. In hierdie brief verklaar hy waarom hy die Oesoetes aangeraai het, om die voorstelle van die Boere aan te neem. Hy was ten gunste van die reëlings omdat: (i) "The Zulus were utterly demoralized, tribal feelings and interests having to a large extent supplanted the old national feeling. (ii) Die Zoeloes was sonder 'n leier. "Umyamana is fast failing, Undabuko is without the capacity or energy required" (iii) Teen Usibebu was sy Genootskap altyd hewig gekant. In sy omgewing was hy altyd 'n tiran. Die Zoeloes het hom ook gevrees en gehaat. Terwyl hy in mag was.... "confidence was not restored among the people; numbers still remaining in their hiding places." (iv) "Necessities of life for the mass of the people demanded an immediate settlement, so that advantage might be taken of the present planting season." (v) 'n Aantal Boere, 800 in getal, is in besit van die gebied, "first invited by the Zulus to come and subsequently fortified by a contract which made them dictators." (vi) "The Boers absolutely refused to move till the quantity of land had been determined, and refused to allow the Zulus to arm for any re-attack of Zibebu." (vii) Die Boere sou geweer het om sekere stamme van die Zoeloes, hul beste vegkragte, toe te laat

om na Zoelocland te kom. Hy noem dan die stamme wat oorkant die Pongolorivier woon, soos die Abakoeloesi, Sitambi en Hlomusa se volgelinge, ook die Oemgazini, die Soetoe-en 'n gedeelte van die Boetelizistam. (viii) "A combination with the Boers, Zibebu and Oham, which was discussed by the Boers and contemplated would have crushed forever the national party. (ix) To look to or to expect help from England would have been nothing short of madness" (14)

As Engeland wel geneë was, om in te gryp, sou Grant dan nog bereid gewees het om die afstand van grond aan die Boere aan te beveel? Seker nie. Dit is duidelik dat Grant meer begaan was oor die Oesoetoos, as wat hy omgegee het vir die Boere. Hy verdink hulle selfs van dinge, waar hulle hul nooit aar skuldig sou gemaak het nie, soos sy insinuasie, dat hulle dit sou oorweeg het om in samewerking met Usibebu en Oham die Oesoetoos te verdryf. Die geskiedenis bewys juis die teenoorgestelde. Sy aantyging dat die Boere eers wou weet hoe groot hul betaling gaan wees, voordat hul bereid was om iets te doen, is ook onwaar. Selfs na die verdrywing van Usibebu, het hulle nog nie gewet, hoeveel grond hul gaan kry nie.

William Grant was bewus van die feit dat die reëlings van die Vrywilligers tot voordeel van die Oesoetoos gaan strek, daarom was hy bereid om die afstand van die grond aan te beveel. Hy het die Zoeloes help beweeg, om hul beloftes na te kom. Hy het die proklamasie i.v.m. die afstand van die grond, saam met ander onderteken, in sy hoedanigheid as Verteenwoordiger en Adviseur van die Zoeloenasie. Hy aanvaar die verantwoordelikheid van medepligtigheid, seker nie omdat hy gedink het, dat die ooreenkoms onwettig, onbillik of onregverdig was nie. Dit is duidelik dat Grant ten gunste van die voorwaardes van die proklamasie was, omdat dit die beste uitkoms vir die Zoeloes gebied het.

Grant was, volgens sy dagboek, twee uur aaneen besig om die proklamasie aan die Zoeloes te verduidelik, hierna het hulle Krogh en Laas, weer na hulle laat kom. Laas het die ooreenkoms nog 'n (14) keer vertaal en verduidelik. Dit lyk dus asof hulle vry net so-

veel as hy gedoen het om die Zoeloes te beweeg. Die Oesoetoes het in hul uur van beproewing hul tot die Boere gewend. Dit was Boere wat hul vyande gestraf het, Boere sou dus vanselfsprekend groter invloed op hul gehad het as 'n Engelsman soos Grant.

Die Uitvoerende Raad van die Nieuwe Republiek het ook nie stilgesit nie. D.J.Esselen, wat in die tyd ageer het as waarnemende Staatssekretaris, 'n pos wat hy later voltyds gevul het, het daarop aangedring, dat die Oesoetoes forseer moet word om hul verpligtings na te kom. Op 11 Augustus 1884, besluit die Uitvoerende Raad, dat aangesien alle pogings deur hulle aangewend, misluk het, „ zoo is het dat zy, hare roeping alhier voor ogen houdende genoopt is de regeling van Zululand in eigene handen te nemen en zoo doende den vrede, den welvaart en het geluk der Zulu Natie te bevorderen en de veiligheid der naburige staten te verzekeren“ (16)

Hierdie besluit het gelei tot die uitvaardiging van 'n proklamasie op 16 Augustus 1884 deur Dinizoeloe, waarin hy afstand doen van grond, 1,355,000 morge groot aan „zekere aantal Zuid-Afrikaan- sche Boeren in Zululand....in vollen en vryen eigendom.... met regt aldaar eene onafhankelyke Republiek op te rigten onder den naam van de Nieuwe Republiek en ik proclameer verder dat van heden af aan het overig gedeelte van Zululand en de Zulunatie onderworpen zullen zyn aan de oppertoezicht van de Regeering van gemelde Nieuwe Republiek.“ (17)

Daarna is deur L.J.Meyer, as fungerende Staatspresident, 'n proklamasie uitgevaardig, wat Zoeloeland as protektoraat, onder die gesag van die Nieuwe Republiek gebring het. Dit het geskied, volgens die proklamasie, op versoek van die Zoelcehoofde. (17)

Die daarstelling van 'n eie staat was nou 'n voldonge feit. Die grense van hierdie staat is egter nog nie bepaal nie. Eers op 26 Oktober 1885, is die grense van die Nieuwe Republiek geproklameer. Dit het solank geneem omdat die gebied eers in plase uitgemeet moes word. Die leiers het as uitgangspunt geneem die aantal Vrywilligers wat beloon moes word en die grootte plaas waarop elkeen geregtig is. Daarvolgens moes hulle 'n streek kry

wat ongeveer 1,355,000 morge groot sou wees.

Inspeksie-kommissies is dadelik benoem, om die grond te gaan uitmeet en die plase af te baken. Die werk moes tweemaal gedoen word, omdat na die eerste inspeksie dit geblyk het, dat daar te min grond oor was vir die Zoeloes. Ondertussen het die jong staat-jie met Engeland gebots, sodat die grense eers in Oktober 1886 offisieel deur die buurstate erken is.

Sestien man het opdrag ontvang om die 802 plase te gaan uitmeet. Hierdie plase se groottes moes as volg wees: (i) 11 "Voorkeurrechtsplaatzen". (ii) 531 "Eerste rechten" en (iii) 260 "laatste rechten". Die plase moes 3000, 2000 en 1000 morge respektiewelik, groot wees. Hierdie plase is later verminder na 2500, 1700 en 800 morge, omdat volgens die inspeksie-kommissie se rapport daar te min grond vir Dinizoeloe en sy volk oorgebly het. <sup>(18)</sup> <sup>(19)</sup>

Die Zoeloes, wat so huiwerig geword het om afstand van die grond te doen, het nou baie veronreg gevoel, toe hulle sien hoe diep die afbakeningskommissie Zoeloeland binnedring. Hulle het baie ontevrede begin klae. Eers het hulle na die outoriteite van die Nieuwe Republiek gegaan. Later na Krogh en die Transvaalse Regering en uiteindelik na die Engelse in Natal. Het hulle werklik rede gehad om te klae?

Wat die Zoeloes betref, dien opgemerk te word, dat hulle graag die hele Zoeloeland wou teruggehad het, d.w.s. ook die Reserwe. Die hele gebied soos voor 1879, het hulle terug begeer. Hulle het die Vrywilligers uitgenooi met die stille verwagting dat hul wense verwesenlik gaan word. Na die neerlaag van Usibebu het die Boere geweier om Oham of die Reserwe aan te val. Die Oesoetoes het hieroor allerlei besware in die weg probeer lê. Hulle het op allerlei wyse probeer ontkom van hulle verpligtings. Sir Henry Bulwer het die hele posisie goed saamgevat in 'n antwoord wat hy aan hulle gegee het aan die begin van 1885, toe 'n deputasie by hom kom klae het oor die grond wat hul aan die Boere moes afstaan. Umnyamana, die leier van die deputasie sou aan Sir Henry gese het: "The land belongs to the Queen." Sir Henry se antwoord aan hulle

was: "Why then did you give the land away, or any portion of it, as you admit you did? How can the Govt. know what the chiefs and people really mean and wish? They gave themselves and their country to the Boers, saying that they had no power or right to make the promises they did, as both they and the country belonged to the Queen by right of conquest. One day it is one thing; and another day it is another thing; so that the Govt. never really knows what is meant. Even this message, who can explain it, and say what it means?" (20) Op hul eie manier het die Zoeloes probeer slim wees. Hulle wou die meeste voordeel probeer haal uit die situasie, daarom gaan hulle na elkeen, wat bereid sal wees om te luister. Eers wou hul die Engelse uit die Reserwe dryf, om meer grond te kry, vir hierdie doel wou hul die Boere gebruik. Nou wil hulle weer van die Engelse gebruik maak om van die Boere ontslae te raak. Vir die Zoeloes was dit ook nie so seer 'n kwessie van te min grond nie. Hulle wou veel eerder van die grondkwessie gebruik maak, om al hul griewe uit die weg geruim te kry. Hulle klagtes kan gevolglik nie te ernstig gewees het nie.

Adolf Schiel, sekretaris van Dinizoeloe en die Zoeloenasie het beweer dat 3/4 van die bewoonbare deel van Zoeloeland deur die Boere ingepalm is. (21) Schiel was alles behalwe lojaal, teenoor die Nieuwe Republiek en die se inwoners, aan wie hy alles wat hy was en besit het in Zoeloeland, te danke gehad het. Kort na die totstandkoming van die Nieuwe Republiek, is hy nie net bereid, maar selfs besig, om 'n gedeelte van daardie gebied te verkry vir 'n landgenoot, n.l. J.A.C. Lüderitz. Hiermee is hy getrou gehelp deur (22) twee Duitse sendelinge, F. Stallboom en G. Johannes, wat beide werksaam was in Zoeloeland. Die gedagte het eintlik van August Einwald uitgegaan, wat spesiaal vir die doel na Suid-Afrika gekom het. Die plan was om 'n gedeelte van Zoeloeland te werf, en die dan te proklameer as Duitse gebied. Hulle het veral die oog op St Luciabaai gehad. Schiel het werklik daarin geslaag om Dinizoeloe te oorreed om 'n gedeelte, wat hy reeds aan die Vrywilligers gegee het, aan hom af te staan. 'n Oordragtraktaat is opgestel en onderteken. Gewapen hiermee het Schiel en Einwald na Duitsland vertrek, (20) C 4587 p.48. (21) Schiel p 139. (22) Schiel: p.140.

waar hulle o.a. ontvang is deur niemand minder as Bismarck nie.

Duitsland was destyds besig om grond te bekom in Afrika. Kort te vore is die Duitse vlag op die Weskus van Suidelike Afrika gehys. Nou het hulle 'n afspringplek aan die Suid-Oostelike kusgebied begeer. St Lucia was net die regte plek vir die verwesenliking van hul ideale. August Einwald is spesiaal met so 'n opdrag gestuur. Dr H. Havernich, die Duitse saakgelastigde te Pretoria, was vermoedelik op hoogte van Schiel se aktiwiteite in Zoeloeland, want Einwald is reguit na Vryheid gestuur. Hier by die hoofstandplaas van die Vrywilligers aangekom, het Einwald dadelik vir Schiel opgesoek. Saam het hulle na Zoeloeland gegaan en in geselskap van die twee Duitse sendelinge na Ungeni vertrek, om Dinizoeloe te spreek. Dit het gelei tot die ondertekening van 'n dokument, waarin 'n gedeelte van Zoeloeland afgestaan word aan Schiel met die reg om dit oor te maak aan wie hy wil. Hierdie streek het 'n gedeelte van die Nieuwe Republiek ingesluit, w.o. die kusgebied te St Luciabaai.

As Schiel dan later in 1885, die Nieuwe Republiek beskuldig, dat hulle te veel grond geneem het, ontstaan die vraag, of hy nie 'n ander motief vir sy beskuldiging gehad het nie.

J.C. Krogh was ook geneig om te glo dat die Zoeloes rede het om ontevrede te wees, ten minste, hy wou hulle graag tevrede stel. Die vraag ontstaan waarom dan? Hy wou die Zoeloes van die Engelse weg hou. Hy het sy bes gedoen om dit te bereik. Hy skrywe o.a. aan Bok: „Nu was het niet dat ik wat invloed over hen had, waren zy reeds lang geleden by de Engelschen geweest om te klagen!“ Dit was in Maart 1885. In April, 'n maand later, neem ook Genl. P.J. Joubert die standpunt in, dat die Zoeloes tevrede gestel moet word. Hulle beweert nie dat die Nieuwe Republiek teveel grond geneem het nie, hulle wil net graag die Zoeloes stilmaak, omdat hul bang was vir Engelse inmenging. Die Engelse moes nie rede gegee word om hul met die aangeleentheid te bemoei nie.

Genl. P.J. Joubert wat spesiaal gestuur is om die posisie te gaan ondersoek, sê in sy brief van 8 April 1885, die grondkwessie is baie moeilik en ingewikkeld. Almal, behalwe Dirk Uys beweert, dat daar genoeg grond oor is vir die Zoeloes. Wat die posisie ook al mag wees, (23) Schiel: p. 160. (24) N.R. 16. (25) R 2802/85. (26) R 1980/85.

grond oor is vir die Zoeloës. Wat die posisie ook al mag wees, „maar ik houd vol,“ skrywe Genl. Joubert, „dat wy de natie moet te-  
(27)  
vreden stellen.“ Hy gee verder aan die hand, dat die Zuid-Afrikaan-  
sche Republiek ingeroep moet word as arbiter. So 'n arbitrasie-akte  
is in April, deur die Vryheidse Uitvoerende Raad opgestel, vir die  
beslegting van die onderlingegeskil i.v.m. die grond. President  
Kruger het gemeen dat hy miskien kan help om die saak op te los.  
Hy het in die sin op 2 Mei briewe aan President Meyer en Dinizoe-  
(28)  
loe geskrywe en aangebied om te help met die geskil. President  
Meyer het egter nie van die bemoeiing gehou nie. Die brief het hy  
as privaat beskou en nie aan sy Volksraad voorgelê nie. Aan die  
Regering te Pretoria, skrywe hy op 27 Mei 1885: „Wy hebben tot hier-  
toe geen de minste onvrede met Dinizoele en diens volk of kapi-  
tyns, maar dat er vrienden gevonden kan worden, die trachten de zaak  
voor ons moeilik te maken, dat wil ik niet betwyfelen. Hoewel ik  
overtuigd ben, dat de brief van uw Regeering aan Dinizulu ons hier  
meer kwaad als goed kan doen hebt ik toch aan u verzoek voldoen  
(29)  
en de brief aan Dinizulu overhandigd.“ Die vriende na wie Meyer  
hier verwys is Krogh en Uys.

Die Transvaal het hom nou onttrek aan die saak. Met hul Junie-  
sitting het die Vryheidse Volksraad hul President goed oor die ko-  
le gehaal, omdat hy nie die aangebode hulp van die Transvaal aan-  
vaar het nie. Meyer en Esselen was egter heftig gekant teen die  
bemoeiings van die Zuid-Afrikaansche Republiek, miskien omdat hul  
vermoed het dat die ouer Republiek hul inlywing begeer het. Om die  
grondkwessie op te los het hulle nou na die Oranje-Vrystaat gekyk  
vir arbitrasie. So 'n saak het egter nooit gedien nie, miskien het  
die Volksraad se besluit om die plase te verklein, so 'n geding oor-  
bodig gemaak.

Genl. Joubert het beweer, dat D.C. Uys dit as sy mening uitgespreek  
het, dat daar te min grond oor is vir die Zoeloës. Uys was nie al-  
leen 'n bekende figuur onder die Boere op die grens nie, maar ook  
goed bekend onder die Zoeloës. Hy was voorsitter van die Comité toe  
die Vrywilligers Zoeloeland ingetrek het. Tog verskyn sy naam nie

onder die Volksraad- en Uitvoerende Raadslede, wat in Augustus 1884 gekies is nie. Dit lyk dus of Uys nie meer die vertroue van die Vrywilligers geniet nie. As Uys hul beleid goedgesind was, waarom het hul dan die leier van hul Comité oor die hoof gesien, met die verkiesing van Augustus 1884? Die verklaring vir die weglating van Uys moet gesoek word in sy uitlating teenoor Genl. Joubert. Uys het, net soos Krogh, nie gehou van die gedagte dat 'n afsonderlike staat gestig moes word nie. Hulle was goeie vriende. Dis ongetwyfeld op sy aandrang dat Krogh uitgenooi is om na Zoeloeland te kom. Krogh se pogings om die stigting van 'n afsonderlike staat te voorkom, het ongetwyfeld sy goedkeuring weggedra. Hy en Krogh het dikwels saamgewerk. Weer in 1885 is die twee besig om te bewys dat Panda St Lucia nie aan Cloete afgestaan het nie en dat die gebied aan die Zuid-Afrikaansche Republiek behoort. Uys het veral na ou Assegaai (30) gesoek. Hy sou as tolk opgetree het met Cloete se besoek. Uys geniet sedert Augustus 1884, nie meer die vertroue van die Boere in Zoeloeland nie, met Krogh en die Zuid-Afrikaansche Republiek, bly hy korrespondeer. Dit is duidelik uit sy houding en sy uitlatings, dat hy nes Krogh, van die geskil gebruik wou maak om die Nieuwe Republiek, en veral St Luciabaai, onder die gesag van die Zuid-Afrikaansche Republiek te kry.

Hierdie agitasie van manne soos Krogh en Uys het ongetwyfeld veel bygedra tot die Volksraad se besluit om die plase te verklein. In Junie 1885 is 'n tweede Inspeksie-Kommissie aangestel om weereens die plase uit te meet. In Oktober 1885 kon die Nieuwe Republiek sy grense proklameer. Die Goewerneur van Natal, Sir C.H. Mitchell, is hiervan in kennis gestel. Op 26 Desember 1885, laat weet hy dus aan Stanley, Minister van Kolonies: "that by a Boer proclamation recently issued about 5/6 of Zululand outside the Reserve is claimed as the territory of the New Republic." (31) Hy vra instruksies.

Die reaksie van Engelse kant het nie lank op sig laat wag nie. Waar Sir Henry Bulwer nog in Maart 1885 die volgende mededeling i. v. m. die afstand van die grond aan die Boere deur die Zoeloes, opgestel het n.l.: "They cannot, indeed, say that in signing that conces-

sion they were ignorant of what they were doing, that they were unaware they were signing away a vast extent of territory, that being unlettered men they did not even know what was written in the document signed by them." Hiermee het Derby destyds genoeë geneem.

(32)

Volgens Derby en Sir Henry Bulwer het die Zoeloes g'n rede gehad om ontevrede te voel nie. Derby was nie van plan om hom met die saak te bemoei nie. Die berig dat 5/6 van hul woongebied van die Zoeloes vervreem is, het Stanley laat besluit om dadelik handelend op te tree. Sy antwoord aan Mitchell op 4 Januarie, dui daarop dat die Koloniale Kantoor se houding 'n radikale verandering ondergaan het. Sir Henry wat ondertussen in Engeland aangekom het, was verantwoordelik vir hierdie ommekeer in beleid. In sy brief maak Stanley daarop aanspraak, dat hul goed bevriend is met Dinizoeloe en sy volk, en dat hul optrede aldaar baie skadelik is vir die Zoeloes. "You will warn them that Her Majesty's Govt. could not recognise the survey and occupation of these lands." Nou heet dit skielik: "Her Majesty's Govt. cannot view with indifference any course of action tending to bring on disturbances near the Zulu Reserve." Was dit die grootte van die grondgebied, wat die Engelse so ontevrede gemaak het, of was daar iets anders? Die instruksies van Stanley lui verder: "You will at the same time repeat protest contained in Sir Henry Bulwer's letter sent to Lucas Meyer 15 June last, with reference to St Lucia Bay and adjacent territories to the North and West of it." Dit was eintlik die rede vir die veranderde houding.

Schiel het gepraat van 3/4 van Zoeloeland, nou beweer Mitchell dat die Nieuwe Republiek 5/6 van die gebied beslaan. Wat was presies die posisie?

Sir Henry Bulwer het in Februarie 1883, die volgende oppervlaktes van die Zoeloegebiede aangegee: "Usibebu's territory 600,000 acres. The Reserve 1,750,000 acres and Central Zululand 3,800,000 acres." Volgens hierdie gegewens was Zoeloeland se totale grootte

(34)

9609 vierkante myle. Sir Henry het gebruik gemaak van Alleyne se kaart wat in 1879 opgestel is. Sir Arthur Havelock, die opvolger van Sir Henry, het later gevind dat hierdie kaart foutief is. Die

gebied was in werklikheid 753 vierkante myle groter. Sir Arthur stel dus die grootte van Zoeloeland op 10,362 vierkante myle. Dit, het hy eers op 9 Mei 1887 ontdek, toe die Zoeloengebied reeds onder Engeland gestaan het.

Volgens die Inspeksie-Kommissie van Junie 1885 se gegewens, was die Nieuwe Republiek se oppervlakte 3,454 vierkante myle. Hierdie berekenings was nie baie akkuraat nie. Die plase is met 'n perd uitgemeet.

Na die Engelse oorlog van 1899 tot 1902 is die distrikte Vryheid en Utrecht by Natal ingelyf teen vergoeding. Die Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika gee die volgende oppervlakte: Grootte van Zoeloeland....10,427 vierkante myle. Grootte van Vryheid ... 2832 vierkante myle. Die hele Zoeloeland was dus ongeveer 13309 vierkante myle groot, voor die afstigting van die Reserwe en die Nieuwe Republiek. Die oppervlakte van Utrecht, <sup>nie</sup> bygereken, <sup>nie</sup> was Zoeloeland in werklikheid 3947 vierkante myle groter as Sir Arthur se berekening. In verhouding was die Reserwe ongeveer 'n derde van die hele Zoeloeland. Vryheid alleen, kon nie veel oor die 2000 vierkante myle groot gewees het nie, sodat die Nieuwe Republiek, ongeveer 'n kwart van die gebied buite die Reserwe beslaan het.

Met die onderhandelings van Junie 1886, tussen die Nieuwe Republiek en Sir Arthur Havelock, het l.g. daarop aangedring dat die deputasie 'n tweehonderd-en-vyftigtal plase moet afstaan, omdat daar anders te min grond vir die Zoeloes oor sou wees om op te woon. Dit kon die deputasie nie oorweeg nie, omdat hulle Volksraad nooit so-iets sou aanvaar nie. Onverrigter sake moes hul maar na Vryheid terugkeer, omdat Sir Arthur op hierdie voorwaarde aangedring het. Kort hierna laat weet Stanley egter aan Sir Arthur: "that Her Majesty's Govt. attach great importance to a settlement of Zululand without any avoidable delay, and that subject to the retention of sufficient land for the the Zulus, and above all, of a sufficient belt of country between the territory of the Boers and the sea, they consider the establishment of some boundary as of more importance than the precise limits

(37) served." Dit was dus nie so seer 'n kwessie van te min grond vir die

Zoeloes nie, ander belange het veel swaarder geweeg.

Die Nieuwe Republiek is weer uitgenooi om te kom onderhandel, en dit het gelei tot die ooreenkoms van 22 Oktober 1886, waarvolgens hulle net vyftig plase moes opgee. Daarna hoor 'n mens nooit weer van te min grond vir die Zoeloes-nie, veral nie van Engelse kant nie. Die hoeveelheid grond was nie die groot moeilikheid nie, die beheer oor die gebied en die handelsroete na die binneland was die brandpunte, waaroor die Engelse veral bekommer was. Nadat hulle die versekering gehad het, dat hierdie belange buite die bereik van die Boere was, het hulle die grondkwessie nie meer voorgehou ter verkryging van voordeel nie. Eers wou hulle 250 plase van die Boere hê, (38) later was 50 heeltemal voldoende.

Die Zoeloe-oorlog van 1879 het Engeland meer as £4,000,000, afgesien van al die honderde menselewens, gekos. Dit kon dus nie van 'n sestig-of honderdtal Boere verwag word, om al die Zoeloes in bedwang te hou nie. In hul proklamasie van 16 Augustus 1884, waarin hulle die voogdyskap oor die Zoeloes aankondig, sê die Boere o.a. nadat op die erbarmlike toestand wat daar in Zoeloeland geheers het, gewys is: "En nademaal het bleek, dat geen beschaafd Gouvernement zich geroepen gevoelde zich in te laten met de zaken van Zululand, ten einde het bloedvergieten van weerlooze vrouwen en kinderen enz. te voorkomen, en met het doel om vrede en orde aldaar te herstellen, zoo achten een aantal Boeren uit de verschillende Staten en Kolonies van Zuid-Afrika het hun heiligen pligt, in belang van de algemene menschelykheid en beschaafdheid en met het oog op de veiligheid van leven en have der aangrenzende bevolking, aan de smekingen der Zuluhoofden gehoor te geven!" (39) Aan hierdie doel en roeping het hulle dan ook gevolg gegee. Dit dan, het hulle handeling ten volle regverdig. Die gebied wat die Zoeloes afgestaan het, was vir hulle g'n verlies nie, maar 'n wins. Emmett vertel die volgende van wat hulle gesien het, terwyl hul die land deurkruis het, met die afbakening van die plase. "The desolate aspect of the land was altered in a few weeks. Trains of women and children, carrying their simple chatels flocked from the hills to enjoy, once more, security on the plains below. Kraals sprang up like mushrooms on

-----  
(38) C 4980 p 60. (39) N.R.30.

the flats where a month before no trace of human existence was visible, save the floors of huts destroyed by fire, and soon the glint of the hoe in the warm spring sun and the tillers' happy song recalled the exultation of Tubal Cain, when he first substituted the ploughshare for the spear." Op 'n ander plek vertel hy: "The effect of the victory of Itshaneni (oor Usibebu) on the country was magical. The mountains seemed to have laboured and brought forth Zulus."<sup>(40)</sup>

Dinizoeloe en Undabuko het dit dan ook later erken. In November 1887 het Sir Arthur Havelock hulle oor die kole gehaal, omdat hulle na Vryheid was, om die Boere te spreek, nadat Engeland van Zoeloe-land 'n protektoraat gemaak het. Die Zoeloehoofde het hul dankbaarheid en erkentlikheid met hierdie woorde betuig, hulle was na Vryheid, omdat: "Hulle (die Boere) was ons vaders gewees, ons sou nie vandag hier in lewe gewees het, as dit nie vir die Boere was nie."<sup>(41)</sup>

Die Engelse amptenare het al heel gou gewag gemaak van die goeie invloed van die Boere op die Zoeloes en van die hulp wat hul van die mense ontvang het. In September 1884, rapporteer Osborn dat Dabulamanzi 'n aanval op sy kamp gelei het en dat hy op die punt gestaan het om die Engelse te verdryf, maar dat die Zoeloes op bevel van die Boere teruggetrek het. Ook die veediefstalle het kort na die koms van die Boere 'n seldsaamheid geword. A.L. Pretorius, 'n onder-kommissaris, het kort-kort rapporteer van vee, wat hy met behulp van die Boere terug gekry het. Op 14 September 1884 reeds, skryf hy aan Sir Henry: "The district is quiet and cattle stealing has apparently received a check; no cases have been reported lately!"<sup>(43)</sup> Hy vra verlof om die Boere offisieel te bedank. Ook Sir Henry kon nie help om sy waardering vir die verbetering uit te spreek nie. Selfs Derby, moes die end van daardie jaar sy tevredenheid uitspreek dat toestande soveel verbeter het.<sup>(44)</sup><sup>(45)</sup>

Die Boere het dus in hul doel geslaag. Hierdie feit, dat hulle die Zoeloes gered het van algehele uitdelging, dat die naburige state nou weer rus op hul grense geniet, regverdig die oprigting van die Nieuwe Republiek en die uitdeling van 'n klompie plase aan die mense, wat hul lewes gewaag het, om dit alles moontlik te maak.

## HOOFSTUK IV.

STAATSRIGTING EN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE  
VAN DIE NIEUWE REPUBLIEK.

Die Vrywilligers wat aan die begin van April 1884, die grens oorgetrek het, Zoeloeland in, het die leiding en reëling van sake opgedra aan 'n gekose komitee van agt lede genoem die: „Comité van Bestuur in Zululand“<sup>(1)</sup> D.C.Uys het ageer as voorsitter, C.Birkenstock as sekretaris, later het hy die komitee wat 'n grondwet moes opstel gehelp met hul taak en is hy vervang deur J.J.Landsberg. A.Schiel het aanvanklik opgetree as tweede sekretaris. Hy is in Zoeloeland egter, aangestel as sekretaris van Dinizoeloe en die Zoeloenasie. C.van Rooyen was hul eerste adjudant. Met die kroning van Dinizoeloe het Louis Botha opgetree as adjudant. Op 19 Julie het die Comité D.J.Esselen aangestel as adviseur. Die ander lede van die Comité was: J.F.van Staden, C.F.Meyer, P.R.Spies, P.Fourie, Th.Steenkamp, A.H.J.Laas en F.J.de Jager.

Alle vergaderings is met gebed geopen.

Die Comité het die leiding waargeneem van 3 Mei tot 5 Augustus 1884, toe hul werksaamhede oorgeneem is deur 'n Uitvoerende Raad en 'n Volksraad. Die Comité het hulle veral besig gehou met kafferkwessies.<sup>(2)</sup> Kommissies is deur hul uitgestuur om met vyandig, sowel as goedgesinde Zoeloehoofde te onderhandel. Hulle het ook vir Rudolph, wat deur Sir Henry Bulwer na hulle gestuur is, op 26 Junie 1884, te woord gestaan. Aan hom is hul doel en die gebeurtenisse i.v.m. die strafekspedisie teen Usibebu, meegedeel. Hulle het verder die grens van die Reserwe laat patroleer, gesteelde vee uitgelewer en veediefstalle gestraf. Die Comité was die hoogste gesag in die land en hulle besluite, was die wette van die Vrywilligers. Die Kommandant en sy veldkornette wat teen die einde van Mei gekies is, het onder hulle oppertoetsig gestaan. Die offisiere het 'n krygsraad gevorm, wat die oortredings van burgers moes behandel en straf.

'n Komitee, bestaande uit: L.J.Meyer, destyds hul komdt., C.Birkenstock en D.J.Esselen is benoem om 'n grondwet op te stel. Die grondwet is die end van Julie deur die laer goedgekeur en in Augustus 1884 deur die Volksraad goedgekeur.

(1) N.R.1. p 1 e.v. (2) N.R.1 - N.R.3.

gustus 1884, is 'n Volksraad en Uitvoerende Raad gekies en het hul die leiding van sake oorgeneem.

Die eerste lede van die Volksraad was: C.F.Meyer, P.R.Spies, C.Birkenstock, F.de Jager, A.de Jager, T.Bell, T.Joubert, W.Moolman, J.Davel H.B.Liversage en P.Fourie.

Die Volksraad het sittings gehou vanaf 6 Augustus 1884 tot 13 Junie 1888, toe die Nieuwe Republiek deel geword het van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die Republiek is in vier wyke verdeel. Elke wyk het drie verteenwoordigers gekies vir twee jaar. Elke jaar sou vier lede aftree, beslis deur loting, ander sou dan deur die burgers gekies word. Hierdie prosedure is egter later gewysig. Op 19 Augustus 1886, het die Volksraad besluit dat al die lede gelyktydig sal aftree en dat die ledetal tot dertien verhoog moet word, sodat die dorpie Vryheid ook 'n verteenwoordiger sal hê. Hul dienstermyn sou nog twee jaar wees. Volgens die rooster egter, was hul nooit meer as twaalf lede nie, miskien, omdat die lid wat daardie wyk verteenwoordig het, op die dorp woonagtig was.

Kandidate is deur rekwisies uitgenooi, om hul verkiesbaar te stel. Die Staatssekretaris het die rekwisies in ontvangs geneem en die Uitvoerende Raad het dan verder vir die verkiesing gesorg. Om lid te wees, moes die kandidaat 30 jaar oud wees. Hy moes 'n grondbesitter van die Republiek en lid van 'n Protestantse kerkgenootskap wees. Ook moes hy g'n onterende vonnis ondergaan het nie. As kiesers het opgetree, alle burgers bo 21 jaar.

Die voorsitter is deur die Raad gekies. Die Sekretaris is aangestel op aanbeveling van die Uitvoerende Raad. Sewe lede het 'n kworum gevorm. Die Volksraad het elke kwartaal vergader. Hul eerste sitting van die jaar was altyd in Juniemaand, die eerste Maandag. Dan vergader hul weer in Oktober, Januarie en April. Spesiale en geheime sittings het ook voorgekom, wanneer landssake dit vereis het.

Nes in die Zuid-Afrikaansche Republiek, was die Volksraad ook hier, die hoogste gesag in die land. Die besluite is Saterdag bekend gemaak. Die wette was, net soos in die ouer Republiek onderhewig aan die goedkeuring van die burgers. Die kiesers moes hulle dan ook uitspreek oor

(3) N.R.VR-besluit Art 70 -12/6/85. (4) N.R.5 - 19/8/85.

elke belangrike vraagstuk, soos die vermindering van die plase in Junie 1885, die verdrag van 22 Oktober 1886 en die vereniging met die Transvaal. Spesiale vergaderings is gehou waar die volk ingelig is en hul kon uitspreek oor die onderhawige saak.

Aanvanklik het die Volksraad in 'n tent vergader. Op 21 Januarie 1885 het hul eerste vergadering plaasgevind in 'n gebou, wat spesiaal vir die doel opgetrek is te Vryheid, die setel van die Regering.

Die Uitvoerende gesag is in die hande gestel van 'n President, as eerste en hoogste amptenaar van die Republiek, 'n Staatssekretaris en nog twee lede, die Kommandant-Generaal en 'n onoffisiële lid. As eerste ampsdraers is gekies: President: Genl. P. J. Joubert, Komdt.-Genl.: L. J. Meyer, Staatssekretaris: J. C. Krogh en as onoffisiële lid: J. F. van Staden. In Genl. Joubert, het ageer L. J. Meyer, in l.g. se plek T. Steenkamp en in Krogh se plek het D. J. Esselen waargeneem. Krogh het die pos van die hand gewys en Esselen is toe in die betrekking geplaas. Genl. Joubert het eers in 1885 die Volksraad finaal in kennis gestel dat hy die presidentskap nie sal aanvaar nie en Meyer het toe maar hul keuse gebly. Komdt. Steenkamp het op die wyse lid van die Uitvoerende Raad gebly as Komdt.-Genl.

Op 12 Junie 1885 het die Volksraad op aanbeveling van die Uitvoerende Raad, die betrekking van Komdt.-Genl., afgeskaf in vrede tyd. Die bedoeling was om te besuinig. Die Komdt.-Genl. het as Uitvoerende Raadslid £350 ontvang. Die salaris van onoffisiële lede is verminder na £150. Artikel 27 van die grondwet is daarop gewysig. Die Uitvoerende Raad sou voortaan bestaan uit: 'n president, 'n staatssekretaris en twee stemgeregtigde burgers as onoffisiële lede, die oudste, later nader bepaal in jare, sal by afwesigheid van die president, as sodanig ageer. Die Volksraad het daarop vir J. C. Pretorius gekies as die bykomstige onoffisiële lid. T. Steenkamp is heeltemal oor die hoof gesien, miskien wou hul hom net as militêre leier gehad het. Dit het ongetwyfeld tot onaangenaamheid ~~het~~ geleid, want die volgende dag het hul die benoeming van Pretorius herroep en Steenkamp as lid van die Uitvoerende Raad herstel.

Met die sitting van die Volksraad in Maart 1886 het die kwessie

(5) & (6) N.R. 10 en 65. (7) N.R. 15 - 21/1/85. (8) N.R. 2 p 30. (9) N.R. 4 p 207  
(10) N.R. 4 p 208.

van die Komdt.-Genl. weer ter sprake gekom. Die president het daarop gewys dat hul 'n Komdt.-Genl. moet hê, want hier, nes in die Transvaal, moes hy ook ageer as Superintendent van Naturellesake. Die Volksraad neem daarop met algemene stemme die volgende besluit:

"De Raad besluit alle besluiten in stryd met Artikel 27 der Grondwet te herroepen en Artikel 27 der Grondwet dadelyk in werking te stellen." (11) J.C. Pretorius is met meerderheid van stemme as Komdt.-Genl. verkies, 'n betrekking wat hy gevul het tot die inlywing van sy Republiek. Die Volksraad het hul tog nie gehou aan hul besluit nie, want daar was behalwe die Komdt.-Genl., nog steeds twee onoffisiële lede. (12)

Die president en lede van die Uitvoerende Raad het sitting, maar g'n stem in die Volksraad gehad. Hulle moes die wette opstel en toegelig in die vergaderings. (13) In die Uitvoerende Raad het die president 'n beslissende stem gehad. (14) Verder was alle amptenare aan hom ondergeskik. Hy is gekies deur die stemgeregtigde burgers, vir drie jaar. 'n Kandidaat moes dieselfde kwalifikasies as 'n Volksraadslid hê.

Die Komdt.-Genl. is nes die president deur die kieser gekies, ook vir drie jaar. Die staatssekretaris en onoffisiële lede is deur die Volksraad gekies vir 'n tydperk van drie jaar. Die Uitvoerende Raadslede het salaris ontvang, waar die Volksraadslede toelaes per sittingsdag gekry het. Die Komdt.-Genl. het ook 'n toelae gekry vir dae wat hy diens moes doen as Superintendent van Naturellesake.

Die Uitvoerende Raad het nie gereëld gesit nie, maar hulle was aan bewind van 7 Augustus 1884 tot 20 Julie 1888. Besluite is uitgeskrywe en opgespyker en op dié wyse bekend gemaak. Vir 'n gedeelte van 1886, het die Regering 'n litografies-gedrukte Staatskoerantjie uitgegee. (15) (16)

Die Nieuwe Republiek het die voorbeeld van die ouer Republiek gevolg wat sy wetgewende en uitvoerende magte betref. Waar eie wette dan ook ontbreek het, was die Transvaalse wette van krag. Die burgers was gewoon aan die stelsel in swang in die Transvaal, daarom het hul dit hier sover moontlik volgehou.

(11) N.R. 4 p341. (12) N.R. 15-Begrotingslys 88/89. Die VR-notule gee geen verduideliking vir hierdie posisie nie. (13) N.R. 4 p.179. (14) N.R. 1 -6/8/84. (15) N.R. 9 en 10. (16) N.R. 78.

Die Regterlike mag is eers deur die Comité behartig. Na die in-  
 werking stelling van die grondwet, is op 24<sup>(17)</sup> September 1884, 'n "Reg-  
 ter Vrederechter" deur die Uitvoerende Raad aangestel. Hy moes wees  
 Weesheer, Huweliksbevestiger en later ook Posmeester. Sy pligte is  
 die end van Mei 1885 opgehef en oorgedra op 'n spesiale hof wat  
 reeds in April 1885 in die lewe geroep is. A. von Levetzow, 'n ampte-  
 naar van die Transvaal, van Utrecht, is deur die Nieuwe Republiek ge-  
 vra om na hulle-toe te kom as landdros. Hy moes 'n klompie sake oor  
 grond teen burgers, vir die Republiek afhandel.<sup>(18)</sup> In Junie 1885 is hy  
 permanent aangestel in die plek van die vrederechter en moes al sy  
 pligte oorneem. Die Volksraad het met hul Junie-sitting hierdie wy-  
 siging goedgekeur en deur wetgewing voorsiening gemaak vir die in-  
 stelling van: "een Hof van Landdrost en van Landdrost en Heemraden  
 benewens gezworenen, overeenkomstig de Transvaalsche Wetten, als ook  
 een Hoog Gerechtshof bestaande uit de Landdrost en een Jurie van 9  
 gezworenen."<sup>(19)</sup> Die heemrade is deur die Volksraad gekies, drie van  
 hulle moes op Vryheid woonagtig gewees het om sake te vergemaklik.  
 As heemrade is gekies stemgeregtigde burgers, ouer as 30 jaar, vir  
 'n tydperk van twee jaar. Hulle het toelaes ontvang per sittingsdag.

Die veldkornette was ook met regterlike mag bekleed. Hulle moes ge-  
 skille oplos, vonnisse in die openbaar afkondig en as naturelle-kom-  
 missarisse diens doen. Hulle het ook as stemopnemers ageer in die  
 wyke.<sup>(20)</sup>

Op 3 Augustus 1886 is 'n nuwe wet deur die Volksraad aangeneem,  
 wat voorsiening moes maak vir 'n hooggeregshof en 'n hof van land-  
 dros en heemrade. Veel is aan die oorspronklike wet nie verander nie.  
 Die hooggeregshof sou nou bestaan uit drie regters en 9 jurielede.  
 Die hof moes tweemaal per jaar vergader, op datums wat deur die presi-  
 dent bepaal moes word.<sup>(21)</sup> Hierdie reëling was bedoel om voorsiening te  
 maak in die bestaande wet, wat tekortkomings gehad het. Die landdros  
 en sy jurielede was die hoogste hof in die land. Teen die landdros  
 kon appél aangeteken word by die hof van landdros en heemrade, ver-  
 der het die ou wet nie voorsiening gemaak nie. Met die instelling van  
 die nuwe wet kon ontevredenes nou na die hooggeregshof appélleer.

(17) N.R. 9 p 27. (18) N.R. 9 p 64. (19) N.R. 13. (20) N.R. 6 p 196. (21) N.R. 5.

Op papier het die nuwe wet baie mooi gelyk. Prakties is tog heelwat moeilikhede ondervind om die wet toe te pas. Eerstens, kon hulle nie geskikte regters gevind het nie. Tweedens was die staat te arm om drie regters behoorlik te besoldig. Die wet moes verander word, omdat hy onuitvoerbaar was. Op 14 Junie 1887 het die Volksraad die wet gewysig, die aantal regters is verminder na een. Die Uitvoerende Raad kry die reg om: „van tyd tot tyd een onpartydig regsgeleerd persoon, hetzy bin-  
(22)  
nen of buiten den staat wonende te benoemen om de functie van Regter van het Hoog Geregts-hof uit te oefenen onder de gewyzigde wet.”

Die Nieuwe Republiek kon maar nie daarin slaag om 'n regter te bekom nie. Eers in Junie 1888, kon die President in sy „Aanspraak” aankondig dat hul in April van daardie jaar, Adv. B. de Korte beweeg het om uit die Transvaal na hul te kom. Hul het hom toe maar 'n tydelike aanstelling aangebied, want die onderhandelings i. v. m. die inlywing van  
(23)  
die Republiek was destyds bykans voltooi.

Wat die wetgewende, uitvoerende en regterlike magte van hul staat betref, het die Boere in Zoeloeland sover moontlik hul probeer hou aan die stelsel van die ouer staat, vanwaar die meeste van hul gekom het. Verder het hul 'n stelsel probeer ontwerp wat tot 'n groot mate feitlik gegroei het uit die behoeftes en omstandighede van die gemeenskap. Die grondwet en wette moes aanpas by die toestande in die staatjie. Die handhawing van tug en orde is op tipies Boere-wyse gedoen. In die wyke het die veldkornette gesorg dat alles reg gaan. In die algemeen het die Volksvergadering alle sake behartig, so nie self nie, dan deur hul Uitvoerende Raad, wat weer gereeld aan hul verslag moes doen.

Om hul identiteit as 'n afsonderlike staat nog kenmerkender te maak het die Volksraad reeds op 13 November 1884 besluit om op aanbeveling van die Uitvoerende Raad die volgende vlag en wapen goed te keur: “

„Blaauw grond, Perpendiculaire posisie, Horizontale posisie, bovenste gedeelte Rood, midden Wit en onderste gedeelte Groen; op de Blaauwe grond het Engelsche vlag in te werken, op de Roode grond het Transvaalsche, op de Witte het Vrystaatsche en op het Groene, de Kaap-Kolonische vlag  
(24)  
gen in te werken.”

President Meyer se ontwerp is deur die Volksraad goedgekeur en as wapen van die Republiek aanvaar. Die wapen is aan weerskante gedrapeer  
(: N.R. 6 p 196. (23) N.R. 15 en N.R. 26. (24) N.R. L VR-besluit Art 139.

deur twee vlae. Bo-op staan twee brandende kerse, met 'n groter vlam net daaronder. Op die ontwerp verskyn: 'n wa, 'n tent, 'n bees, 'n skildvel, 'n skip, 'n ploeg en 'n roller. Die leuse: "Eendragt, Rechtvaardigheid en Liefde" verskyn onderaan. Die wapen en leuse gee treffend weer, wat die Vrywilligers as hul doel, roeping en taak beskou het.

Die vlag van die Nieuwe Republiek herinner 'n mens aan die Transvaalse vierkleur. Dis maklik verklaarbaar, die meerderheid van hul het dan ook van daar gekom. Om egter te toon dat hul nie net van die Zuid-Afrikaansche Republiek afkomstig is nie, het hul die vlae van die ander state ook ingevoeg. Met hierdie toevoeging het hul die skoonheid van hul vlag versteur. Die vlag, wat die simbool moes wees van 'n afsonderlike staat, van 'n eie volk met 'n aparte identiteit, beantwoord nou nie ten volle aan sy doel nie. Die simboliek van die kleure waaruit die vlag bestaan, pas nie aan by die gedagte van 'n volk uit die verskillende state nie. Die vlag mis dus die eenheidsgedagte, die sement, wat die volk tot 'n afsonderlike eenheid moes bind. Daar was heeltemal teveel motiewe op die vlag; dit ontbreek aan eenvoud.

Die wapen was ook oorvol. Lig, was die hoofgedagte, versimboliseer in die kerse wat bo die ontwerp aangebring is. Behalwe die twee kerse verskyn daar nog 'n vlam onder die kerse. Die twee motiewe het nie gegroei tot 'n eenheid nie. Op die wapen self verskyn simbole wat getuig van die Boer se verlede, sy wa, sy tent, sy bees en dan van sy toekomsplanne wat die handel en boerdery betref. Die skildvel, getuig dat die ideale in Zoeloeland verwesenlik moes word. Die grootste tekortkoming van die wapen was ongetwyfeld, dat dit van te min krag en persoonlikheid getuig. Daar is niks wat daarop dui dat die staat homself wou handhaaf nie. Die gedagte dat die Boer gekom het om beskawingsinvloed uit te oefen in die land van die Zoeloe, is die mooiste uiting waarvan die wapen getuig.

Al spreek hul wapen nie juis daarvan nie, was die Nieuwe Republiek tog beslis van plan om hul identiteit te handhaaf. Aanvanklik was die hele gemeenskap niks anders as 'n kommando nie. Die burgers het direk onder die bestuur van hul veldkornette en kommandant gestaan. Oortredings is dan ook deur die krygsraad, gestraf. Eers later is 'n komdt.-genl. bygevoeg. Hierdie offisiere is deur die burgers gekies. Die krygs-~~mag~~ mag bestaan uit alle weerbare manne, blankes sowel as naturelle,

indien nodig. Die krygsraad het eers onder die Comité en later onder die Volksraad gestaan.

Die grond wat die Vrywilligers van die Zoeloes gekry het, is as volg onder die burgers verdeel: (i) Die elf lede van die Comité was elk geregtig op 'n „Voorkeurrechtsplaats" 3000 morge groot. Hulle kon hulle plase uitsoek. (ii) Vrywilligers, wat voor 10 Junie 1884 by die laer geregistreer was, het „Eerste rechten" plase gekry. Hierdie plase was 2000 morge groot. Met sy eerste sitting in Augustus 1884, het die Volksraad 'n versoekskrif van 69 mense behandel, waarin hul vra, dat hul meer grond as die ander burgers moet kry, omdat hul gehelp het met die verdrywing van Usibebu, en omdat sommige lede van Meyer se kommando reeds vee van die Zoeloes ontvang het as beloning. Die Volksraad het hierdie versoek van die hand gewys. Met hul volgende sitting in Januarie 1885, het hul die saak weer behandel en toe is besluit dat mense wat teen Usibebu geveg het, 'n plaas van tenminste 2000 morge sou ontvang. (iii) Mense wat eers na 10 Junie 1884 by die laer aangekom het, sou „Laatste rechten" ontvang. Hierdie plase was 1000 morge groot.

Vier inspeksie-kommissies is op 15 Augustus 1884 benoem om die plase uit te meet. Hul het met hul werksaamhede op 1 September begin. Vroeg die volgende jaar eers was hul klaar. Daar is toe gevind dat daar te min grond oor is vir die Zoeloes. Die Volksraad het daarop besluit om die oppervlakte van die plase as volg te verminder: voorkeurplase sou wees 2500, eerste reg 1700 en die laaste reg 800 morge.

Volgens Laas en Emmett moes die eerste kommissie 672 plase opgemeet het. Hierdie plase het bestaan uit: 11 voorkeur, 531 eerste reg en 130 laaste-reg eiendomme. Die laaste aantal plase is as 2000 morge plase uitgemeet en dan elk in twee verdeel. Altesame dus 802 plase met 'n totale oppervlakte van 1355000 morge. In die instruksies aan die her-inspeksie-kommissie van Junie 1885, word die volgende getalle gegee: 11 voorkeur, groot 2500, 501 van 1700, eerste reg, 141 van 1600, laaste reg plase. Die laaste is weer in 800 morge plase verdeel. Altesame was daar nou 793 plase met 'n totale oppervlakte van 1104800

(25) N.R.15. (26) N.R.15. (27) N.R.4 p 206. (28) N.R.60.

(29)  
morge. 'n Agt-honderd-tal mense het dus grondeienaars in Zoeloe-land geword.

Okkupasie was verpligtend. 'n Eienaar kon egter 'n goedgekeurde plaasvervanger aanstel. Daar is in sodanige gevalle substituuutgelde geëis. Die plaasbelasting was £1 per 1000 morge per jaar, en dan g'n hoofbelasting nie. Alle burgers bo 21 jaar, wat nie grondeienaars was nie, moes 10/- per jaar hoofbelasting betaal.

Die inkomste van die staat het verder bestaan uit: erf- en kafferhutbelasting, diverse lisensies en permitte, skuthuurgelde, transportregte, registrasiefooie, baken- en inspeksiegelde, vendusie-pennings, verkoop en verhuur van erwe en plase, verkoop van ammunisie, seëlregte (staats- en posseëls), hofkoste, boetes, kafferpasse, huweliksgelde, boedelfooie, rente op geleende geldbedrae e.d.m..

Die beheer oor die finansies is opgedra aan die „Thesaurier Genl“.

J.R. Bell, was verantwoordelik vir hierdie sy van die administrasie. Wat die invordering van die gelde betref, is hy bygestaan deur die landdros, die „Zegeluitdeeler“ en die veldkornette. Die landdros het veral 'n belangrike pos bekleed. Hy moes alle onkoste uit sy invorderings bestry, soos salarisse, toelaes ens.. Hy moes maandeliks verslag doen aan die tesourier-genl. Later is alle uitbetalings deur laas-  
(30)  
genoemde gedoen. Die veldkornette moes die hutbelasting en publieke inkomstes invorder.

Die kafferaangeleenthede het veral baie aandag van die jong staatjie geverg. Aanvanklik het die Comité, bygestaan deur hul komdt. en veldkornette, self gesorg vir alle kafferaangeleenthede. Na die totstandkoming van die Republiek, het die Volksraad besluit, om kommissarisse aan te stel. Op 22 Januarie 1885, is die eerste kommissaris,  
(31)  
R. Wilhelm, aangestel. Sy instruksies is egter eers met die Junie-sitting van daardie jaar uitgewerk. Hy moes die hutbelasting invorder, kafferkwessies reël, passe uitreik, en dan was hy verder verantwoordelik vir die handels- en dranklisensies. Hy moes elke maand verslag doen aan die Uitvoerende Raad. 'n Jaar later, is hy ontslaan en sy  
(32)  
werk oorgedra aan die veldkornette. Die kommissaris het vir 'n tyd lank die werk gedaan, wat anders deur die komdt.-genl. verrig moes  
(33)  
- - - - -  
(29)N.R.4. (30)N.R.45. (31)N.R.9 p 62. (32) N.R.9 p 62. (33)N.R.15.

word. Met die herinstelling van die komdt.-genl. as lid van die Uitvoerende Raad, het die kommissarispos oorbodig geword, want die komdt.-genl. was ook superintendent van naturelle-sake. Hy moes vraagstukke i.v.m. naturelle in samewerking met die Uitvoerende Raad afhandel. Verder moes hy jaarliks 'n verslag van die toestand aan die Uitvoerende Raad voorlê.

Omdat die Nieuwe Republiek hul groot verantwoordelikheid ten opsigte van die Zoeloos gevoel het, het hul nie nagelaat om aandag aan die sending te skenk nie. Hierdie beweging het hul soveel moontlik aangemoedig en aangehelp deur die skenking van grond en steun. Ook hul eie kerkgenootskappe is nie verwaarloos nie. Die onderwys het ook hul aandag geniet. Die Volksraad het elke jaar 'n subsidie van £50 aan hul skoolkommissie geskenk om die onderwys aan te help. In 1886 het die Volksraad op staatskoste 'n skoolgebou laat oprig. Die subsidie is in 1888 verhoog tot £300, maar dan moes die „jongste schoolwet der Zuid-Afrikaansche Republiek" inwerking gestel word, in soverre dit dan toepasbaar was in hul eie staat.

Die Nieuwe Republiek het ook aandag geskenk aan die aanlê van dorpe. Op 13 Augustus 1884 reeds, het die Uitvoerende Raad opdrag van die Volksraad gekry, om 'n dorp aan te lê. 'n Kommissie is benoem wat die plek moes kies, uitmeet en die erwe verkoop. So 'n plek is gekies en op 23 September 1884 het die Volksraad besluit om die dorpie Vryheid te noem. Omdat die Nieuwe Republiek graag oor 'n eie hawe wou beskik, is besluit om 'n tweede dorp te St Lucia aan te lê. Hierdie dorp sou Eugenie genoem word. Engeland het egter die baai geannekseer en hulle voorgespring. Hulle besluit daarop om die dorp 10 myl van die baai, te laat uitmeet, dan sou hul nog in die nabyheid daarvan wees. Ook hierdie gebied het onder Britse gesag gekom, sodat hul die onderne- ming moes staak. Op 11 Junie 1888, het die Volksraad besluit om die mense wat erwe gekoop het se geld aan hulle terug te betaal.

Die dorpie Vryheid, waar al heel gou die „Raadzaal" en ander kantore opgerig is, het aanvanklik 300 erwe te koop aangebied. Baie mense het na die nuwe staat gestroom, sodat die bevolking in 1885 reeds die

(34) N.R. 23. (35) N.R. 7. (36) N.R. 1. (37) N.R. 10. (38) N.R. 66. (39) N.R. 4.

2000 merk oorskrei het. Volgens D.J.Esselen het die oprigting van die staat, tot Oktober 1885, hulle ongeveer £24000 gekos. 'n Groot bedrag (40) as in aanmerking geneem word dat die staat se inkomste jaarliks maar ongeveer £12000 was.

Tog was die jong staatjie in staat om hom finansieel te handhaaf. Met hul laaste sitting in Junie 1888, kon hul auditeur-generaal D.J. Esselen, aankondig, dat die batige saldo £1973-16-1 bedra, in vergelyking met die £1157-4-7 van die vorige jaar. Die hutbelasting, wat oorspronklik 10/- per hut was, maar weens die armoede van die kaffers na 5/- verminder moes word, het veel daartoe bygedra om die staat se finansies te styf. Die begroting vir 1888/89, toon aan dat hul £3000, aan hutbelasting verwag het. Dit meen 'n kwart van die totale inkomste. (41) Dit was dan vir die Uitvoerende Raad ook duidelik, dat hul finansieel sal ondergaan, toe hul die beheer oor Zoeloeland verloor het. Hierdie vrees het die weg help baan vir die uiteindelijke vereniging met die Transvaal. (42) Die Nieuwe Republiek was desnieteenstaande, tog in staat om hul president se salaris eers te verhoog van £350 na £500, en later selfs na £750. Ook die ander Uitvoerende Raadslede se vergoeding is verhoog van £150 na £200 per jaar. Die amptenare het ook almal verhoging gekry. (43)

Dit was veral hul staatssekretaris en auditeur-generaal se bekwame leiding, wat die Nieuwe Republiek, in staat gestel het, om hulself finansieel te handhaaf. D.J.Esselen was besonder lojaal jeens sy staat, hy het sy bes gedoen om die Nieuwe Republiek se onafhanklikheid ongeskonde te hou. Hy was die man wat Krogh en genl. Joubert se aspirasies t.o.v. St Lucia en die Nieuwe Republiek beveg en verongeluk het. Hy was egter ook die man, wat vereniging met die ouer susterstaat gesoek en aanbeveel het, toe hy besef dat sy staat nie langer alleen meer kan staan nie. D.J.Esselen was die spil waarom alles gedraai het.

(40) N.R. 7. (41) N.R. 15. (42) N.R. 15. (43) N.R. 3.

## HOOFSTUK.V.

## DIE NIEUWE REPUBLIEK SE STRYD OM ERKENNING.

Die Vrywilligers het uit die staanspoor, sedert hul die grens oorgesteek het, die naburige state op hoogte probeer hou van hul doen en late, in Zoeloeland. A. Schiel, sekretaris van Dinizoeloe, het onmiddellik na laasgenoemde se kroning, briewe gestuur aan die Zuid-Afrikaansche Republiek en ook aan die Britse Resident te Pretoria, t.w. Rutherfoord.

Rutherfoord het die brief aan Sir Henry Bulwer, Spesiale Kommissaris van Zoeloeland, gestuur, vir deursending aan die Koloniale Sekretaris. Sir Henry het egter, die brief teruggestuur met die opmerking <sup>(1)</sup> dat hy Dinizoeloe nie as koning van die Zoeloenasie kan erken nie. Die Boere se optrede is onwettig en in stryd met die Engelse belange in Zoeloeland. Dinizoeloe sou ook nie in staat wees om hom teen Usibebu te handhaaf nie. Buitendien is hy minderjarig en kan Sir Henry nie glo dat Cetewayo hom aangewys het as sy opvolger nie. Tog moet hy erken dat Dinizoeloe die meeste reg en die sterkste aanspraak het op die tiervel van sy <sup>(2)</sup>vader. Nog kort tevore, het Sir Henry voorgestel dat Dinizoeloe in sy vader se plek gekroon moet word, maar toe het Cetewayo nog as balling in die Reserwe verkeer en het die Engelse 'n uitweg uit die moeilikheid gesoek. Die dood van Cetewayo het sake, in die oë van Sir Henry verander. Hy het nog altyd gehoop dat die toestand op so 'n wyse sou opklaar dat dit in hul guns sou wees. Die aksie van die Boere moes hom dus erg ontstem het.

Na die verdrywing van Usibebu het Sir Henry, Rudolph as afgesant, na die Boere gestuur om 'n opheldering van hul te gaan eis. Sy gesant moes veral navraag doen i.v.m. die aanval op Usibebu. Die Comité het die posisie aan Rudolph verduidelik. Sir Henry was egter glad nie tevrede met hul verklaring nie. Aan Derby skrywe hy: "Their explanation of the attack made on Usibebu was unsatisfactory." Hy wou graag ingryp om Usibebu te help, daarom skrywe hy verder: "The attack was evidently a result of a compact made, and a condition of cession of territory... It is Mr Rudolph's opinion that in course of time the remainder of Zululand will come under the Boers unless we interfere." Die aan-

(1) C 4214 p 71. (2) C 4037 p 79.

val op Usibebu moet as verskoning aangegryp word om toe te slaan.

"He looks to us for help, but what can I say to him."

Van die proklamasie wat Dinizoeloe uitgevaardig het sê Sir Henry, dat dit in stryd is met hul regte, wat hy grond op hul oorwinning van 1879. Dit word voorgestel asof die kroning van Dinizoeloe in stryd is met: "conditions, which, provided that the nomination of his (Cetywayo) successor and of all future successors, should be according to the ancient laws and customs of his people, and should be subject to the approval of the British Govt." Dit alles het die Vrywilligers tog in aanmerking geneem. Volgens die volkstradisie en erfreg, was Dinizoeloe, die erfgenaam van Cetewayo. Wat die Britse reg van goedkeuring betref, watter nie-politieke beswaar, kon hul opper teen die kroning. Dit het Sir Henry besef, daarom erken hy dat sy hoofde, hierdie reg nie toegepas het nie en sake maar hul gang laat gaan het, daarom kom hy ook tot die gevolgtrekking: "it would serve no purpose to criticise the proclamation in detail."

As Sir Henry egter aan Usibebu dink, dan voel hy hul kan die saak nie sommer gewonne gee nie, sy gunsteling moet gehelp word. Hy probeer die saak op so 'n wyse stel dat sy hoofde tot optrede moet besluit. Die hele proklamasie sou dan 'n verkragting van hul regte wees: "that it is an act which will, I fear, prove to be a most serious blow to British power and prestige in South Africa," en dat die uitwerking skadelik en gevaarlik uiteindelik sal blyk te wees vir die Zoeloes, die Reserwe en Natal.<sup>(3)</sup>

Sir Henry was verniet so besorgd oor die Reserwe en Natal. Sy eie amptenare het al heel gou gewag gemaak, van die goeie invloed, wat daar van die Boere uitgegaan het op die naturelle, waarby die Reserwe ook veel baat gevind het. Wat Usibebu betref, het sy minister heel anders gedink as Sir Henry. Op 19 Augustus 1884, het Derby op afdoende wyse en finaal geantwoord op Sy Henry se smeebedes om hulp vir sy gunsteling. In sy antwoord het die minister betoog, dat sy regering onder geen verpligting staan om Usibebu te help nie en dat hul hul nie gaan bemoei met sake buite die Reserwe nie.<sup>(4)</sup>

Die Regering van Natal het ook kennis van Dinizoeloe se kroning gekry. Hulle het kortaf aan Schiel laat weet, dat dit 'n saak vir die

Imperiale Regering om Dinizoeloe as koning te erken. <sup>18</sup> (5)

Na die totstandkoming van die Nieuwe Republiek, het die Volksraad na aanleiding van 'n memorie wat deur lede van die publiek ingestuur is, op 'n geheime vergadering besluit, om 'n afvaardiging na die Zuid-Afrikaansche Republiek te stuur. D.C.Uys het 'n versoekskrif laat teken, waarin die Volksraad gevra word om die Transvaal te nader met die oog op 'n vereniging van die twee state. Hierdie versoek is egter van die hand gewys vir 'n voorstel van L.J.Meyer en W.Moolman dat 'n deputasie na die Zuid-Afrikaansche Republiek moes gaan om te onderhandel oor kwessies van wedersydse hulp- en diensverlening. Volgens Volksraadsbesluit moes die deputasie oor die volgende sake samesprekings hou: (i) Die oprigting van die Nieuwe Republiek. (ii) Die doel van die Vrywilligers, wat gedurende Mei maand, Zoeloeland ingetrek het. (iii) Wat daar in Zoeloeland sedertdien gebeur het. (iv) Of die Zuid-Afrikaansche Republiek die Nieuwe Republiek sal erken. (v) Of die ouer susterstaat Dinizoeloe as koning sal erken. <sup>(6)</sup>

As afgevaardigdes is gekies: L.J.Meyer en P.R.Spies. Hulle kon genl. Joubert saamneem, wat destyds, na sy bedanking as komdt.-genl., op sy plaas in die Wakkerstroomse distrik was. Hy het heel waarskynlik die sending afgeraai, want die deputasie het nie na Pretoria gegaan nie.

Tot 'n offisiële erkenning deur die Transvaal, soos deur die Oranje-Vrystaat het dit nie gekom nie. Die Zuid-Afrikaansche Republiek het om verskillende redes, 'n afwagende houding aangeneem. Hulle wou eers kyk wat die Engelse gaan doen. Hulle was bowendien angstig om die gebied in te lyf. Eers die jaar daarop het hulle die Nieuwe Republiek openlik erken as 'n onafhanklike staat. <sup>(7)</sup>

Die Volksraad van die Nieuwe Republiek was baie angstig om te weet, wat die Engelse houding is t.o.v. hulle handeling in Zoeloeland. Tot dusver het hul nog niks offisiëls van die Engelse ontvang nie, behalwe vir die besoek van Rudolph. Hulle besluit dus om 'n deputasie na Osborn, die Naturelle-kommissaris in die Reserwe, te stuur. Th.Steenkamp, C.Birkenstock en D.J.Esselen moes aan hom gaan verduidelik waarom hul na Zoeloeland gekom het en wat hul houding t.o.v. die Reserwe is. Osborn het 'n besonder gunstige indruk van die Boere gekry. Aan

Sir Henry skrywe hy i.v.m. die besoek dat die afvaardiging die wens uitgespreek het om saam te werk en dat hul alles in hul vermoë sal doen om 'n goeie gesindheid te skep tussen hul staat en die outori-teite in die Reserwe. Vir hom was veral die volgende versekering van groot belang: "...they repeatedly expressed the anxiety of the Boers and their Govt. to do all they can to prevent any violation of the borders of the Reserve." <sup>(8)</sup> Dat dit nie net by beloftes sal bly nie, het Osborn goed geweet, want op bevel van die Boere het die Zoeloes, vroeër daardie jaar, die bedreiging van sy kamp gestaak.

Die afvaardiging het hier die regte saak aangeroer. Derby was geneë om hul teenwoordigheid in Zoeloeland oogluikend toe te laat. 'n Skending van die Reserwe se grens sou hy egter nie duld nie. Nog weer op 17 Oktober 1884, skrywe hy aan Sir Henry: "I trust, with you, that the Boers will continue to respect the integrity of the Reserve Territory, as they must be fully aware that they will not be permitted to interfere with it." <sup>(9)</sup> Genl. Smyth is spesiaal van die Kaap met 'n troepemag gestuur om die grense van die Reserwe te gaan bewaak. Die deputasie het dus baie taktvol te werk gegaan en hul houding het dadelik vertroue ingeboesem. Genl. Smyth, wat die deputasie ook ontmoet het, het dit as sy mening uitgespreek, dat 'n mate van regering in Zoeloeland, baie <sup>(10)</sup> wenslik was, nie net vir die gebied buite, maar ook binne die Reserwe. Hiermee het hy die dade van die Boere goedgekeur en geregverdig.

Hierdie rapporte is verder gerugsteun deur mededelings van Pretorius dat hy gedurig hulp van die Boere kry, met die opsporing van gesteelde vee. Pretorius was 'n onderkommissaris in die Reserwe en moes help met die naturelle-administrasie. Verslae soos dié, kon nie daarin slaag om Sir Henry se gemoedsrus te bewerkstellig nie. Wel het dit hom gunstiger gestem teenoor die Boere, maar hy wou hul nie graag iets gun nie. Hy het geweet dat hy vroeër of later die Boere sal moet antwoord of die Engelse die Nieuwe Republiek gaan erken of nie. Hy wou dus graag vroegtydig al van Derby, instruksies oor die saak hê. Op 16 September 1884, skryf hy aan Derby oor die aangeleentheid en vra wat hom te doen <sup>(11)</sup> staan. Derby en sy Regering kon maar nie tot 'n beslissing oor die toestand in Zoeloeland geraak nie, hulle besluit dus om 'n afwagende

(8) C 4274 p 11. (9) C 4214 p 101. (10) C 4274 p 38. (11) C 4214 p 101.

houding in te neem. Die feit dat die Nieuwe Republiek genl. Joubert gekies het as president het hul nog meer aangemoedig om te wag. Hierdie houding van Derby het die posisie baie moeilik gemaak vir Sir Henry. Op 6 Oktober 1884, moes hy weer die saak aanroer en sy verleentheid spreek duidelik uit sy brief. Hy skrywe: "It is very desirable that some rule should be established in Central Zululand, . . . . and since we will not take over the country ourselves, it is expedient that we should recognise the 'de facto' ruler of Central Zululand, who ever he (12) may be." Osborn en genl. Smyth se rapporte het Sir Henry baie toegewend gestem.

Derby het egter begin besef, dat hy sy amptenaar nou moet inlig, daarom stuur hy op 12 November 1884, die nodige instruksies. Hierdie instruksies sou Sir Henry nie net laat swyg oor die kwessie nie, maar by hom die hoop laat herleef, dat alles nog nie verlore was nie. Derby se opdrag lui: "Referring to your despatch of 6th October, Her Majesty's Govt. consider premature to discuss question of recognition of the New Republic in view of absence of official notification with full details. No advantage gained by recognition prematurely." (13) Sir Henry het nou geweet, wat van hom verwag word. Dit het die deputasie van die Nieuwe Republiek, wat op 8 Desember 1884 te Pietermaritzburg verskyn het, om met hom te onderhandel, o.a. ook oor die posverkeer, uitlewering van misdadigers, die deurvoer van wapens en ammunisie, heel gou uitgevind. Kortaf het hy hul huistoe laat stuur met die verskoning dat hy geen magtiging het om met hulle te onderhandel nie. Hierdie magtiging (14) sou hy ook nie hê, as hy Derby nie daarom vra nie. Onverrigter sake moes die deputasie, bestaande uit: D.J. Esselen, J.F. van Staden en H.B. Liversage, terugkeer na Vryheid, met nie eers die hoop of verwagting, dat die Engelse die kwessie van hul onafhanklikheid, nou of later, sal oorweeg nie.

Wat het Sir Henry so skielik van houding laat verander? Op 6 Oktober nog, was hy geneig om hul te erken. Aan Derby het hy geskrywe: "It is difficult for me in view of the decision of Her Majesty's Govt. not to interfere with the Zulu Country beyond the Reserve to express

(12) C 4214 p 41. (13) C 4274 p 30. (14) C 4587 p 3.

an opinion against recognition of what are accomplished facts." Waaron dan, het Sir Henry die deputasie, wat wou kom onderhandel, so onvriendelik weggestuur, as hy die stigting van die Nieuwe Republiek in Oktober al, aanvaar het, as 'n voldonge feit. Was dit miskien Derby se antwoord van: "wait till Joubert has assumed the presidency," of sy uitlating van: "no advantage gained by recognition prematurely?" Nee, daar was nog iets anders, iets van veel groter belang in die gedrang.

Nog op dieselfde dag, dat Sir Henry die deputasie huistoe laat stuur het, ontvang hy 'n telegram van die Koloniale Kantoor: "That Her Majesty's Govt. have decided to assert their rights at St Lucia Bay." Die volgende dag het die volledige instruksies Sir Henry bereik. Die Britse Regering het n.l. besluit om St Lucia te annekseer. Instruksies is uitgevaardig dat die eerste skip wat in die omgewing van die baai kom, daarheen moet gaan, die Britse vlag aldaar moet hys en salueer. Verder moet daar 'n kennisgewing gelaat word, dat die gebied aan die Britse Ryk behoort. Die plek moet later van tyd tot tyd besoek word.

Wat het dan gebeur dat die Engelse so haastig is om St Lucia te annekseer, op grond van 'n ou traktaat, wat in 1843 met Panda aangegaan is en waarin hy, afstand van die gebied ten gunste van Engeland sou gedoen het? Die Duitsers was besig om grondgebied in Zoeloland te bekom. Hulle het veral die oog op St Lucia gehad. Hierdie beweging was geruime tyd al aan die gang. Reeds op 25 Junie 1884, het A. von Levetzow, 'n amptenaar van die Zuid-Afrikaansche Republiek te Utrecht, 'n brief aan die Comité gestuur, waarin hy skrywe: "Ik neem de vryheid U Ed. opmerkzaam te maken, in 't geval er moeyelykheden met Engeland mogten ontstaan over uwe werkzaamheden in Zululand, op de groote begeerte, die thans in Duitschland zoo duidelyk ten vorschyn komt, niet alleen by het volk maar ook by de Regeering, om voor den deutschen handel, handelstatien aan de kust van Afrika en andere landen op te rigten, en hoe wenschelyk het mag zyn voor de welvaart en den vrede voor 't geheel Z. Afrika, om door een klein afstand van land aan de kust te verzekeren van de medewerking en de sympathy van een sterke macht zoo als Duitschland, die door een woord een oor-

log met Engeland kan voorkom. Ik weet zeer wel, dat het voor U van groote belang is de kust als Zeehaven onder uw eigen Bestuur te houden, maar ik geef alleen dezen wenk in geval van gevaar. " Hy gaan da verder, deur Dr Haevernicht se naam te noem as 'n geskikte persoon, (18) deur wie se bemiddeling, onderhandelings aangemoop kan word.

Dr Haevernicht het baie belanggestel in St Lucia, soos o.a. ook (19) blyk uit sy korrespondensie met genl. Joubert. Von Levetzow was 'n Duitser op die grens, wat die vertrouwe van die Boere geniet het, van hom wou Dr Haevernicht skynbaar gebruik maak om sy doel te bereik. Dat die Duitsers dit nie net by hierdie mislukte poging van von Levetzow gelaat het nie, blyk uit 'n konsep-oordrag-traktaat van St Lucia, wat iemand J.C. Krogh, vertrouelik in die hand gestop het. Op 9 September 1884, het Krogh hierdie dokument aan sy hoofde te Pretoria gestuur. (20) Die dokument maak voorsiening vir die oordrag van 'n stuk grondgebied te St Luciabaai. Die gebied al langs die kus, vyf myl breed en tien myl lank, word hierin aangedui. Die gebied sou oorgedra word aan Dr Haevernicht wat Dinizoeloe in geld sou uitbetaal vir die grond en verder onderneem om handelstasies in die gebied op te rig.

Kort hierna verskyn August Einwald te Vryheid. Hy sou die man wees om die beweging 'n verdere stap voorwaarts te besorg. Hy het na Zoeloland gekom om Schiel te kom werf vir hul poging, om St Lucia in die hande te kry. Schiel was dadelik bereid om mee te doen. Te Emniati, het hulle die Zoeloehoofde byeen gebring en bearbei. Dit het gelei tot die ondertekening van 'n memorandum deur Dinizoeloe, Schiel, nog as sekretaris van die Zoeloenasie, August Einwald, F. Stallboom en G. Johannes, die twee sendelinge, wat die Zoeloehoofde moes kom help be- (21) weeg.

In hierdie dokument doen Dinizoeloe afstand van grond aan: „Kapitein Adolf Schiel, Staats-secretaris van Zululand en Kommandeur van het Abaquluzi leger, als belooning voor die aan my en myn volk bewezene dienste, zestig duizend engelschen acres grond, grensende ten Oosten aan den Indische oseaan en liggende ten Noorden, Westen en Zuiden van St Lucia Bay." In artikel 2 kry Schiel die reg om die gebied

(18) N.R. 16. (19) N.R. 16. (20) R 4260/84. Hierdie dokument is nie onderteken nie, en daar verskyn ook geen datum op nie.

(21) N.R. 36.

oor te maak aan wie hy ook al verkies. Die gedagte was om as hul eers; eenmaal die reg oor die grondgebied gekry het dit oor te maak aan J.A.A. Luderitz, die „Bremer Kaufmann“ en „Begründer der deutschen Kolonie Südwest Afrika“, deur wie Einwald eintlik gestuur was om St Lucia te kom inpalm.

Schiel kry verder nog: „het volle en alleenige regt, in het grondgebied, vroeger bekend als Usipebus gebied, te zeggen in het gebied, het welk door de Britsche Regeering ten laatste aan Usipebu was toegewend, handel te dryven.....“ en daarby die monopolie om aldaar handel te drywe. Ook hierdie konsessie was oordraagbaar. Die handelsware kon vry van in- en deurvoerbelaasting na genoemde gebied gebring en ook vry na Dinizoeloe se land versend word. Schiel van sy kant verbind hom om binne twee jaar aan den Zulukoning Dinizulu, een duizend bruikbare geweeren te geven. „Ook moes hy onderneem om binne dieselfde tydperk vier handelstasies op verskillende plekke op te rig. Die Duitsers het wel van taktiek verander, maar die doel het dieselfde gebly.

Dieselfde Schiel, wat die Vrywilligers later verwyrt het, dat hulle te veel grond ingepalm het, is nou, op 13 November 1884, besig om die Republiek, wat hy help stig het, te ondermyn. Hy het saam met die Vrywilligers na Zoeloeland gekom, hom aan hulle wette en reëls onderwerp. Nou ontken hy nie alleen die verdrae wat hy help opstel het nie, maar is hy selfs bereid om die Zoeloes te wapen.

As verontskuldiging vir sy handelswyse, voer Schiel aan, dat hy onder die indruk verkeer het dat die onderhandelings tussen die Boere en die Zoeloes misluk het. <sup>(22)</sup> Sonder om egter die leiers van die Vrywilligers te raadpleeg, beweeg hy Dinizoeloe om sy woord te breek en die grondgebied wat aan die Boere behoort, aan die Duitsers te verkoop. Die ontevrádenheid van die Zoeloehoofde later, moet ongetwyfeld, tot 'n groot mate aan Schiel se verraderlike gedrag gewyt word. Hy sou skynbaar nie geskroom het, om die Zoeloes teen die Boere op te hits, as hy maar net sy eie ideale kon verwesenlik.

Na die ondertekening van die dokument, is hy en Einwald uiteen, nadat hul ooreengekom het, om mekaar 'n week later in Durban te ont-

moet, vanwaar hulle sou skeepgaan, op weg na Duitsland. 'n Dag na hul vertrek uit Durban op 17 Desember 1884, het Engeland St Luciabaai geannekseer. Lt. Moore, van die Goshawk, het sy bevel nagekom en op 18 Desember, die Engelse vlag te St Luciabaai gehys. (23)

Die Engelse het baie vinnig gehandel toe hulle hoor wat aan die gang is. Dit was heeltemal in stryd met hulle handelsbelange, dat die Duitsers 'n handelspos en houvas in Zoeloeland moes hê. So 'n gebeurlikheid moes voorkom word. Op 6 Desember 1884 laat weet Meade, Ondersekretaris van Kolonies, aan Dr Bush, Duitse Minister van Buitelandse Sake, dat die Engelse aanspraak maak en regte het, wat hulle grond op ou traktate, op St Lucia. Hulle kon die Einwaldooreenkoms nie erken (24) nie. Dit het egter nie net by protesteer gebly nie, die Engelse vlag is met die eerste die beste geleentheid te St Lucia gehys.

Die Duitsers het egter geweet, hoeveel waarde geheg moet word aan die Cloete-Panda-traktaat van 1843. Hulle was van mening dat hulle aansprake sterker was, daarom dien hul 'n protes in teen die hysing van die Engelse vlag en die anneksasie van die betwiste gebied.

Die Engelse kon nie te seker van hul regte gewees het nie, want hul het dadelik 'n soektog na bewyse aan die gang gesit. Sir Henry het veral die spil geword, waarom alles gedraai het. Hy moes bewys, dat die Duitse aansprake onwettig is en dat St Lucia aan die Engelse behoort. Derby het die saak vir hom probeer vergemaklik, deur te suggereer, dat Dinizoeloe nou, die afstand van die grond ontken. Verder doen hy aan die hand, dat dit miskien bewys kan word, dat Dinizoeloe 'n onwettige kind van Cetewayo is. Sir Henry voel egter baie seker van sy saak en vind dit nie nodig om van Derby se wenke gebruik te maak nie. In sy antwoord wys hy daarop, dat daar geen bewys is dat Dinizoeloe die afstand van grond ontken nie, verder is vasgestel dat hy wel 'n wettige kind van Cetewayo is. Dit alles was egter nie nodig nie, meen Sir Henry, daar is genoeg gronde om te bewys dat die Duitse ooreenkoms geen reg van bestaan het nie. Dinizoeloe is nog nie deur hulle as opvolger van Cetewayo erken nie. Hy het dus geen reg om van gronde afstand te doen nie. Cetewayo het nie eers sodanige magtiging gehad nie. Bovendien is Dinizoeloe minderjarig. Dinizoeloe het ook geen reg om van (23) C 4442 p 2. (24) C 4290 p 5. (25) C 4587 p 23.

die grond weg te gee nie, want dit behoort aan Engeland.

Ook dit, was vir die Koloniale Kantoor, nie oortuigend genoeg nie. 'n Ander plan moes gemaak word, om die Duitsers uit te skakel. Die maklikste uitweg was om die Duitse aansprake af te koop en dit het hul dan ook gedoen. Op 7 Mei 1885 skryf die Duitse Ambassadeur in Londen aan die Engelse Regering dat sy Regering bereid is om hul aansprake terug te trek en beloof om hul te onthou van die verkryging van grond tussen Natal en Delagoabaai, mits die Engelse onderneem om hulle te onthou, van bemoeiing met die uitbreiding van Duitse invloed in Wes-Afrika en by die Golf van Guïnea. (26)

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het gemeen, dat hulle ook aanspraak op St Lucia kon maak en dien dus 'n protes teen die anneksasie in. Hierdie aanspraak het hulle gegrond op die Retief-Dingaan-traktaat. Die anneksasie van Natal deur die Engelse het nie hierdie gebied ingesluit nie. Bowendien, het hulle geargumenteer, was Panda 'n onderdaan van die Boere, hy het dus nie die reg gehad om die grond aan Cloete te skenk nie. Die Boere het 'n sterk suspisie gehad, dat Cloete nie op 'n wettige wyse aan die kruisie van Panda gekom het nie. Panda sou, volgens verskeie getuies, geweier het om afstand van die grond te doen. Cloete het daarop sy kruisie op 'n skoon vel papier laat aanbring, om dan net aan sy Regering te kan toon dat hy wel by Panda (27) was. Hierdie ooreenkoms het die Boere, later met Cetewayo, laat hernu. Hulle was baie angstig om die gebied te besit, want dit het die moontlikheid van 'n eie hawe gebied.

Die protes van die Zuid-Afrikaansche Republiek, is eenvoudig opsy geskuif en geïgnoreer. Op 14 Mei 1885, laat die Hoë Kommissaris, kortaf aan hulle weet, dat hul aanspraak nie erken kan word nie en dat Haar Majesteit se Regering, die besetting van St Lucia nie sal duld (28) nie. Waar dit 'n klein staatjie geld, is 'n dreigement altyd verskoonbaar, omdat die uitwerking besonder effektief is.

Van al die aanspraakmakers, het die Nieuwe Republiek, ongetwyfeld die meeste reg op St Lucia gehad. Op 30 April 1885 egter eers het

(25) C 4587 p 23. (26) C 4442 p 2. (27) Leyds: „Insluiten v.d.B.R.“ Dl.1. p 312. (28) C 4887 p 76.

die Uitvoerende Raad 'n protes goedgekeur en aan Sir Henry gestuur. Waarom so laat eers? Met hul aankoms by die see, in Desember 1884, het die eerste inspeksie-kommissie, die kennisgewing van Moore, daar gevind. Hulle het dus van die anneksasie geweet. Waarom is daar dan so lank gedraai? Miskien as gevolg van die groot onsekerheid wat daar geheers het. Die Zoeloos was baie ontevrede en het orals gaan klac. Die Engelse wou hulle nie ontvang of te woord staan nie. Miskien het hul die uitslag van die stryd tussen die Engelse en Duitsers afgewag. By dit alles kom nog, die agitatie van die Transvaal, wat nie net aanspraak gemaak het op St Lucia nie, maar in die geheim gehoop het dat die Nieuwe Republiek 'n deel van hul staat sou word. Nadat dit egter duidelik begin word het, dat die Duitse poging gaan misluk en die Transvaal ook niks gaan uitvoer nie, het die Uitvoerende Raad gedink dat dit tyd geword het, om beswaar te maak teen die anneksasie van grondgebied wat na regte aan hulle behoort.

Dit was egter nie 'n kwessie van wie die meeste reg gehad het nie, dit was 'n saak van wie daardie reg kon laat geld. In die Goewernementskoerant van 28 Julie 1885 verskyn 'n formele kennisgewing dat St Luciabaai en die aangrensende kusgebied deur Groot Brittanje anneksieer is. (30) Vrug nommer een, kon nou gooes word, wat as beloning sou dien vir die aanvanklike, doelbewuste, afwagtende houding, wat die Imperiale Regering ingeneem het t.o.v. Zoeloelandaangeleenthede. Sir Henry sou sy bes doen om hierdie sukses op te volg deur nog meer. Hy het dan ook 'n tweede oogmerk met hierdie onderhandelings nie uit die oog verloor nie. Hy sou n.l., sy bes doen om 'n einde te maak aan die heerskappy van 'n groepie Boere in Zoeloeland. Die gebied was mos nou weer rustig, vrede en orde is herstel, danksy die bemoeiings van die klompie Vrywilligers. 'n Feit wat Sir Henry op een stadium geneig was om te erken, maar nou weer uit die oog begin verloor het.

In sy pogings om ook hierdie gebied te bekom, het Sir Henry ewe getrou die metode en voorbeeld van Sir Th. Shepstone gevolg, met sy anneksasie van die Transvaal, 'n paar jaar vroeer. Op 17 Januarie 1885 skrywe hy aan Derby dat genl. Joubert in die Nieuwe Republiek is, wat hy verkies om as "on the spot", aan te dui. Joubert is egter nie geneë

om die pos van president te aanvaar nie. Hiervan sal die Engelse dus nie gebruik kan maak nie. Joubert sou dan 'n "British protectorate" vir die Nieuwe Republiek, aanbeveel het. Hy het gou bygevoeg: "this is doubtful". Tog, laat hy die volgende mededeling direk daarop volg: "it is thought British protectorate acceptable to many, if the farms are guaranteed." Twee dae later, skryf hy 'n tweede brief i.v.m. die saak, waarin hy weer beweer dat Joubert die Nieuwe Republiek aangeraai het om die Engelse te nader en om beskerming te vra. Hy voeg ongelowig by: "it is difficult to believe that he could have given such (31) advice." Hy moet egter die inlywing van die gebied propageer, daarom beweer hy nogmaals: "There is no doubt, however, that a great number of the Boers in Zululand would welcome the annexation of the whole Country by the British Govt., if they were given some assurance as (32) to their farms."

Met die agtergrond sover voorberei, kon Sir Henry dit 'n tydjie later nog 'n bietjie verder waag met sy propaganda. Hy verander nou effens van taktiek om groter druk te kan uitoefen op sy minister. Op 1 Junie 1885, nadat hy meegedeel het dat Joubert weer in die Nieuwe Republiek was, sê hy: "Mr Joubert has suggested to the leaders of the New Republic a scheme for bringing that territory under the protection of the Transvaal Govt. and giving St Lucia Bay to the Germans!" Hy beweer dan verder: "there is said to be much discontent among the Boers in Zululand. There is no leader whom they trust, there is no money and there is a general belief that it will be impossible for the New Republic to stand alone. The majority, I am told, would be glad to see an annexation of the country by the English. The Anti-English party however, which is in the minority is powerful, because (33) the officials and authorities belong to them." Hy moes nog net 'n kaffergevaar ontdek het, wat die handjievol Boere bedreig met algehele uitwissing, dan kon hulle uit naam van die beskaafde wêreld en bloot en alleen uit opregte humaniteitsgevoel, die gebied annekseer het, om die blankes te beskerm en te verdedig.

Die Nieuwe Republiek het gevoel, dat hulle die saak van hul onafhanklikheid nie kon laat by die antwoord van Sir Henry aan die de-  
 (31) C 4645 p 12. (32) C 4587 p 10 en 17. (33) C 4587 p 91.

putasie van 8 Desember 1884 nie. D.J.Esselen, "a gentleman of very  
 (34)  
 great ability"soos Stanley van hom getuig, het gevoel, dat hy moet  
 uitspring en iets doen indien hulle nog iets vou red. In 'n brief  
 aan die Uitvoerende Raad vra hy op 1 Junie 1885 dat hulle hom na  
 Engeland moet afvaardig. Twee dae later behandel die Volksraad sy  
 versoek. P.R.Spies meen dat so'n sending vrugteloos sou wees. Die  
 Uitvoerende Raad kry nogtans opdrag om hom van die nodige geloofs-  
 (35)  
 briewe en magte te voorsien. Kort hierna vertrek hy na Engeland, so-  
 dat hy op 26 Julie 1885 reeds in Londen was. Hier het hy Chas. Mills  
 ontmoet, deur wie se bemiddeling hy 'n onderhoud met Stanley probeer  
 kry het. Stanley het op 24 Junie 1885 Derby opgevolg as Minister van  
 Kolonies. Esselen het dit egter maar moeilik gevind om 'n onderhoud  
 gereel te kry. Nadat verskeie pogings om Stanley te spreek, misluk  
 het, het Esselen 'n onderhoud met Gladstone, die Eerste Minister, pro-  
 beer reel. Ook dit is hom op 24 September geweier. Eers op 29 Septem-  
 ber het Sir R.G.W.Herbert, Onder-Sekretaris van Kolonies, ingestem om  
 (36)  
 hom op 1 Oktober te woord te staan.

Aan Herbert het hy hul saak na die beste van sy vermoë voorgedra.  
 Herbert het beloof om alles onder die aandag van Stanley te bring,  
 maar omdat die Nieuwe Republiek nog steeds aanspraak op St Lucia ge-  
 maak het, kon daar van Engelse kant beskou, maar net een antwoord ge-  
 wees het. Op 13 Oktober het die antwoord dan ook gekom: "that Her  
 Majesty's Govt. are not prepared to recognise the New Republic which  
 he and others purport to have established in Zululand, or to receive  
 officially a gentleman commissioned to act as its representative,  
 and that on the arrival of Sir Henry Bulwer in this country Col. Stan-  
 ley will confer with him and consider what steps should be taken to  
 (37)  
 secure British and other interests in Zululand."

Esselen, wat maar te goed geweet het, wat die Nieuwe Republiek van  
 Sir Henry moet verwag, het die nodeloosheid van 'n langer verblyf in-  
 gesien en besluit om maar terug te gaan. Op 20 Oktober het hy aan  
 Herbert geskrywe, dat hy nie langer kan bly nie en dat hy 'n memoran-  
 dum insluit, wat 'n volledige verslag van hul ontstaan en geskiede-  
 nis weergee. Hy het veral uit toesprake van Engelse Parlementslede  
 probeer aantoon dat hul optrede reg en billik was. Hy het verder die  
 (34) N.R. 67. (35) N.R. 3. (36) N.R. 17. (37) C 4645 p 43.

hoop uitgespreek dat hul onafhanklikheid erken sal word, omdat dit  
(38)  
in die beste belange van almal sal wees.

Voordat hy na Suid-Afrika vertrek het, het hy uitvoering aan sy  
laaste opdrag gegee, deur James Falconer, aan te stel as verteenwoor-  
(39)  
diger van die Nieuwe Republiek in Europa.

In die Nieuwe Republiek terug, het die Uitvoerende Raad op 18 De-  
sember 1885, sy verslag aangehoor. Die Volksraad het die saak eers op  
3 Maart 1886, met 'n geheime sitting behandel. Dit was vir hulle dui-  
delik, dat hulle nou alles gedoen het, wat van hulle verwag kan word,  
daarom het hulle besluit om van nou af aan 'n afwagtende houding  
(40)  
aan te neem. Hulle sou nou vir die Engelse wag om iets te doen.

Die Volksraad het meer as genoeg rede gehad, om versigtig te wees.  
Op 26 Oktober het hulle 'n proklamasie uitgevaardig, waarin die gren-  
se van die Republiek aangekondig is. Die Engelse, wat tot hiertoe die  
Boere laat begaan het, het al heel gou hierop gereageer, al omdat  
hulle onder die indruk verkeer het, dat die Nieuwe Republiek, ten spy-  
te van Sir Henry se protes, nog altyd aanspraak maak op St Lucia.  
Die Britse onvergenoegdheid, is verder aangewakker deur Sir C.B.H.  
Mitchell se rapport van 26 Desember 1885, waarin hy beweer, dat die  
Boere 5/6 van die gebied buite die Reserwe inpalm. Stanley het dade-  
lik opdrag gegee, dat Mitchell die Boere in kennis moet stel dat hul  
aansprake op grondgebied in Zoeloeland nie deur hul erken kan word  
nie. Hy moes hul verder waarsku dat Haar Majesteit se Regering: "...  
cannot view with indifference any course of action tending to bring  
(41)  
on disturbances near the Zulu Native Reserve."

Dit was nou die uitwerking van Sir Henry en Stanley se samespre-  
kings, wat moes lei tot 'n bevredigende oplossing vir alle partye.  
Sir Henry het dus daarin geslaag om sy Minister tot optrede te be-  
weeg. Hy het ook ander bronne ingelig, soos blyk uit 'n berig in die  
"London Times" van 19 Februarie 1886, waarin een en ander oor die  
Nieuwe Republiek gesê word, o.a. dat die leiers hier, die anneksasie  
van die gebied sal verwelkom, as die grondregte alleenlik maar ge-  
(42)  
waarborg word. Die berig lui verder dat, as die Boere eers eenmaal  
gevestig is, trek hulle nie sommer weer weg nie. Dit wil dus skyn as-  
of die Engelse opsetlik gedraai het om hul uit te spreek oor die  
(38) N.R.66. (39) N.R.67. (40) N.R.10. (41) C 4645 p 71. (42) N.R.67.

handelinge van die Boere in Zoeloeland. Op 20 Februarie 1886 het Stanley 'n volledige verklaring gedoen i.v.m. die Nieuwe Republiek. In hierdie verklaring, wat in die Laerhuis gedoen is, beveer Stanley dat die Boere deur Cetewayo uitgenooi is om te kom help met die onderlinge stryd. Hulle het van die geleentheid gebruik gemaak om 'n ooreenkoms te sluit, wat besonder vaag is met betrekking tot die getal persone en die hoeveelheid grond waaroor dit handel. "He fully believed that the terms were unnecessarily vague and that they were purposely left so." 'n Groot getal Boere het die gebied binnegestroom en plase in besit geneem. Esselen het om erkenning kom vra, dis hom geweier. Nou egter, dat plase ook by St Lucia opgemeet word deur die Boere, teen hul beter wete, voel hy dat die Britse Regering moet ingryp. Hul is nie van plan om van geweld gebruik te maak nie. "His own view was this: He believed that the Boers, whether they called them the New Republic or not, had acquired moral rights to some extent by lapse of time, by the tacit recognition on the part of the late Govt. and their predecessors, and by right of treaty, although the latter had been unduly strained. They could not, therefore, be treated as interlopers, and certainly ought not to be dispossessed by any force without full inquiry. On the other hand, as he had stated there could be no moral doubt that the treaty had been strained much too far." Daar is drie partye betrokke in die saak, n.l.: die Boere, die Zoeloes "and Natal, the most important of all!" (43) Daar was dus nog hoop vir die Boere, al moes hul hul verlaat op die goedgesindheid en tegemoetkoming van die Engelse.

Daar het destyds heelwat verwisseling van regering in Engeland plaasgevind. In Junie 1885 is die Gladstone-Regering verslaan deur Salisbury, wat kort daarna, in Februarie 1886, weer deur eersgenoemde vervang is. Nog dieselfde jaar, op 3 Augustus, het Salisbury weer aan bewind gekom. Hierdie gedurige verandering van regering, moes op een of ander stadium 'n nadelige uitwerking op ander terreine gehad het. Stanley het o.a. geweier om Esselen te ontmoet, omdat hy nie te seker van sy posisie was nie. (44)

Nadat Gladstone in Februarie 1886 weer aan bewind gekom het, het dit gelyk asof die Nieuwe Republiek, uiteindelik tog iets gaan bereik. (43) N.R. 67. (44) N.R. 67.

Op 11 Maart 1886, laat weet Granville, sy Minister van Kolonies, dat sy regering onder sekere voorwaardes, bereid is om die Nieuwe Republiek te erken. Hy neem 'n houding aan dat sy regering die reg het en verplig is, om in te gryp. Die Zoeloehoofde het herhaaldelik by hul kom klae oor die hoeveelheid grond wat die Boere geneem het.

Sir Arthur Havelock, wat Sir Henry Bulwer opgevolg het, het opdrag gekry om die saak te ondersoek. Hy was van mening dat W. Grant die Zoeloes mislei het en dat dit aan hom te danke is dat die Zoeloes toegestem het om afstand van die grond te doen. Grant sou dan nagelaat het, om die dokument behoorlik te vertaal. Die Zoeloes was nie ten volle bewus van al die terme van die afstand van die grond nie. Sir Arthur het deeglik op die saak ingegaan en al die bronne tot sy beskikking nageslaan. Hy het o.a. ook gebruik gemaak van A. Schiel se aantekeninge. Schiel het na Zoeloeland uit Duitsland teruggekeer, nadat dit duidelik geword het, dat hul St Lucia nie gaan kry nie en het eers op 6 Maart 1886 bedank as Sekretaris van die Zoeloenasie.

Grant het hom verplig gevoel om op die aantygings te antwoord. In sy verweer het hy daarop gewys dat volgens sy dagboek dit hom twee uur geneem het om die traktaat te verduidelik. Na hom het A.M.J. Laas dit nog 'n keer in sy teenwoordigheid, aan hulle vertaal en verklaar.

Sir Henry Bulwer het al op 19 Januarie 1885 besef dat die Zoeloes nie die minste rede het om met so 'n argument te kom nie. Ook Sir Arthur moes na sy ondersoek tot hierdie gevolgtrekking geraak het, maar onder tussen het Granville 'n lelike flater begaan. Hy verwyt die Boere dat die Zoeloes nie bekend was met die terme van die ooreenkoms van 16 Augustus 1884 nie en dit nadat Sir Henry verskeie kere daarop gewys het, dat die Zoeloehoofde nie kan wegkom van die feit dat hul bekend was, met die artikels van die verdrag.

Op 11 Maart het Granville hierdie aantyging van hom opgestel, onder tussen was Sir Arthur besig om die Zoeloehoofde, wat weer by hom kom klae het, op die vingers te tik dat hul hul tog bewus moes gewees het van die volle betekenis van die ooreenkoms. Het Grant e.a. dit dan nie aan hul vertolk nie? Het Grant en Dinizoeloe dit dan nie onderteken nie? Al is hul ongeletterd, hul het tog by die tyd genoeg ondervinding gehad om te weet wat die ondertekening van so 'n dokument beteken.

Na die versending van sy antwoord, ontvang Sir Arthur eers Granville se beskuldiging teen die Boere. Hy moes hom in 'n moeilike posisie gevoel het. Sy verleentheid sou egter nog verder styg, want op 18 Mei antwoord Granville dat Sir Arthur se antwoord aan die Zoeloes heeltemal in ooreenstemming is met sy instruksies van die 11 de Maart. (48) Tereg merk Dr W.J. Leyds op: „Dit incident is een sprekend voorbeeld van de volmaakte onverschilligheid voor feiten, waardoor de Engelsche werden beheerscht, waar het Boeren gold.“ (49)

Ondertussen het president Meyer op 6 April 1886, 'n brief van Sir Arthur ontvang, waarin die Nieuwe Republiek uitgenooi word, om te kom onderhandel i.v.m. die erkenning van hul staat. Die Uitvoerende Raad (50) het daarop besluit om eers vir Esselen te stuur vir 'n voorlopige onderhoud. Op 27 en 28 April het Esselen met Sir Arthur gesels. Aan Esselen is 'n memorandum voorgelê, wat verwys na die vorige kommunikasies; die eerste deputasie van 8 Desember 1884, Esselen se sending na Engeland en wat daaruit voortgevloei het. Verder probeer Sir Arthur hul houding en standpunt te verduidelik en te regverdig. Die Vrywilligers het geen regte in Zoeloeland nie. Engeland is baas van die gebied op grond van hul oorwinning van 1879. Die Engelse het nie die kroning van Dinizoeloe, of die geldigheid van hul verdrae met die Zoeloes erken nie. Hul is egter geneë, om onder sekere voorwaardes die Nieuwe Republiek te erken, maar nie omdat hul die verdrae as geldig beskou nie, dog omdat daar al soveel tyd verloop het en omdat hul dade tot nogtoe geduld is in Zoeloeland.

Die voorwaardes waaraan Sir Arthur gedink het is kortliks die volgende: (i) "The area of territory that would be left to the Zulus under the proclamation of 26 October 1885 would be manifestly inadequate. Generally speaking, the territory occupied by the Boers should be bounded by a line drawn from the Ibabanango Hill to the Inhlazaty Hill, and then continued in a Northerly direction to the Pongolo River. All Zululand to the East of that line to be left in the undisturbed possession of the Zulus. (ii) All claims to a Protectorate over

(48) C 4913 p 56. (49) Leyds: „Insluiten v.d.B.R.“ p 72.

(50) C 4980 p 2.

the Zulu Nation to be abandoned. (iii) The rights derived by Missionary Bodies of all nationalities from Cetywayo and his predecessors to be guaranteed."

As die Nieuwe Republiek bereid is om hieraan te voldoen, dan sal Engeland die politieke status van die Republiek erken as 'n onafhanklike staat. (51) As hul tot eenstemmigheid kan geraak, is Engeland bereid om 'n konvensie, soortgelyk aan die Londense van 1884, met hulle aan te gaan.

Ten spyte van die veeleisende voorwaardes wat aan hul voorgelê is, het die Volksraad tog besluit om te onderhandel, veral omdat sommige Volksraadslede gevrees het, dat Engeland andersins sou ingryp. Op 8 Junie 1886 is die volgende deputasie gekies om na Pietermaritzburg te gaan: L. J. Meyer, J. L. van Reenen, P. R. Spies, P. J. Fourie, C. J. van Staden, P. L. Uys en D. J. Esselen. (52) Aan hulle is volmag gegee om namens die Republiek te onderhandel. Op 26 Junie kon president Meyer dan aan Sir Arthur vra om 'n datum vir die onderhandelings voor te stel.

Kort hierna op 5 Julie, het die samesprekings te Pietermaritzburg 'n aanvang geneem. Dit blyk toe egter, dat Sir Arthur, as eerste vereiste stel, die aanvaarding van die grenslyn soos deur hom in sy voorlopige memorandum bepaal, anders wou hy van geen verder samesprekings weet nie. Tweedens, moes die afvaardiging afstand doen, van alle aansprake op 'n protektoraat oor Zoeloeland. Vir die afvaardiging het die aanname van die eerste voorwaarde, die verlies beteken van 250 tot 270 plase. Hulle was nog geneig om die opgee van die protektoraat te oorweeg, maar hulle het nie hulle weg oopgesien om die nuwe grenslyn te aanvaar nie, omdat dit die verlies van 'n te groot <sup>stuk</sup> grondgebied sou beteken. Esselen vra daarop, of Sir Arthur nie ander voorstelle het nie, waarop hy ontkenkend antwoord. Die deputasie was dus verplig om hom, <sup>mee</sup> te deel, dat dit in so 'n geval nodeloos is om verder met die samesprekings aan te gaan en dat hul hul gaan onttrek. Die volgende dag is hul huistoe.

In hul verslag aan die Volksraad rapporteer die deputasie as volg:  
 „Daar Zyn Ex. aan de Deputatie mededeelde dat hy geene autoriteit had om eenige andere voorstellen te maken en ook, dat indien deze condities niet als basis van onderhandelingen door de Deputatie aangenomen werden, eenige verdere discussie nutteloos zouden zyn, en daar de Deputatie  
 (51) C 4587 p 3-5. (52) N.R. 3 en 65.

deze voorstellen niet als basis kon aannemen was zy verpligt onver-  
 richter zake terug te keeren." Die deputasie is tog vol moed dat  
 (53)  
 veel goeds hieruit kan voortspruit. Die onderhandelings is nog nie  
 finaal afgebreek nie, hul koester nog die hoop dat hul erkenning op  
 vreedsame wyse sal geskied.

Die Volksraad wat baie van die onderhandelings verwag het, was baie  
 teleurgesteld met die afloop van sake soos blyk uit hul besluit van  
 2 Augustus 1886: „De Raad, na het rapport van de Deputatie aangesteld  
 onder Volksraad-besluit No 1/86 gehoord te hebben, keurt het rapport  
 goed, betreurd dat de Deputatie niet geslaagd is in de aanerkenning  
 van H.B.M. Regering te verkrygen, ontkent het regt van H.B.M Regering  
 om zich in te mengen in zaken betreffende de Nieuwe Republiek en Zu-  
 luland buiten de Reserwe, geeft zyne bereidwilligheid te kennen eene  
 schikking op algemeene gronden met H.B.M. Regering in te gaan met het  
 oog op de aanerkenning van de Nieuwe Republiek, mits zulke schikking  
 geen inbreuk maakt op de regten en aanspraken van het volk dezer Re-  
 publiek en draagt aan den Uitvoerende Raad op in den geest van dit  
 besluit (met beslistheid) te handelen." (54) (55)

Nie lank hierna laat Stanhope, wat Granville op 3 Augustus opgevolg  
 het, aan Sir Arthur weet, dat hul baie graag tot 'n ooreenkoms met die  
 Nieuwe Republiek wil geraak. Sy telegram van 4 September is op 9 Sep-  
 tember opgevolg deur volledige instruksies, waarin hy o.a. die volgen-  
 de sê: "I have the honour to acquaint you that on the 4th inst. I tele-  
 graphed to you stating that H.M. Govt. attach great importance to a  
 settlement of Zululand without any avoidable delay; and that subject  
 to the retention of sufficient land for the Zulus and above all, of  
 a sufficient belt of country between the territory of the Boers and  
 the sea, they consider the establishment of some boundary as of more  
 importance than the precise limits of the territory reserved." (56)  
 Sir Arthur se oorwegings i.v.m. die samesprekings moes dus nie filantropies-  
 imperialisties wees nie, maar wel meer ekonomies-politiek-imperialisties.

(53) N.R. 65. (54) Hierdie woorde is op aandrang van Esselen geskraap.

(55) N.R. 5 p 68. (56) C 4980 p 71.

Sir Arthur se rapport oor die eerste samesprekings was skaars opgestel en versend of hy moes die Nieuwe Republiek op 6 September al weer uitnoodi om te kom onderhandel. Hy moes egter heeltemal bollemakiesie slaan, om sy minister se opdrag uit te voer, anders sou dinge nie rym nie. Waar hy in Julie nog uitdruklik gesê het, dat die grenslyn moet wees; "a line drawn from the Ibanango Hill to the Inhlazatye Hill and then continued in a Northerly direction to the Pongolo," 'n voorwaarde wat hy weer in sy rapport aan die Koloniale Kantoor herhaal het, skroom hy nou nie om iets heel anders aan die hand te doen nie en maak dan asof dit nog steeds sy standpunt was. In sy verslag teken hy aan dat, Esselen gevra het, of die voorwaarde bespreek mag word en dat hy daarop geantwoord het, dat die deputasie die kwessie van die grenslyn en die protektoraat onvoorwaardelik as basis moet aanvaar, voordat enige ander bepaling bespreek kan word. (57) Tog skrywe hy nou aan die Nieuwe Republiek: "I distinctly stated when I had the honour of meeting you in Durban the 5th of July, that while the condition as to the abandonment of the protectorate claimed by the Boers over the Zulu Nation, and also that as to the guarantee to be given of the rights of missionary bodies, did not admit of discussion, the line of demarcation to be drawn between the territory proposed to be ceded to the New Republic and that to be left in the undisturbed possession of the Zulus, was a matter that was open to discussion. I beg now to repeat what I then said, that the details of the proposal as to the line of demarcation are open to discussion. I am now as I was then, prepared to discuss them." Hy kan by dit alles, nie na-ook nog laat, om hul te dreig nie. Hy beweer dat as die Nieuwe Republiek nie met hom kan ooreenkom nie, "it may become necessary for Her Majesty's Govt. to proceed to further action, by at once sending into Zululand a Commission to fix a line of demarcation in such manner as may appear expedient to Her Majesty's Govt. after enquiry on the spot." In sy instruksies verskyn desnieteenstaande die woorde: "without using a threat." (58) (59)

Die Uitvoerende Raad kon die strekking van sy brief nouliks glo. President Meyer het die vrede nie heeltemal vertrou nie, daarom laat hy aan Sir Arthur uitdruklik vra, of hy nog op sy oorspronklike voorwaardes staan, want in so 'n geval is sy regering nie genee om aan enige voorstel-

le se bespreking deel te neem nie. Op 24 September herhaal Sir Arthur sy voorstelle soos in sy vorige nota. Omdat die nuwe grenslyn, wat hul moes bespreek, heelwat redeliker was, het die Uitvoerende Raad aanbeveel, dat die Volksraad maar weer 'n deputasie moes stuur.

Op 7 Oktober besluit die Volksraad om weer 'n deputasie te stuur, bestaande uit: L.J. Meyer, P.R. Spiers en D.J. Esselen. Hierdie keer sou die afvaardiging net uit drie lede bestaan, omdat die land se finansies nie 'n groot deputasie kon toe laat nie. Onnodige onkoste moes vermy word. (60)

Hierdie samesprekings is gehou van 18 tot 22 Oktober 1886. Daar was altesame vier onderhoude. Die belangrikste kwessies wat bespreek moes word was, die grenslyn en die protektoraat. Uit die notule van die samesprekings blyk dat Sir Arthur die Nieuwe Republiek se grenslyn sover moontlik wou weghou van die see. As Meyer 'n grenslyn agt myl van die see voorstel, hou Sir Arthur vol op 'n lyn twintig myl van die kus. So 'n grenslyn was nodig, sodat die handelspaaie na die binneland buite die Republiek sou val. Sir Arthur wou van g'n waarborg of wat ook al in die verband hoor nie. Die deputasie moes toegee. Dit beteken dat hul op die wyse 'n hele aantal plase verloor. Daarom vra hul kompensasie. Hiervan wou Sir Arthur nie hoor nie. Hy beweer dat hy nie verstaan wat hul met kompensasie bedoel nie. Meyer verduidelik dat hul die mense wie se plase nou buite die Republiek val, sal moet vergoed. Hulle het nie grond nie en as hul die protektoraat oor die Zoeloes verloor, sal hul ook nie geld hê, om die eienaars mee te vergoed nie. Met die volgende onderhoud vra hul grond aan die Pongolo in ruil vir die gebied wat hul moet afstaan. Dit is hul toegestaan. Baie voordelig was die ruil nie, want hierdie streek, was van die swakste in Zoeloeland. Op die wyse kon hul 'n klompie van die eienaars vergoed, maar vir 'n vyftigtal moes ander voorsiening voor gemaak word. (61)

Wat die protektoraat betref, het dit nie veel beter gegaan nie. Sir Arthur het beweer dat hy oor skriftelike getuienis beskik, dat die Zoeloes nie die Boere se proteksie begeer nie. Meyer het egter volgehou dat die Vrywilligers deur die Zoeloes uitgenooi was en dat die protektoraat op hul versoek afgekondig is. Die Nieuwe Republiek verkies dus, dat hul persoonlik deur die Zoeloes hieromtrent ingelig moet word. As

(60) N.R. 3 p 219. (61) C 4890 p 52.

die Zoeloes hul beskerming nie meer verlang nie, dan moet hul die Boere die reg gee om hul proteksie terug te trek. 'n Billike en redelike versoek. Sir Arthur was baie seker van sy saak. Aan die verantwoordelike hoof van naturellesake vra hy: "I dont suppose there will be any difficulty in communicating a wish of that kind Mr Shepstone?" "None at all Sir." Was die antwoord gou, veels te gou, soos uit die houding van die Zoeloes later sal blyk. (62)

Die deputasie het aangedring op die insluiting van 'n artikel in die memorandum, wat hul sou dek en hul standpunt kon weergee. Hierdie artikel lui as volg: „De heer Lucas J. Meyer en zyne collegas van de deputatie komen overeen van wege de inwoners van de Nieuwe Republiek om alle aanspraken die gemaakt mogen zyn door de Nieuwe Republiek op een Protectoraat over de Zulu Natie op te geven, mits dat de Zulu Natie geene objectie maakt tegen zulke opgeving van aanspraken van een protektoraat. (63) Dit was 'n uitdruklike voorwaarde en verstandhouding dat die Zoeloes die Nieuwe Republiek moes kom kennis gee, dat die protektoraat maar ingetrek kan word. Tog is die reg, die Boere later ontsê om die Zoeloes se wens aan te hoor en die hoofde wat na Vryheid gegaan het, is as opstandelinge beskou.

Op 22 Oktober 1886, is die memorandum deur die twee partye onderteken. Een van die artikels het voorsiening gemaak vir die erkenning van die Republiek se onafhanklikheid in 'n konvensie wat deur die betrokke partye later aangegaan sou word. Op 2 November het die Imperiale Regering die memorandum goedgekeur en kort daarna, op 22 November, het die Volksraad dit ook geratifiseer. (64)

Die volgende jaar, op 5 Februarie 1887, is die oppergesag en proteksie van Haar Majesteit, die Koningin, afgekondig oor die res van Zoeloeland en die hele kusgebied. Om 'n einde te maak aan die vaagheid van bogenoemde terme in die aankondiging, is op 11 Mei 'n proklamasie uitvaardig, dat die hele Zoeloeland, met insluiting van die Reserwe, maar uitsluiting van die Nieuwe Republiek, vanaf 19 Mei Britse gebied is, onder die naam Zoeloeland. (65)

Ondertussen het die onderhandelings i.v.m. die voorgestelde konvensie al 'n aanvang geneem. Tot die sluiting van 'n sodanige ooreenkoms

(62) C 4890 p 159. (63) C 4890 p.159-Art.(iv). (64) C 4890 p 36 en 80.  
 (65) C 5143 p 41.

het die twee state nooit geraak nie. Vir 'n lang tyd is voorstelle oor en weer gestuur. Eers het dit gegaan oor grafte van Zoeloe-kapteins, wat in die gebied van die Boere geval het en wat onder Zoeloeland moes kom. Daarna het die kwessie van die protektoraat weer aktueel geword, omdat die Zoeloes nie die Britse gesag wou erken nie. Hierdie saak het veral 'n baie tyd in beslag geneem. Uiteindelik het die sluiting van 'n afsonderlike konvensie oorbodig geword, omdat die Nieuwe Republiek by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf is, met wie Engeland toe 'n konvensie gesluit het, wat neerkom op 'n uitbreiding van die Londense Konvensie. Met hierdie konvensie het die Britse staatsmanne hul laaste vrug gepluk, wat gevolg het, op die aanvanklike beleid van Derby van: "no advantage gained by recognition prematurely."

'n Kommissie is benoem om die grens te bepaal tussen Zoeloeland en die Nieuwe Republiek. Die Volksraad het na die goedkeuring van die memorandum die volgende lede benoem vir die afbakeningskommissie: P.F. Henderson, J.J. Vermaak en J.W. Andrews. Aan Engelse kant is Osborn en maj. Mc Kean as landmeter aangewys. Op 25 Januarie 1887 kon die kommissie aankondig dat hul klaar is. (66)

Uiteindelik kon die Boere gerus voel, dat die grond wat hul so suur verdien het, hul eiendom sou bly. Dit het 'n hele paar jaar geneem om die versekering te verkry, maar die imperialiste het op geen stadium vatkans aan hulle gekry nie. Die erbarmlike toestand in Zoeloeland het veel bygedra om die politieke toestand gunstig vir die Boere te stem. Wat die Engelse eers oogluikend moes duld, moes hul later erken.

Het die Boere, nou dat dit skyn of hul hul onafhanklikheid gaan kry, die Zoeloes, wat hul tog uitgenooi en beloon het, dan in die steek gelaat? Het hul die Zoeloes nou maar aan die genade van die Engelse oorgelewer? Dit was nie die geval nie. Die Boere het die voogdyskap, wat hul oor die Zoeloes aanvaar het, verdedig en beskerm sover dit in hul vermoë was en dit alleen opgegee, toe daar geen ander uitkom kans meer was nie.

Die Zoeloes het die Boere gevra, om te kom help met die verdrywing van hul vyande. Grond is as beloning aangebied. Die verdrywing van Usibebu was so maklik, dat toe die Vrywilligers hul beloning kom vra het, die Zoeloes begin omspring het. Schiel het uit die verwarring probeer voordeel

-----  
 (66) C 4890 p 162.

probeer trek. Sy pogings het ongetwyfeld veel bygedra tot die ontvredenheid van die Zoeloes. Baie onvergenoegd, oor die hoeveelheid grond wat as plase uitgemeet is, het hul begin protesteer. Eers het hul na die outoriteite van die Nieuwe Republiek gegaan, daarna na Krogh en uiteindelik na Natal en die Engelse. Op 2 Maart 1885, rapporteer Sir Henry Bulwer: "The Usutu leaders are fully awakened to the folly of their act of calling in the Boers to their aid." <sup>(67)</sup> Dat hul probeer het om hul verpligtings te ontwyk, deur voor te gee, dat hul nie bekend was met die terme van die ooreenkomste van Augustus 1884, is maar al te duidelik. Op 11 Mei 1885 het Sir Henry, weer 'n brief van die Zoeloes ontvang, waarin hul die ooreenkoms ontken, hul het dit dan nie onderteken of aangegaan nie. Dit, sê Sir Henry, is in stryd met die onweerlegbare feite. <sup>(68)</sup>

Sir Arthur Havelock het dieselfde standpunt as sy voorganger onderskryf en gehandhaaf. Op 22 Maart 1886, skryf hy aan Granville, dat die Zoeloes die aangaan van die ooreenkomste nie kan ontken nie. <sup>(69)</sup>

Die Zoeloes het volhard in hul ywer, om hul verlore grondgebied terug te kry, ten spyte van die Goewerneurs se uitsprake en antwoorde. Geen teregwyding, van wie ook al, sou hul van koers bring nie. Hulle het o.a. hul bes gedoen, om die Boere en die Engelse teen mekaar op te sweep. So bv. gaan hul aan die Engelse vertel, dat die Boere die Engelse Koningin sou beledig het. Osborn het al op 7 Januarie 1886, die regte antwoord op hierdie aantyging gegee, toe hy rapporteer het, dat die Zoeloes hul bes doen om die Engelse te beweeg om vir hul in die bres te tree. <sup>(70)</sup>

Dit dan, was die posisie in Oktober 1886, toe die ooreenkoms tussen Sir Arthur en die Nieuwe Republiek tot stand gekom het. Die Zoeloes het op hul manier slim probeer wees. Kom hul by die Engelse, klae hul, stel die Boere ondersoek in, dan is hul tevrede.

Hierdie houding van die Zoeloes het Sir Arthur aanvanklik verkeerd vertolk, anders sou hy nie so seker van sy saak gewees het met die onderhandelings van 22 Oktober 1886 nie. Op 24 Oktober 1886 skrywe hy aan Stanhope dat die Zoeloes die Britse proteksie met vreugde sal aanvaar en met dankbaarheid sal verwelkom. Hierdie versekering het hy waarskynlik bygevoeg om die insluiting van artikel (iv) in die <sup>(72)</sup>

(67) C4587 p 47. (68) C4587 p 101. (69) C4913 p 46. (70) C4587 p 47.  
 (71) C4913 p 33. (72) C4980 p 59.

memorandum te regverdig. So seker was hy, dat hy nie alleen die artikel laat byvoeg het nie, maar voordat die Nieuwe Republiek nog die geleentheid gehad het om die Zoeloes te hoor oor die saak, maak hy al voorsiening vir artikel (iii) in sy konsepkonvensie wat as volg lui: "The Govt. of the New Republic hereby declares that it abandons all claims or pretensions to a protectorate or to authority over any portion of Zululand beyond the boundaries described in art. (i) and to suzeranity over any Zulu people residing beyond the said boundaries" (73) Dit was nie meer 'n kwessie of die Zoeloes die proteksie begeer al dan nie, Sir Arthur het self besluit.

Stanhope skyn nie so seker te gewees het van die Zoeloes se toegenentheid nie. Op 24 November 1886, vra hy aan Sir Arthur: "In the first place I desire to have your advice as to the feeling of the Zulu people, and to know whether you are satisfied that they desire our protection." (74) Hierop moes Sir Arthur op 8 Januarie antwoord: "That, at a meeting with Mr Osborn, the Zulu Chiefs protested against the partition of Zululand, and declined to discuss the question of British protection until the result of the appeal which they wish to make to the Queen is known." (75) As die Zoeloes weerspanning is teenoor die Boere, dan is hul mislei. Doen hul dieselfde met die Engelse, word hul eenvoudig kortgevat. Hiervan getuig ook weer Stanhope se telegram van 12 Januarie 1887. Sir Arthur kry opdrag om aan die Zoeloes te sê: "the settlement is final and a deputation will not be received." (76) Daar is nou geen sprake meer van die Zoeloes se begeerte nie, hulle moet hul eenvoudig neerlê by Sir Arthur se reëling.

Sir Henry Holland, wat op 12 Januarie 1887 vir Stanhope vervang het, wou ook graag sekerheid hê. Hy telegrafeer dus aan Sir Arthur: "whether ..... there is now any more favourable feeling among the Zulus towards British protection." (77) Sir Arthur wou graag die nuwe minister gerusstel, daarom telegrafeer hy dat Osborn en Cardew: "...express the opinion that the Zulus will gladly accept British protection." (78) Die enigste opposisie wat hul ondervind, is die teenkanting van Undabuko. Omdat hierdie telegram so heel anders gelui het as sy mededeling van 8 Januarie, het hy op 14 Februarie 'n tweede telegram ter opheldering van

(73) C4980 p 151. (74) C4980 p 56. (75) C4980 p 150. (76) C4980 p 156.  
 (77) C4980 p 190. (78) C4980 p 190

die vorige een, waarin hy meedeel, dat volgens Osborn, wat die uitbreiding van die Britse gesag in Zoeloeland gaan afkondig het: "The announcement was received favourably by Umnyamana, who promised to send the information to all headmen. Dinizulu and Undabuko did not reply, they repeatd their desire to go to Natal." Op dieselfde dag stuur Holland 'n telegram aan Sir Arthur, dat hy die Zoeloes daarop moet wys, dat hul met die ooreenkoms van 22 Oktober nou meer grond kry. Asof die toevoeging van 'n stukkie grond tot hul gebied, daartoe sou bydra dat die Zoeloes tot ander insigte sou geraak.

Die Zoeloes was maar nie te vinde vir die nuwe reëlins nie. Teen die einde van April, was daar alweer 'n deputasie uit hul geledere by Sir Arthur. Hul kom klae oor die grond, wat die Boere op woon. Hulle wil dit terughê. Sir Arthur wys hul toe daarop, dat die reëlins finaal is en nie gewysig kan word nie. Die Zoeloes is daarop na Campbell, 'n prokureur, om regsadvies in te win, met die oog op geregtelike stappe teen die Boere. Daar het egter niks van gekom nie. Sir Arthur het hom nie verder oor die Zoeloes bekommer nie. Op 14 Mei het sy proklamasie verskyn, waarin aangekondig is, dat die res van Zoeloeland Brits is en onder die Koningin staan as 'n protektoraat.

Osborn wat hierdie proklamasie in Zoeloeland moes gaan afkondig, rapporteer op 16 Julie, dat die Zoeloes nie verskyn het op die plek en datum soos deur hom bepaal nie. Hy het daarna boodskappers uitgestuur, wat later met allerlei verskonings van die hoofde na hom gekom het. Hy moes hul later dreig om die aankondiging te kom aanhoor. Ten spyte hiervan steur Dinizoeloe hom nog nie aan die bevel nie. Osborn wat die tekens reg kon vertolk, moes dan ook rapporteer dat Dinizoeloe die Boere smeek, om onder hul beskerming te bly.

Sir Arthur deel op 28 Augustus mee, dat Dinizoeloe van plan is om, na die Nieuwe Republiek te trek. Op 30 Augustus moes hy rapporteer dat die Zoeloekoning werklik na Vryheid was. Undabuko was met hom saam. Daarna het die Zoeloehoofde nog meer deputasies na Vryheid gestuur. Op 8 Oktober kry Osborn opdrag om 'n opheldering van Dinizoeloe te eis, waarom hy die hulp en beskerming van die Boere durf gaan seek het. Dinizoeloe se houding is ten sterkste afgekeur, as sou hy ontrou wees.

(79) C4980 p 190. (80) C5143 p 2. (81) C5143 p 49. (82) C5143 p 42. (83) C5143 p 31

Osborn het dadelik op die toepassing van strafmaatreëls begin aandr<sup>(84)</sup>ing. Sir Arthur was ook al raadop. Hy beveel toe, dat Dinizoeloe en Undabuko, persoonlik voor hom moet verskyn. Op 4 November verskyn Undabuko. Hy het verskoning vir Dinizoeloe probeer aanbied, en gesê, dat l.g. nog maar 'n kind is. Sir Arthur wou van geen verskonings hoor nie. Hy dreig dat hy Dinizoeloe sal laat arresteer, as hy nie opdaag nie. Die volgende dag daag Dinizoeloe ook op. Die twee word daarvan beskuldig, dat hul na Vryheid was en dat hul sou geweier het, om die protektoraat te erken. Hul word elk met vyftig beeste beboet. Undabuko verontskuldig hul gedrag, dat hul na Vryheid was, om te gaan groet en die Boere te bedank vir die drie jaar se beskerming wat hul geniet het.<sup>(85)</sup>

Artikel (iv) van die memorandum bepaal, dat die Zoeloes persoonlik die Boere in kennis moes kom stel, dat hul die protektoraat maar kan ophef. Al heel gou na die samesprekings blyk dit egter, dat Sir Arthur nie meer van voornemens was om hom daaraan te hou nie. In sy konsepkonvensie reeds neem hy die houding aan, as sou die Nieuwe Republiek al klaar afstand van Zoeloeland gedoen het. Dit is duidelik dat Sir Arthur en sy amptenare, 'n heel ander betekenis geheg het, aan die versoek van die Boere, dat die Zoeloes hulle moet uitspreek oor die kwesie van proteksie, as die opvatting van Meyer en sy afvaardiging. Daar was skynbaar volgens die Engelse net één vertolking vir die artikel, dit nl. dat die Zoeloes die Britse proteksie met vreugde en dankbaarheid sou aanvaar. Osborn praat dan ook van die "very grave point of having asked the Boers for their protection in Zululand."<sup>(86)</sup> Die gedrag van die Zoeloes in hierdie tyd word in die Engelse rapporte beskrywe, aanvanklik as onbehoorlik, later as wangedrag en uiteindelik as hoogverraad. Terwyl hul in werklikheid net besig was om te doen, dit, waarop hul volgens artikel (iv) geregtig was.

Op 27 Augustus 1887 verskyn 'n deputasie van die Zoeloes te Vryheid. Undabuko sê, hul kom klae, omdat die Engelse in hul land verskyn. „Ons verzoek is dat onze vaders deze onze verklaringen naar de Koningin zendt om haar bekend te maken dat Dinizulu van zyn land beroof is tegen den zin en de wensch van de Zulu Natie. Wy brengen Dinizulu naar de personen die hem koning gemaakt hebben met het ver-

-----  
 (84) C5143 p 40 ev. (85) C 5143 p 55. (86) C 5331 p 35.

zoek om hom te helpen dat hy in bezit van zyn land kan blyven waar hy geplaats is door diegenen die hem koning gemaakt hebben." Die Zoeloes se klagtes kom kortliks hierop neer: "Wy komen bekend maken dat wy ten eenemale weigeren om door de Engelschen regeerd te word-  
(87)  
en." As die Zoeloes by die Engelse gaan klag oor die Boere, het hul gewoonlik ontwykende antwoorde gegee oor die kwessie van beskerming, of hul lydsaam daarteen verset. As hul egter voor die Boere verskyn, is hul wense en begeertes baie duidelik.

President Meyer het die hele posisie aan die Zoeloes verduidelik. Die Uitvoerende Raad het egter gevoel, dat hul die Engelse behoort in te lig aangaande die wense van die Zoeloes. Hul het gemeen, dat hul moet aandring op die skraping van artikel (iii) van die konsepkonvensie, omdat die Zoeloes weier om hul toestemming te gee vir die opheffing van hul proteksie. Op 1 September 1887 skrywe Esselen 'n brief aan Sir Arthur om hom in kennis te stel van die toestand soos deur die Zoeloes bekend gemaak. Hy vra dat artikel (iii) geskraap moet word, op grond van die verstandhouding soos bepaal in  
(88)  
artikel (iv) van die memorandum van 22 Oktober 1886.

Tot hul verbasing ontvang hul die volgende nota op 7 September van Sir Arthur: "Your dispatch will be placed before Her Majesty's Govt.. In the meantime I desire in my capacity of Governor of Her Majesty's Territory of Zululand, to express my surprise and regret that the administration of the New Republic should have thought proper to hold communications of the nature described in your dispatch with Dinizulu, Undabuko and other persons, British subjects, residing upon British territory under British Laws. On behalf of Her Majesty's Govt. I beg to remonstrate against any further proceedings of a like kind on the part of your Govt..  
(89)"

Dis te begrype dat die Uitvoerende Raad hierdie houding van die Engelse nie kon verklaar nie. Ondertussen het die Zoeloes nog maar steeds te Vryheid verskyn. Op 9 en 16 September, op 1 Oktober, op 1, 28 en 30 November het die Uitvoerende Raad deputasies van die Zoeloehoofde te Vryheid gespreek. Hul het die Zoeloes aangeraai om hul liever aan die Engelse te onderwerp. Op hul advies het Dinizoeloe  
-- -- -- -- --  
(87)N.R.60. (88)N.R.65. (89)Leyds: "Insluiten v.d.B.R. dl.1. p 88.

besluit om na Natal te gaan en voor Sir Arthur verskyn. Op hul aandrang het die Zoeloes afgesien van hul plan om die wapens op te neem, en by Sir Arthur gaan protesteer teen die protektoraat. Osborn het daarin geslaag om 'n paar van die hoofde om te koop, o.a. ook vir Umnyamana, daarom was daar onderlinge verdeeldheid oor die kwessie van beskerming. (90)

Daar die Zoeloes hul so duidelik uitgespreek het oor die kwessie, het die Uitvoerende Raad gemeen dat hul die saak nie kon laat by Sir Arthur se jongste brief nie. Op 23 September skrywe Meyer dus persoonlik 'n brief aan Sir Arthur, waarin hy daarop wys, dat dit tog die verstandhouding van 22 Oktober 1886 was, dat die Zoeloes hul moes uitspreek oor die kwessie van proteksie. Hy meen dat hul ten volle geregtig is, om die Zoeloes te woord te staan. (91)

In stede van 'n opheldering, waarop die Nieuwe Republiek ten minste geregtig was, ontvang Meyer op 19 Oktober 'n ultimatum van Sir Arthur: "I beg to acquaint you that I am instructed by Her Majesty's Govt. to suspend further negotiations for the conclusion of a convention with the New Republic unless Mr Esselen's letter No 273/87 of the 1st September is withdrawn." (92)

Die onderhandelings i.v.m. die vereniging tussen die twee Republieke was destyds al aan die gang en nou het die Engelse hiervan gebruik gemaak om nog groter druk op die Nieuwe Republiek uit te oefen. Aan die Zuid-Afrikaansche Republiek word dit nou gestel, om die Nieuwe Republiek te beweeg om af te sien van die protektoraat oor Zoeloeland. Die Eritse regering is bereid om die unie tussen die twee state te erken, maar dan moet die Nieuwe Republiek sy aansprake op Zoeloeland staak. Hierdie brief is aan die regering te Vryheid gestuur met die versoek dat hul tog maar hul aansprake moet intrek, op so 'n wyse egter, dat die Zoeloes hul nie van troubreuk kan beskuldig nie. Hier in die ouer staat, het hul al geleer, wat dit beteken om in botsing te kom, met die Engelse beleid van: "ons maak soos ons wil, waar dit kleiner staatjies geld." (93)

Meyer was egter nog nie tevrede nie. Op 24 Maart 1888 skrywe hy aan die regering te Pretoria: "Jammer het opgeven van protectoraat over  
 (90) N.R. 60. (91) en (92) Leyds: "Insluiten v.d.B.R. dl. 1." p 88 - 90.  
 (93) N.R. 35 p 106.

Zulus .....maar kan niets anders."Hierdie erkenning moes hom stryd gekos het.Hy was nou heeltemal oortuig daarvan,dat daar niks meer is wat hy kan doen nie.Op 29 Desember nog, het hy aan die regering te Pretoria geskrywe:„Het zou jammer wezen dat de Regeering van de Zuid-Afrikaansche Republiek en ook wy gedwongen zullen worden het Protectoraat over Zululand zoo maar op te geven,zonder dat die kwestie door een Arbiterasie beslist wordt,maar ik laat de zaak aan de beslissing van Z.H.Ed.<sup>(95)</sup>over!" Vir die Transvaal was die weg ook reeds gesluit.Hul het op 17 November 'n brief van Sir H.Robinson ontvang, waarin o.a.geëis word:"The Govt.of the Transvaal should also disclaim

all intention of asserting the inadmissible Protectorate over the Zululand which has been claimed by the New Republic!"<sup>(96)</sup> President Meyer moes dus berus in die onvermydelike.

Die Nieuwe Republiek moes die Zoeloes aan hul lot oorlaat,baie teen die sin van albei partye.Die protektoraat was vir die jong staat 'n groot bron van inkomste,maar hul verantwoordelikeheidsgevoel het veel swaarder as dit geweeg.Graag wou hul hul beloftes van Mei en Augustus 1884 nakom,maar hul is deur die Engelse belet,om dit te doen.Die Zoeloes het nou,nes Panda vroeër,alleen hul herinneringe aan die Boere en hul dade behou,om dankbaar voor te voel.

-----

(94) R 2696/88.(95) R 72/88. (96) R 8302/87.

## HOOFSTUK VI.

## EINDE VAN DIE NIEUWE REPUBLIEK.

Daar was skynbaar altyd die gedagte onder die Vrywilligers, dat die gebied, wat hul in Zoeloeland verwerf het, op een of ander tyd, deel sal uitmaak van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Met die geheime sitting van hul eerste Volksraad op 10 Oktober 1884, is so'n voorstel al behandel. Die Uitvoerende Raad het egter destyds gemeen, dat die tyd nog nie ryp is vir so'n stap nie en dit dus bestry. Dat hierdie opvatting van die saak taamlik algemeen was onder die Boere, ook wat die Transvaalse burgers betref, spreek uit 'n skrywe van genl. Piet Joubert. Op 20 April 1885 skrywe hy aan die Transvaalse regering: „Het komt myn voor of zy (die Nieuwe Republiek) hun nu sterk genoeg waanen om zelfstandig en onafhankelyk te blyven en er niet byzonder opgesteld is onder de Zuid Afrikaansche Republiek te koomen en dat is ten gevolgen van onze moeylykheden op de Westelyke grens, by hun sterker geworden, en daar sy vertrouwd dat Engeland zich niet met hun of Zululand zal bemoeien.”

Die Nieuwe Republiek het dit ongetwyfeld beter geag om voorlopig onafhanklik te bly, te meer daar die Engelse die verkiesing van genl. Joubert as president al, met soveel agterdog bejeen het. Hulle was bang dat sodra as die Zuid-Afrikaansche Republiek hom bemoei met die toestand, Engeland 'n goeie rede sou hê om in te gryp. Meyer en Esselen het dit veral besef, daarom was hul hewig gekant teen enige bemoeiing van die kant van die Transvaal. Elke beweging in die rigting het hul in die kiem probeer smoor.

Die leiers van die Nieuwe Republiek was hul egter bewus van die feit, dat hul nie lank hul onafhanklikheid alleen sal kan handhaaf nie, veral toe dit eers begin duidelik word, dat hul die hutbelasting van die protektoraat gaan verloor. Esselen het die Volksraad met 'n geheime sitting in Oktober 1886 al op die gevaar gewys. Hy beweer dat die staat op finansiële gebied alleen sal moet ondergaan.

Die ooreenkoms van 22 Oktober 1886 en die uitvaardiging van Sir Arthur se proklamasie van 14 Mei 1887 het getoon, dat hul die hutbelasting gaan verloor en dat hul 'n ander uitweg moet probeer vind.

(1) N.R. p 10. (2) R 2061/85. (3) N.R.3 p 219.

Die beste uitweg was om aansluiting met die ouer staat, die Transvaal te soek. Op 13 April 1887 vra president Meyer vir 'n geheime sitting van die Volksraad. Hy wys hul daarop dat die finansiële toestand maar altyd swak was, maar dat sake veel ernstiger geword het, sedert die afskeiding van Zoeloeland. Hy vra of hul nog langer sal kan bly voortbestaan, sonder die heffing van hoër belastings. Die Volksraad het dadelik besef, dat hul iets anders sal moet begin, daarom stel hul voor, dat hul by die Zuid-Afrikaansche Republiek aan moet sluit. Meyer vra daarop magtiging, om met die ouer staat oor die aangeleentheid te onderhandel. Op voorstel van W.H. Moolman en P.R. Spies neem die Raad die volgende besluit: „De Raad besluit de Regeering te magtigen met de H. Ed. Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek te onderhandelen met het doel om eene Vereeniging der beiden staten zoo spoedig mogelyk teweeg te brengen.”

Gewapen met hierdie besluit is Meyer na Pretoria, waar hy die saak aanhangig maak het. President Kruger was heeltemal bereid om hul weer as burgers terug te verwelkom. Hiermee het die onderhandelings 'n aanvang geneem. Terug in Vryheid kon Meyer op 26 Mei 1887 aan president Kruger laat weet, dat alles nou van hulle afhang.

President Kruger, wat nou seker was van die Nieuwe Republiek se bereidwilligheid om toe te tree, het die saak nou onder die aandag van sy Uitvoerende Raad gebring op 7 Junie 1887. Die Uitvoerende Raad het die saak goedgekeur en besluit om dit by die Volksraad aan te beveel en om magtiging te vra, vir die aangaan van 'n ooreenkoms met die Nieuwe Republiek, met die oog daarop dat die twee state moet verenig.

Op 8 Junie 1887 het president Kruger in 'n geheime sitting van die Volksraad die saak verduidelik en gewys op die voordele van 'n sodanige vereniging. Die Volksraad het daarop die volgende besluit geneem: „De Raad gelet hebbende op U.R. besluit art. 180 dd. 7 Junie 1887, op de daarin bedoelde stukken, vooral extract uit de notulen eener geheime zitting van den Volks Raad der Nieuwe Republiek dd. 13 April 1887 no G.Z.1/87. En verder op de door Z.H. ED. den Staats-president overgelegde grondslagen waarop de vereeniging tusshen

(4) N.R. 3 p 221. (5) R. 6680/87. (6) U.R. 8 p 78.

de Nieuwe Republiek en de Zuid-Afrikaansche Republiek naar 't gevoelen van de Regeering kan worden tot stand gebracht. Besluit de Regeering te machtigen om na behoorlyk onderzoek van alle verbintenissen, door de Nieuwe Republiek aangegaan met de Regeering dier Republiek te onderhandelen met het doel om eene Vereeniging der beide staten, op bovenvermelde grondslagen te weeg te brengen.<sup>(7)</sup>"

Hierdie besluit is aan die regering te Vryheid gestuur met die versoek dat 'n kommissie gestuur moet word, sodat hul kan beraadslaag oor die terme van die vereniging. Op 19 Augustus kry president Meyer en P.R. Spies opdrag om na Pretoria te gaan en aldaar die onderhandelings namens hul staat te gaan waarneem. Die samesprekings het gelei tot die ondertekening van 'n ooreenkoms op 14 September 1887, waarvolgens die Nieuwe Republiek deel sou word van die Zuid-Afrikaansche Republiek.<sup>(8)</sup> Op 29 September was die twee afgevaardigdes terug en kon hul verslag doen van hul werksaamhede.

Voordat die Zuid-Afrikaansche Republiek so 'n verdrag kon aangaan, moes hulle volgens 'n bepaling van die Londen-Konvensie, eers die toestemming van die Britse regering daartoe verkry. Die verdrag van 14 September was dus onderhewig aan hierdie voorwaarde. Die Zuid-Afrikaansche Republiek het die ooreenkoms dadelik aan die Hoë Kommissaris gestuur vir deursending aan die Imperiale regering.

President Kruger het die Britse regering vooraf laat wils oor so 'n moontlikheid. Op 1 September 1887 laat weet G.B. Clark, konsul-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek, dat Sir Henry Holland te kenne gegee het, dat hy geen beswaar het, teen 'n vereniging van die twee state nie.<sup>(9)</sup>

Tog skyn dit of die Engelse nog nie genoeg voordeel getrek het uit hul afwagterende houding wat hul ingeneem het, t.o.v. aangeleenthede in Zoeloland nie. Na heelwat getalm ontvang hul eers op 17 November 1887 antwoord op hul versoek. Die Britse regering is bereid om die unie goed te keur, maar dan moet daar 'n uitbreiding van die Londen-konvensie geskied word, wat van toepassing sal wees op die vergrote gebied van die Transvaal en waarin die memorandum van 22 Oktober 1886 opgeneem moet word. Die hele saak kom neer op 'n bepaling van die oostelike grens van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

(7) R 3563/87. (8) N.R. 10 besluit 106/87. (9) R 6866/87. (10) R 8302/87.

Haar Majesteit se Regering het hiermee die stel van nuwe voorwaardes beoog. Eers op 20 Junie 1888, het die onderhandelings gelei tot die ondertekening van 'n konvensie. Die twee Republieke kry die reg om te verenig en die oostelike grens van die Transvaal word dan verder bepaal. Aan die wens van Engeland word voldoen deur artikel (iii) wat lui: „Het Govt. der Zuid-Afrikaansche Republiek voor zichzelf en ook voor het Gemeenebest, in het voorzegde Verdrag van Vereeniging genoemd de Nieuwe Republiek, doet hierby afstand voor immer van alle aanspraken tot dusverre gemaakt door de Regeering van het genoemde Gemeenebest op het uitoefenen van een Protectoraat over het geheel of een deel van het grondgebied bekend onder den naam van Zululand en nu geannexeerd aan en uitmakende een deel van Harer Majesteits gebied.”<sup>(11)</sup> Alles ten ooste van die Nieuwe Republiek tot aan die Portugese gebied, word Britse eiendom. Die weg vir uitbreiding in hierdie rigting, is so vir goed gesluit.

Die konvensie was ook onderhewig aan die goedkeuring van die Nieuwe Republiek, wat die sluiting van 'n afsonderlike verdrag tussen hulle en Engeland oorbodig gemaak het. Die konvensie in sy konsepvorm is van tyd tot tyd aan die Regering te Vryheid gestuur, sodat hul op hoogte van sake kon bly. Op 24 Maart 1888 telegrafeer president Meyer, dat hul geen beswaar teen die konvensie in sy finale vorm het nie en dit goedkeur. Hierdie berig is kort daarna bevestig deur 'n brief van Esselen wat meedeel dat: „deze Regeering ziet dus geen bezwaar het zoo als het is goed te keuren.”<sup>(12)</sup>

Op 16 April 1888 is Meyer en Spies, weer na Pretoria om die finale reëlins i.v.m. die vereniging te gaan tref, sodat die unie kort daarna 'n voldonge feit was. Op 4 Junie het die Volksraad van die Nieuwe Republiek vir sy laaste sitting vergader. Die volgende dag is op voorstel van P.L.Uys en D.J.C.Laffnie die volgende besluit met algemene stemme aanvaar: „De Raad gelet hebbende op de handelingen der Regeering van deze Republiek met de Zuid-Afrikaansche Republiek het verdrag van Vereeniging d.d. 14 September 1887 gehoord en overwogen hebbende en in aanmerking nemende dat de groote meerderheid der Burgers voor zulk eene vereeniging is, besluit de handelwyse van de Regeering

(11) C 5892 p 72-74. (12) R 2696/88 en R 3027/88.

in deze goed te keuren en gemelde Verdrag te bekrachtigen zoo als hy  
(13)  
by deze doet."

Op 2 Julie 1838 het die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Repu-  
bliek ook die verdrag geratificeer en op 21 Julie is die Nieuwe Repu-  
bliek formeel by die ouer staat ingelyf. Die twee Republieke sou voor-  
taan een staat wees: Het grondgebied der tegenwoordige Nieuwe Repu-  
bliek zal ...na de Vereeniging een deel uitmaken van het grondgebied  
der Zuid-Afrikaansche Republiek. "Laasgenoemde neem die jonger staat  
op: „met alle eigendommen, baten, schulden en verbindtenissen“ Die  
(14)  
staatjie sou van nou af aan 'n distrik van die Zuid-Afrikaansche Re-  
publiek wees, onder die naam Vryheid. In die Volksraad is hy verteen-  
woordig deur twee lede, wat in 1891 vermeerder is tot vier. Die reger-  
ing is vervang deur 'n landdros, twee klerke, 'n balju, 'n tolk en 'n  
halfdosyn polisie, bygestaan deur die veldkornette van die wyke.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het verder onderneem om die burgers  
wat grond ten ooste van die grenslyn verloor het en wat nie deur die  
Nieuwe Republiek gekompenseer kon word nie, te vergoed met ander grond  
of so nie, met geld. £300 is vir 'n eerstereg- en £150 vir 'n laastereg  
plaas uitbetaal. Alle amptenare wat ontslaan is, het 'n volle jaar se  
salaris as vergoeding ontvang.

Die burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek, wat as Vrywilligers  
hul staat verlaat het, om die toestand in Zoeloeland in orde te gaan  
bring, was nou weer terug onder die vlerke van hul ou moederstaat. Hul-  
le het genoeg rede gehad om trots en dankbaar te voel. Hul het hul  
staat 'n groot diens bewys, want hul het daarin geslaag om 'n einde te  
maak aan die chaos wat op die grens geheers het. By dit alles het hul  
daarin geslaag, om 'n groot stuk grondgebied tot hul ou staat toe te  
voeg.

Vir 'n twaalfstal jare was Vryheid 'n distrik van die Zuid-Afrikaan-  
sche Republiek. Na die Engelse oorlog van 1902, is die distrikte Vryheid  
Utrecht en 'n gedeelte van Wakkerstroom by Natal ingelyf teen 'n ver-  
goeding van £700,000. Die inwoners van die streke is nie geraadpleeg  
i.v.m. die oordrag nie. Baie teen hul sin moes hul maar genoeë neem met  
die voldonge feit, waarvoor hul gestel is. Die mense was so verlam deur  
- - - - -  
(13) F.R. 7 p 17. (14) St Courant no. 400.

die oorlog, dat hul die verwisseling stilswyend aanvaar het.

Die stryd wat die groepie Boere in Zoeloeland gevoer het, was nie iets nuuts nie. Die Groot Trek kan beskou word, as 'n uiting van die Boervolk se nasionale selfbewussyn en 'n strewe na selfhandhawing en bevryding. Dit het geword die politieke vergestaltung van 'n ontluikende Afrikanerdom. Dit was 'n vryheidsgedagte-uiting. In die woorde van Piet Retief: „Ons verlaat die Kolonie onder die volledige versekering, dat die Engelse Regering niks meer van ons te vordere het nie, en ons sonder verder bemoeiing sal toelaat om ons in die toekoms self te bestuur“<sup>(15)</sup>.

Die stroming het egter gebots met die anglisasiepolitiek van 'n Lord Ch. Somerset en ander Imperialiste. Die botsing het later in 'n stryd ontwikkel wat gevoer is tussen die "British Supremacy" en die Suid-Afrikaanse Boervolk se ontwaakte nasionalistiese strewe vir en om vryheid van doen en late. Om 'n eie toekoms uit te bou, 'n eie kultuur te skep en te handhaaf. Die botsing het uiteindelik gekulmineer in 'n stryd tussen Kruger en Rhodes. In hierdie stryd was die opkoms en ondergang van die Nieuwe Republiek, 'n fase.

-----  
 (15) Preller: „Piet Retief“ p 80.

## HOOFSTUK VII.

## DIE NIEUWE REPUBLIEK IN RUIMER PERSPEKTIEF.

Om hul onafhanklikheid te handhaaf en onskendbaar te maak, het die leiers van die Boervolk deurgans gevoel en besef dat hul oor 'n eie hawe moet beskik. 'n Hawe, waar hul vry, ongehinderd, sonder enige inmenging of verpligting teenoor 'n vreemde moondheid en veral nie Groot Brittanje nie, kontak met die buitewêreld kon soek. Hierdie strewende het 'n Piet Retief laat besluit om na Natal te trek, waar 'n hawe was, soos die Uys-kommissie, wat die binneland vooraf gaan verken het, kon rapporteer. A.H. Potgieter het hom laat beweeg deur T.A. Smellenkamp, om van Potchefstroom na Lydenburg en Ohrigstad te verhuis, om nader aan Delgoabaai te wees. M.W. Pretorius het ook baie duidelik in die rigting gedink. Eers wou hy Delgoabaai inpalm, toe dit misluk, het hy aan die Noordkus van Natal gedink. Vir president Burgers het dit 'n kwessie van hartstog geword, om 'n eie hawe te besit. Hy het sy uiterste bes doen om in besit van 'n hawe te kom. So ook met president Kruger. Die beheer oor die Nieuwe Republiek het aanvanklik die moontlikheid van verwesenliking van hierdie begeerte in die vooruitsig gestel. Die pogings van die Zuid-Afrikaanse Republiek om grondgebied in Zoeloeland te bekom, was pogings om die seggenskap oor St Luciabaai te verwerf. Dit sou president Kruger se stryd teen die imperialistiese kapitalisme, wat so 'n wurggreep op sy staat se keel en are geplaas het, baie verlig het.

Die houding en beleid van die Engelse ten op sigte van hierdie strewende van die Zuid-Afrikaanse Republiek, word in kort saamgevat in die woorde van Sir Arthur Havelock toe hy op 7 Maart 1889 gesê het: „De kwessie van hêr politiek standpunt beschouwend, zou ik zeggen, dat indien het de politiek is van H.M. Goewt. om den Hollandschen Republieken toe te laten zich te ontwikkelen tot een krachtige en gezonde macht in Zuid-Afrika, dan moeten het streven en de aspiraties van de Zuid-Afrikaanse Republiek met betrekking tot Zwaziland en met betrekking tot het verkrygen van een verbinding met de zee, aan hun natuurlyk beloop worden overgelaten.” Daarop sou die Engelse let en daarvoor sorg, dat die ideaal nie verwesenlik word nie.

Die hande van die regering te Pretoria was so gebind deur die twee kon-

(1) Stuart: „Holl. Afr. in hunne Rep.” pl 84. (2) C 6200 p 132.

vensies van die tagtiger jare, dat gebiedsuitbreiding vir hulle feitlik buite die kwessie was. Daarom het hul die werwing van grondgebied op hul grense deur burgers uit hul midde verweikom. Nie alleen, omdat dit moontlik gebiedsuitbreiding beteken het nie, maar ook, omdat dit die einde aangekondig het van kafferonluste. Op die wesgrens het, danksy die bemoeiings van Rhodes en ander Imperialiste, die hele ondernemings misluk. Op die suidoostelike grens sou dit egter beter gaan, omdat verskeie faktore daartoe meegewerk het. Die Britse magteloosheid om die verwarde Zoeloetoestand op te los, het ongetwyfeld veel meegehelp om die onderneming te laat slaag.

Die amptenare op die grens het hul regering te Pretoria goed op hoogte gehou van alles wat in Zoeloeland gebeur het. Die veldkornette en landdros te het feitlik weekliks rapporte ingestuur. Op 12 Mei 1884 rapporteer veldkornette J. J. Steenkamp en A. J. de Jager, dat die burgers wegtrek: „ op een (3) weinig na hebben zich begeven naar de Zululand.” C. L. Scheffer wat L. J. Meyer as landdros van Utrecht opgevolg het, rapporteer op 15 Mei 1884, dat baie burgers wegtrek uit die wyke. Wyke een en drie is feitlik ontvolk. Van l. g. (4) alleen is daar 77 burgers oor die grens.

Genl. Joubert wat destyds ageer het as president, gedurende die afwesigheid van president Kruger na Europa, het goed op hoogte gebly van al die gebeure op die grens. Hy het gereeld aan Meyer en Krogh geskrywe en van hul briewe ontvang.

Sir Henry Bulwer het besonder prikkelbaar geword oor die gebeure, veral omdat hy nie kon peil waarna die Boere stracfanie. Op 5 Mei 1884 telegrafeer hy aan Sir H. Robinson, wat weer deur hul Resident te Pretoria protes laat aanteken het, teen die optrede van die Boere: “The probable object of those interfering, is to acquire land and get a foothold.” (5) Op 10 Mei was daar alweer 'n telegram, waarin hy klae, omdat hy die Transvaal nie vertrou nie, lui dit: “ and to ascertain from them if the action as above reported taken by their subjects in Zululand is taken with their sanction.” (6)

Genl. Joubert en sy Uitvoerende Raad het op 9 Mei 'n proklamasie uitgevaardig waarin hul hul burgers belet om na Zoeloeland te gaan. Hul moes dit doen om die Engelse en veral Sir Henry tevrede te stel. Offisieel bemoei hul hul dus nie met die saak nie. Die Vrywilligers het egter tog hul morele steun geniet. Die amptenare van die Republiek is ook aangesê om hul buite

(3) R 2392/84. (4) R 2677/84. (5) R 2114/84. (6) R 2233/84. (7) R 2114/84.

die saak te hou.

Die proklamasie was nog nie genoeg bewys om Sir Henry tevrede te stel nie. Op 12 Mei stuur hy weer 'n telegram. Die Britse Resident oorhandig daarop weer 'n nota aan die Transvaalse regering, waarin hy sê: "The Secretary of State desire that he should press strongly on the Transvaal Govt. **the importance of their allowing armed Boers to enter into Zululand.** And I am to request an early communication of the views and intentions of the Transvaal Govt. on the subject." (8)

Die Uitvoerende Raad laat daarop 'n brief opstel aan die Britse regering, waarin hul daarop wys, dat hul nie weet van Boere wat Zoeloeland intrek nie, altans nie vir die doel, waarvoor die Engelse klae nie. Daar is wel mense wat elke jaar gedurende die winter Zoeloeland-toe trek vir weiveld. Hul verwys dan na hul proklamasie van 9 Mei. Op hul beurt klae hul oor die bedenklike toestand in Zoeloeland. As daar dus Boere is wat: "alle gevarens trotseren om op eigen gezag en verantwoordelykheid Zululand binne te trekken, om het bestier op zich te nemen of het daarstellen van den vrede te bewerken," dan kan hul dit nie verhelp nie. Hul wys verder daarop, dat die Imperiale regering, wat 'n sterker staat as hulle is, van hulle verwag om die intrek van Vrywilligers na Zoeloeland te belet, terwyl hulleself nie in staat is, om 'n soortgelyke beweging vanuit Natal te verbied nie. (9)

Die vyandige houding van die Engelse het genl. Joubert tot groter versigtigheid gemaak. Hy wou nie graag hê dat die deputasie na Engeland moes misluk nie, daarom het hy sy amptenare ten strengste verbied om hul met die saak te bemoei. Aan J.C. Krogh, wat besonder baie belang in die saak gestel het, skrywe hy op 8 Junie 1884 dat hy: "veel vrees gevoeld dat de zaak van Zulalaland nog groot opzien en Engeland zal baren. . . en wie weet wat er nog uit zal voorkomen ik vrees voor verwickelingen daarom moet wy ons zoo veel mogelyk Ik zegt geheel buiten de zaak houden ik ben zeer jammer voor onze broeder burgers die in de zaak betrokken ez en ik wens van harte dat God hun moge lyden maar als Regereng moet wy onz volstrek nutraal en buiten de zaak hou want het is of zou onverantwoordelyk . . . . wezen om de Republiek in verwickeling met de Britsche Goewt. te brengen om Zulalaland. en zoo doende de onafhanklykheid van dezer Republiek in ge- (8) R 2238/84. (9) R 2114/84 ook C 4191 p 72.

vaar te brengen daarom moet ik u alle streng waarschuwen om voorzigtig te wezen niets te doen of te schryven de onz en verwickeling kan betrekken." (10)

Weekliks het hy van hom laat hoor. Gedurig het hy die Vrywilligers gewaar-  
sku en raad gegee. (11) Tot so 'n mate, het die toestand sy aandag geniet, dat, toe hy vir 'n tydjie niks van die Vrywilligers hoor nie, hy op 18 Julie aan Krogh skrywe: „door dezen kan ik u Ed. niet melden hoe teleurgesteld ik my heden gevoeld daar ik dit maal geen enkele letter uit of over Zulaland heeft ontvang het is of my verbergen moet wezen hoe het er toegaat of wat er gebeurd zyn en hier gaat nog zulke slegte gerugten onder de jingos rond dat Zibebu de Boeren en Usutus een nederlaag heeft doen lyden." (12) Hierdie korrespondensie van genl. Joubert toon duidelik aan, dat hy nie net persoonlik belang in die saak gestel het nie, maar die politieke betekenis van die gebeure ten volle gesnap het.

Kort hierna moes genl. Joubert na die wesgrens gaan, om sy aandag aan die moeilikhede aldaar te skenk. Hier het hy o. a. vir Rhodes ontmoet en te woord gestaan. By al sy werksaamhede het hy nog tyd gevind om aan sy vriende in Zoeloeland te skrywe. (13) Hy het ongetwyfeld die vertrouwe van die Vrywilligers ten volle geniet. Hy was uit die Wakkerstroomse distrik afkomstig. Hy was persoonlik aan die Vrywilligers bekend. Dit was ook in hierdie streke, waar hy die Engelse met die Eerste Vryheidsoorlog gestuit het. Sy belangstelling in hul onderneming en sy persoonlike gewildheid, verklaar waarom hy op 6 Augustus deur die meerderheid van die Vrywilligers, aangewys is as president.

Op versoek van die nuwe regering, rig Esselen op 6 Augustus 'n skrywe aan genl. Joubert, waarin die uitslag van die verkiesing bekend gemaak word. Ook Meyer en Krogh, wat destyds by die Vrywilligers was, rig elk 'n brief aan genl. Joubert. Esselen gee 'n beskrywing van die gebeure, terwyl Meyer hom as vriend vra om die presidentskap aan te neem. Hy skrywe o. a.: „u bekwaamheid en groote ondervinding en liefde voor Land en Volk, heeft het Publiek alhier overtuigd dat U Ed. de regte man op de regte plaats is om aan het hoofd van onze Regeering te staan, om te werken tot wilvaard van Zululand in het bizonder en tot bestwel van Geheel Zuid-Afrika in het algemeen." (14)

Op 23 Augustus het genl. Joubert op die offisiële uitnodiging van Esselen geantwoord. Hy verkeer nog op die wesgrens, saam met Rhodes. Hul is besig om die vrede te herstel tussen die kafferhoofde Mosheete en Montsuo. Hy sal eg-

(10) Joub. Koll. A/1-9 no 296. (11) Joub. Koll. A/1-9 nos 315, 324 en 330.  
(12) Joub. Koll. A/1-9 no 348. (13) Joub. Koll. A/1-9 no 355. (14) Joub. A/1-9 no 361.

ter, verlof aanvra sodra hy op Pretoria kom en dan na Zoeloeland kom.  
 Hy vra uitstel, sodat hy oor die presidentskap kan besluit. <sup>(15)</sup> Aan Meyer skryf hy 'n week later, dat hy verwikkelinge vrees. Natal is hewig gekant teen die Boere. Hy raai hul aan om liever by die Oranje-Vrystaat of die Zuid-Afrikaansche Republiek, aan te sluit. <sup>(16)</sup> Genl. Joubert was dus van mening dat die Nieuwe Republiek deel moes word van een van die ouer republieke. Die stigting van 'n aantal kleiner en swakker staatjies, het tog net die ideaal van 'n verenigde Afrikanerdom laat vervaag en dit verder buite bereik gestel. Hy het dieselfde beskouing gehuldig i. v.m. die republiekies op die wesgrens.

Die deputasie wat na Engeland was, het ondertussen teruggekeer. Die Transvaalse regering het nou sy volle aandag geskenk aan die gebeure op sy grense. Hulle het ongetwyfeld aan gebiedsuitbreiding gedink in die verband. Hulle het veral die Zoeloeg gebied begeer omdat dit gestrek het tot aan die see. Krogh, wat hul strewe goedgesind was, het verlof gekry om na Zoeloeland te gaan. Hy is daarheen vir 'n definitiewe rede. D.C. Uys, die voorsitter van die Comité, wat die ideaal ook goedgesind was, het hom laat kom. Hy moes sake gaan help reël. Volgens sy brief aan genl. Joubert op 7 Augustus 1884, het hy sy bes gedoen om die Vrywilligers te beweeg om nie 'n afsonderlike staat te stig nie. Hy het aanbeveel dat hul liewers net 'n voorlopige volkskomitee in die lewe moes roep, wat sake in die gebied moes reël en behartig, tot tyd en wyl hul in besit van die grond is. As hul in volle besit van die grond is, dan moes dit oorgedra word aan 'n ouer staat. Dit sê Krogh egter nie so duidelik in sy brief nie. Die Vrywilligers het egter nie van die wenk gehou nie. Hulle het gemeen, dat 'n regering meer gewig sou dra by onderhandelings met die Engelse, as bloot 'n komitee. Krogh moes toegee. Hy sê van die hele toestand: "wy moeten nu het beste maken van een zaak welke <sup>(17)</sup> ik beschouw reeds veel verwaarloosd te zyn."

Watter saak sou so verwaarloos wees deur die Transvaal? Waarheen het Krogh en sy regering gemik? Hul doel en strewe blyk duidelik uit 'n brief wat hy kort na die stigting van die Nieuwe Republiek aan sy regering te Pretoria geskryf het i. v.m. aangeleenthede in Zoeloeland. Krogh vertel kortliks, hoedat die Vrywilligers tot 'n vergelyk geraak het met die Zee-  
 (15) N.R. 15. (16) Joub. Koll. A/1-9 no 361. (17) Joub. Koll. A/1-9 no 3\_o.

loes. 'n Kommissie is benoem om die plase uit te meet. Dit lyk of alles gaan regkom. Dinge het sover goed van stapel geloop, en die outoriteite van die Nieuwe Republiek, koester geen vrees meer dat die Engelse hul sal bombei met sake in Zoeloeland nie. Daar het egter nou 'n nuwe gevaar opgeduik. Die Duitsers begeer St Lucia. Hy is daarvoor dat handelsverdrae met die Duitsers gesluit moet word, maar die inpalming van St Lucia is in stryd met die Boere, in die algemeen, se belange. Toestande kan nou baie ingewikkeld raak. Daarom doen hy weer aansoek om verlof: „opdat ik my naar Zululand kan begeven met het doel te trachten om St Lucia van de Zulu Opperhoofden te verkrygen voor de Nieuwe Republiek met regt van weg door Zululand naar gezegde Republiek, ik denk met de invloed die ik by de Zulus heb zulks te kunnen verkrygen indien Engeland niet reeds aanspraak daarop heeft. Indien wy deze baai in bezit kunnen krygen zal het een groote overwinning voor onze Afrikaansche zaak in Zuid-Afrika wezen.“

(18)

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het dadelik op hierdie brief gereageer. Op 12 September 1884 stuur Bok die volgende minute aan Krogh: „In antwoord op uwen brief van 9 September gaat hierby het gevraagde verlof voor 12 dagen.....De Regeering heeft met den Wel Ed. Heer P. J. Joubert afgesproken niets te zullen doen in Zulu zaken of Oostelyke grens tot Z. H. Ed. van de Z. W. grenzen zal zyn terug gekeerd. Intusschen kan ik U wel zeggen dat de bedoeling van deze Regeering zoo zyn niet om een nieuw Contract met Dinizulu omtrent Lucia baai aan te gaan, maar eenvoudig Dinizulu te doen bekrachtigen de afstand van Lucia baai aan deze Republiek door Panda en Cetchwayo.“

(19)

So dringend het hul die saak geag, dat genl. Joubert onmiddellik van die wesgrens ontbied is, op 15 September. Hy moes dadelik van Christiana terugkom, aangesien die: „toestand in Zululand zoo ernstig is dat het de Regeering voorkomt dat uwe tegenwoordigheid aldaar geen oogenblik langer gemist kan worden. De minste onvoorzigtige stap door het bestaan van de Nieuwe Republiek te nemen, zou nu de schromelykste nadelige gevolgen voor deze Republiek en voor geheel Zuid-Afrika ten gevolge kunnen hebben.“

(20)  
ben." Gevaar dreig. Die Duitsers wil St Lucia annekseer.

Ds S. J. du Toit word gestuur om sake op die wesgrens af te handel. (21)

Die Zoeloelandaangeleentheid was vir die Zuid-Afrikaansche Republiek en vir die hele Afrikanerdom, van veel groter belang as Goosen en Stellaland. Genl. Joubert, wat deur die Nieuwe Republiek gekies is as president, was die aangewese persoon vir hierdie onderneming. Dit was beslis 'n goeie keuse, ongelukkig was die kwessie op die wesgrens nog nie afgehandel nie.

Terwyl hul op die koms van genl. Joubert gewag het, moes Krogh so lank iets doen. Hy het egter nie die nodige vorm wat Dinizoeloe moes onderteken, van Bok ontvang nie. Hy was ook vir 'n tyd siek in die bed en kon dus nie gegaan het nie. Op 23 September klae hy, dat hy nog nie die vorm ontvang het nie. Op 25 September het genl. Joubert op Pretoria aangekom. Hy was baie ontevrede omdat hy teruggeroep is, voordat hy sake kon afhandel. Op 26 September skryf Bok weer aan Krogh, maar hy was nog nie in staat om die gevraagde vorm aan te stuur nie. Die saak het nog steeds hul aandag geniet en hul het vir Joubert gewag. (22)

Dinge het nou vinnig gebeur. Du Toit het op eie houtjie en sonder om sy regering te raadpleeg, die vierkleur op die wesgrens gaan hys. Met hierdie oorhaastige en impulsiewe daad van hom, het hy alles berderf. Nie net het alles verlore gegaan wat Joubert op die wesgrens begin het nie, maar die posisie van die Zuid-Afrikaansche Republiek is ook aanmerklike verswak op die suidoostelike grens. By dit alles kom, dat genl. Joubert bedank het, en hulle nou sonder sy dienste moes klaar kom. Op 29 September het hy bedank omdat: (i) S. J. du Toit die werk uit sy hande op die wesgrens kom oorneem het. (ii) Die anneksasie van Gooserte voorbarig was. (iii) Hy al lankal wou bedank het. Hy wou graag meer tyd en aandag geskenk het aan die Afrikaner Bond. (23)

Die hele saak het daarmee voorlopig skipbreuk gely. Krogh wou nog een en ander probeer het, maar die Transvaal wou nie meer te veel waag nie, wat hul onafhanklikheid in gevaar kon stel. Krogh wou weer na Zoeloeland gaan, maar dit is hom geweier. Bok het aan die hand gedoen, dat hy dan maar liever moet bedank, as hy langer belang in die saak wil

stel moet hy maar bedank. Daarmee verdwyn die Transvaal vir 'n tyd van die toneel.

Genl. Joubert is, nadat hy bedank het, na sy plaas, waar hy vir 'n tyd stil gewoon het. Heeltemal het hy hom egter nie teruggetrek nie. Van tyd tot tyd, het hy nog aan sy vriende in Zoeloeland geskryf en hul met raad bedien. Hy het nog nie geantwoord op sy verkiesing nie. Op 10 Oktober skrywe hy aan Meyer i.v.m. die saak: .....ik zal nooit aannemen als ik niet klaar en duidelijk kan inzien dat ik van nut kan wezen. (25) Hy is nog huiwerig om die presidentskap te aanvaar. Hy behou egter sy belangstelling vir die saak. Op 17 Oktober vra hy, dat hul nie hul voorneme, om 'n deputasie na Natal te stuur, moet deurvoor nie, omdat dit moeilikhede sal (26) uitlok.

Die Nieuwe Republiek, <sup>het</sup> nog maar steeds gehoop, dat Joubert hul president sal word. Op 16 Desember het Meyer hom gaan spreek te Utrecht. Hy het toe belowe, dat hy in Januarie na hul sal kom. Vroeg die volgende jaar was hy dan ook op Vryheid. Aan die kommissie wat benoem is, om hom te ontmoet, verduidelik hy, waarom hy op die oomblik nog nie die amp kan aanvaar nie. Die Engelse wag dat hy iets moet doen. As hy die betrekking op daardie tydstip aanneem, mag dit hul staat in gevaar bring. Hy gee weer aan die hand, dat hul nie nou 'n president moet kies nie, maar aansluiting by 'n ouer staat moet soek. Hy het hierdie wenk herhaal op 'n vergadering, toe hy die publiek toegesprek het. Joubert het nog nie moed opgegegee nie. Die gebied moes op een of ander tyd deel word van die Transvaal. (27)

Dat die Engelse die bewegings van Joubert dopgehou het, blyk uit die rapporte van Sir Henry Bulwer. Op 17 Januarie deel hy mee, dat Joubert in die Nieuwe Republiek was. "But he is not willing to accept the Presidency, he is even said to have recommended British Protectorate; this is doubtful". Joubert sou onder andere gesê het: "he wished to keep himself free so that he might give his services where they might be most needed." Sir Henry meen, dat Joubert te anti-Brits gesind <sup>is</sup>, om sulke uitlatings te doen. Hul het vir die Transvaal gewag om iets te doen en Joubert was (28) een van die leiers in die republiek.

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het die les, wat hul as gevolg van du Toit se flater op die wesgrens geleer het, goed ter harte geneem. Hulle

sou nou versigtiger te werk gaan. Genl. Joubert het nog steeds hul vertroue geniet. Hy was in Januarie 1885 na Vryheid, nie net om te gaan antwoord op sy verkiesing nie, daar was nog 'n ander beweegrede ook. Engeland het op 18 Desember 1884, St Luciabaai geannekseer en so die Zuid-Afrikaansche Republiek voorgespring. Joubert sou bewyse probeer vind, wat sou aantoon, dat die gebied aan hul behoort, en nie aan die Engelse nie. Sy besoek in Januarie het hom dan ook op hoogte van toestande in die Nieuwe Republiek gebring, maar hy het nie daarin geslaag om die Zoeloehoofde te ontmoet nie. Volgens 'n brief van Krogh, het die Zoeloes eers op 23 Januarie, dus na sy vertrek, te Wakkerstroom verskyn. Onder hul was die ou grysaard UTuzua, wat altyd aan die voete van Panda gesit het. Hy beweer, dat as die Engelse 'n sodanige afstand van grond van Panda gekry het, hy daarvan moet weet. (29) Hy ontken dat Cloete die grond van Panda gekry het.

Genl. Joubert en Krogh het dit hul taak gemaak om te bewys, dat die Engelse aansprake vals en onwettig is. Hul is hierin getrou bygestaan deur D.C. Uys. Hul pogings is aanmerklik vergemaklik deur die heersende ontevredenheid van die Zoeloes, oor die hoeveelheid grond wat die Vrywilligers van hul vervreem het. Gedurig het daar Zoeloes te Wakkerstroom verskyn om te klae. Hul het egter Krogh se simpatieke houding en gewillige gehoor, heeltemal verkeerd vertolk. Krogh was nie van mening dat die Boere nie reg op die gronde gehad het nie. Hy wou eerstens die Zoeloes van die Engelse weghou, daarom moes die Nieuwe Republiek bereid wees, om indien nodig minder grond te neem. Dit was sy doel om die Zoeloes tevrede gestel te sien, dan kon hul van die Zoeloes kry, dit waarna hul gestreef het. Op 17 Maart 1885, skrywe hy aan die regering te Pretoria: „.....was het niet dat ik wat invloed over hen (Zoeloes) had, waren zy reeds lang geleden by de Engelschen geweest om te klagen. Hoe lang ik dezen invloed zal kunnen uitoevenen weet ik natuurlyk niet.” 'n Paar dae later, op 23 Maart, klae Krogh, dat die toestand haglik word. Daar moet so gou moontlik werk van gemaak word. Hy gee aan die hand dat die Nieuwe Republiek liever minder grond moet neem en „de Zulus moeten overtuigd worden dat het tot hun bestwil is, dat witte menschen in gedeelte Zululand  
- - - - -  
(29) Joub. Koll. A/8 no 362. (30) R 1250/85.

wonen en daarvoor een genoegzaam gedeelte gronds toe te staan. Er moet verder onmiddelyk een overeenkomst met Zululand getroffen worden om Zululand naauwer aan deze Republiek te verbinden. Dit kan misschien voorlopig mondelings gemaakt worden. De persoon die met de burgers moet werken, moet een man zyn die by hen invloed kan uitoefenen; de heer Laas en ik zullen trachten de Zulus een schikking te doen maken, indien wy daartoe geroepen worden. Als wy de Zulus niet tot overtuiging kunnen brengen dan geloof ik niemand anders het zal kunnen doen.....wy moeten geen tyd verloren? (31)

Die Zuid-Afrikaansche Republiek het nie lank op hom laat wag nie. 'n Krisis moes voorkom word. Die man wat na die Nieuwe Republiek moes gaan, was genl. Joubert. Op 30 Maart kon Krogh na Pretoria laat weet, dat genl. Joubert al op pad is na Vryheid: Op ontvangs van hierdie brief, is die volgende instruksies aan Joubert gestuur: „De Regeering denkt dat het van groot nut zou wezen wanneer Dinizulu of wanneer hy persoonlyk niet kan komen, dan van zyne voornaamste Voogden naar Pretoria kon komen. „President Kruger wou persoonlik na die dele gegaan het, maar omdat 'n Volksraadsitting op hande was, kon hy nie weggaan nie. Die hoofde moes egter na Pretoria kom: „zonder juist door deze Regeering daartoe officieel te worden uitgenoodigd.“ Die president en van die voormanne van die Nieuwe Republiek, moet ook beweeg word om te kom. „Het doel dezer Regeering is niets anders dan dat er volkomen vrede zal heerschen tusschen de Zulus en de Boeren en dat billykheid zal worden betracht. „Aan Dinizobeloe moet gesê word, dat hul sy ryk weer wil groot maak, soos in die dae van Panda. Aan Dinizoeloe moet ook 'n present namens die regering oorhandig word. Verder word genl. Joubert in kennis gestel: „dat deze Regeering by Engeland aanspraak maakt op hare regten op St Lucia Baai en Zululand.“ Die gedagte was om die gebied in te lyf, daartoe het hul die hulp en medewerking van die Nieuwe Republiek nodig gehad. (32)

Op 16 Maart 1885 het die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n memorandum opgestel, waarin hul protesteer teen die anneksasie van St Lucia. Die Engelse aansprake word hierin weerlê. Genl. Joubert moes na Zoeloeland gaan om hul aansprake te versterk. As die Nieuwe Republiek en die Zoeloelandse (31)R 1489/85. (32)R 1793/85. (33) RBB 412/85.

loes verkies om onder die Zuid-Afrikaansche Republiek te staan, sou dit hul posisie aansienlik versterk, veral as die Zoeloehoofde daarby nog die bestaan van die Cloetetraktaat ontken.

Op 8 April kon genl. Joubert rapporteer, dat hy 'n botsing tussen die Boere en die Zoeloes voorkom het. Die grondkwessie is baie moeilik, hy het egter daarin geslaag om die Vryheidse Uitvoerende Raad te beweeg om 'n „draaf Act van submittie op te stellen zoo dat het myn schyn of ik tog op dat punt ook zal slagen!“ Esselen was egter hewig gekant teen so 'n voorstel. Hy was bang dat, as die Transvaal hul bezwei met Zoeloeland, Engeland dit nie sou duld nie en hulle alles sou verloor. Hy het daarin geslaag om Meyer ook tot sy standpunt oor te haal. So dat genl. Joubert op 20 April na Pretoria moes laat weet, dat alles weer misluk het. Hy kan Meyer nie meer beweeg om na Pretoria te kom nie. Dit lyk asof die Nieuwe Republiek hul nou sterk genoeg voel om alleen te staan. Hulle is nie meer angstig om onder die Transvaal te kom nie. Hul is van mening, dat Engeland hulle en Zoeloeland nie meer sal lastig val nie. Die botsing op die wesgrens het hul nog verder afgeskrik. Verder beveel die genl. aan, dat, as hul aansprake goed is, hul 'n dorp by St Lucia moet aanleë. Op 22 April, vra die genl. of dit in stryd met die Londen-konvensie sal wees, as hul Zoeloeland annekseer. Hy is baie gretig dat hul die gebied moet bekom. Hy gee verder aan die hand, dat hul op goeie voet met die Zoeloes moet bly. Joubert se taak is baie bemoelijk deur die onwillige houding van Esselen en ander leiers te Vryheid.

President Kruger het dit goed gedink om persoonlik ook 'n ietsie ter bevordering van die saak te doen. Op 2 Mei skrywe hy aan Meyer en Dinizoeloe elk 'n brief, waarin hy hul uitnooi, om die Zuid-Afrikaansche Republiek in te roep as arbiter. Meyer het sy brief as privaat beskou en nie aan sy Volksraad voorgeleë nie. Eers op 27 Mei, het hy sy ontevredenheid te kennen gegee: „dat de brief van uw Regeering aan Dinizulu ons hier meer kwaad als goed kan doen.“

Joubert se sending het op 'n mislukking uitgeloop. Op 4 Mei, skrywe hy dat hy terugkom om verslag te doen. Hy voel baie ontevrede: „...die tyd zal nog leren welke kwaat ons daar drygt.“

(34)R 1980/85. (35)R 2061/85. (36)R 2176/85. (37)RBB 562/85 en RBB 564/85  
(38)R 2785/85. (39)R 2325/85.

Op 14 Mei is die Zuid-Afrikaansche Republiek in kennis gestel, dat hul aansprake op St Lucia nie erken kan word nie en dat Engeland die besetting van die gebied nie sou duld nie. Hierdie antwoord van die Engelse en die onsimpatieke houding van Esselen e.a. het meegewerk dat daar voorlopig niks gekom het, van 'n vereniging tussen die twee state en die begeerte om 'n eie hawe te besit. Later, nadat hul onafhanklikheid erken is, het die Nieuwe Republiek uit eie beweging toenaadering gesoek. Uiteindelik is die ideaal van 'n groepie mense, wat al op 8 September 1884 in 'n memorie gevra het dat: „met de hulp en advies van eene oudere en sterkere Regeering, als die der Zuid-Afrikaansche Republiek, de belangen van dezen Staat grootelyks zouden bevordert worden, "verwesenlik. Dit was toe te laat om 'n hawe te bekom in die gebied. Die verloop van die geskiedenis toon egter, dat ook die Transvaal nie daarin sou geslaag het, om St Lucia in te lyf nie. Die Engelse wou en het die Boere belet om naby die see te kom. Dit is verder baie waarskynlik, dat as die Transvaal die taak onderneem het, wat die Vrywilligers aangepak het, die hele onderneming sou misluk het. Esselen was gevolglik reg, toe hy die Kroghgroep opponeer het. Esselen en Meyer het die regte beleid gevolg, om seker te maak dat die gebied, wat hul verwerf het, in die besit van die Boere sou bly.

Sir Henry het die Boere niks gegun nie, vir hom beteken hul koms na Zoeloeland net een ding: that in course of time the remainder of Zululand will come under the Boers unless we interfere. "Besiel met die imperialistiese gesindheid van 'n Carnarvon en 'n Shepstone, het Sir Henry, hom geroepe gevoel om oor die belange van Zoeloeland en Natal te waak. Hy sou die Boere onmiddellik teruggestuur het, as dit in sy mag was. Ongelukkig vir hom, het daar so 'n verwarrende toestand in die gebied geheers en was die Britse staatsmanne magteloos om iets te doen om sake te verhelp, dat hul enige uitweg verwelkom het, al het dit ook van Boere kant geskied. Al antwoord, wat Sir Henry, op al sy pogings om die Britse regering tot inmenging te beweeg gekry het, was Derby se mededeling dat: "After a full consideration of recent reports and recommendations Her Majesty's Govt. adhere to the decision not to extend British Sovereignty or protection over Zululand, but the integrity and

(40)C 4587 p 76. (41)C 4214 p 1 e.v.

peace of the Reserve must be maintained."

Ook ander vooraanstaande Engelse staatslui het hierdie standpunt van Derby onderskryf. Op 23 Junie 1884 het Evelyn Ashley, ondersekretaris van Kolonies, op 'n vraag in die Laerhuis geantwoord: "Her Majesty's Govt. do not hold themselves responsible for the internal affairs of Zululand." Dit was immers duidelik hul houding toe Usibebu, 'n hoof wat hul aangesel het, Cetewayo uit sy gebied verdryf het. Ook Gladstone het op 'n vraag in die verband, as volg geantwoord: "I may point out.....that our object has been gained by the establishment of the Reserve... .. With regard to what is beyond it, I by no means say, that, it is a country which does not incite our interest, but I see no reason for violent interference in that country." Herhaaldelik daardie jaar is hierdie standpunt herhaal.

Dit is duidelik dat die Britse regering sake hul gang laat gaan het in Zoeloeland. Sir Henry het baie teen sy sin ook tot hierdie gevolgtrekking geraak. Hy het baie ongelukkig gevoel as hy hoor van die dade van die Boere en hy dink aan die onverskillige houding van sy hoofde. Die verkiesing van genl. Joubert, was nie juis 'n gebeurtenis, om hom gerus te stel nie. Aan Derby skryf hy op 16 September 1884: "The election of Mr Joubert as president of the New Republic, does not help to diminish those doubts, as Mr Joubert has the reputation of entertaining very unfriendly sentiments towards the British Govt. and people."

Hierdie mededeling het 'n effense reaksie van die Britse regering uitgelok. Sir Henry wou van sy hoofde weet wat hom te doen staan, as die Nieuwe Republiek hom sou nader i.v.m. erkenning. Derby se antwoord was: "Wait till Joubert has assumed the Presidency." Vir Sir Henry was die houding nog nie duidelik nie. Op 6 Oktober vra hy weer, wat hom te doen staan aangesien die Britse regering weier om in te gryp. "It is difficult for me in view of the decision of Her Majesty's Govt. not to interfere with the Zulu Country beyond the Reserve to express an opinion against a recognition of what are accomplished facts." Hy wou te eerlik wees en dit word 'n gevaar vir Derby se kat en muis spel. Daarom antwoord Derby reguit en duidelik: "No advantage gained by recognition prematurely." Die hele saak is nou vir Sir Henry duidelik, dit word van hom verwag dat hy die toesta-

(42)C4037 p36.(43)Hansard Vol.289 p 1090 aangehaal in N.R.67.(44)Hansard Vol.291 p 1125.(45)C4214 p101.(46)C4274 p27.(47) en (48)C4274 p20 en 30

moet dophou. Hulle wag vir die Transvaal om hom met die saak te bemoei.

Joubert weier egter om die presidentskap te aanvaar. 'n Verskoning om in te gryp, kon hul dus nie op dié wyse kry nie. Sir Henry moes nou aan iets anders begin dink. Waar hy dus op een stadium geneë was om hul te erken, soek hy nou redes om hul te annekseer. Die verskonings wat hy be- dink het, was niks nuuts nie. Shepstone het hierdie denkbeeldige griewe voor hom die lig laat sien. Die republiek sou nie 'n leier hê nie, hul finansies verkeer in 'n warboel. Baie van die inwoners sou dan Britse proteksie begeer en die inlywing van die gebied by Natal. Hul was egter (49) te swak en te bekend, om die Britse regering tot optrede te beweeg.

Sir Henry sou 'n ander rede ontdek, wat die imperialiste sou verplig om in te gryp. Op 5 Januarie 1885 waarsku hy dat die Boere 'n weg na see soek. Die Boere was nl. besig om plase op te meet tussen die Umhlatusi- en Umfolosiriviere. Hierdie beweging in die rigting van die see het hom baie ontstel, daarom sê hy: "This proceeding I have stated will be fatal to us, as it will close the outlet from Natal to Zululand and beyond, and I have urged that something should be done to prevent it." (50) Hierdie waarskuwing het hy op 12 Januarie herhaal. (51)

Om die Duitsers voor te spring, het die Engelse op 18 Desember 1884, hul vlag te St Lucia gehys en die omliggende gebied geannekseer. Hiermee het hulle ook die Boere-aspirasies t.o.v. 'n eie hawe, verongeluk. Die gebied, wat Natal van Zoeloeland en die hinterland geskei het, moes nou nog beveilig word. Rhodes sou gewys het, op die belangrikheid van die bottelnek. Sir Henry het dan ook herhaaldelik daarop gewys, dat hierdie gebied onder Britse gesag moet kom. Die Vrywilligers was besig om plase in die gebied uit te meet. As die streek onder hul kom, dan is die Engelse afgesny van die binneland. Daarom herhaal Sir Henry op 25 Maart weer sy waarskuwing: "I have submitted that these proceedings of the Boers ought not to be allowed, that what they are doing today must some day be undone." (52)

Die Britse regering het tot op hierdie stadium, nog steeds die besetting van 'n gedeelte van Zoeloeland ooglukkend toegelaat, alhoewel hul offisieel geweier het, om dit te erken. Die Imperialiste van Natal en Engeland, sou voortaan druk op die regering begin uitoefen. Op 26 Junie (49)C 4587 p 10 en 17. (50)C 4442 p 2. (51)C 4587 p 151. (52)C 4587 p 41.

1885, neem die Durbanse "Chamber of Commerce" die volgende: "That in the opinion of this Chamber, the commercial relations of this Colony with Zululand and the territories north of that country, render it necessary that British authority be extended over the whole of Zululand east of the Convention boundary of the Transvaal as also over the Amantongo and Swazi countries." Hierdie besluit se uitwerking is verhaas deur die aankondiging van die Nieuwe Republiek se grense in 'n proklamasie van 26 Oktober 1885.

Hierdie proklamasie het offisieel bekragtig, wat Sir Henry al vir maande teen waarsku. Dit het tegelyk ook die einde aangekondig van die Engelse staatslui se afwagtende houding. Dit was nie meer net 'n kwesie, van hul invloedssfeer wat vervreem raak nie, of dat hul politieke regte, wat hul grond op hul oorwinning van 1879, aangetas word nie, ook hul ekonomiese belange word bedreig. Verder was dit vir die imperialiste duidelik, dat as hul die beheer oor daardie gebied kwyt raak, hul geheime wapen, wat hul teen die Zuid-Afrikaansche Republiek mik, minder effektief sal wees.

Die hoeveelheid grond, wat die Nieuwe Republiek aanspraak op maak, word as verskoning aangegryp, om handelend op te tree. Stanley gee aan sy amp-tenaar in Natal opdrag, dat hy die Boere in die Nieuwe Republiek in kennis moet stel dat hul aansprake op die plase nie erken kan word nie. Die redes wat hy aanvoer, is die volgende: "these allotments would seriously and injuriously encroach on the territory of Dinizulu and his people who are friendly to this country..... Her Majesty's Govt. cannot view with indifference any course of action tending to bring on disturbances near the Zulu Native Reserve." Dan volg dié, vir Engeland, belangrikste rede: "You will at the same time repeat the protest contained in Bulwer Letter, sent to Lucas Meyer 15 June last, with reference to St Lucia Bay and the adjacent territories to the north and west of it." Hierdie instruksies is op 4 Januarie 1886 uitgestuur. Op 15 Januarie 1886, lê Sir Henry 'n memorie van 'n aantal mense uit Natal aan Stanley voor: ". . . urging the opening of a direct trade route from Natal to the Gold Fields through Zululand."

Hierdie soort agitasies het die gewenste uitwerking gehad. Aangesien  
 (53)C4645 p 11. (54)C 4645 p 71. (55)C 4645 p 79.

daar soveel tyd verloop het, die skuld van 'n vorige regering, en aangesien die Boere wettiglik grond van die Zoeloos gekry het, al was hul metode nou nie juis te billik nie, was die Britse regering tog geneig, (56) om hulle te erken onder sekere voorwaardes. Die weg na Zoeloeland en na die binneland, moes buite die beheer van die Boere val. Veral moes die Boere sover moontlik van die see weg gehou word. Die Engelse was meer bekommerd oor hul eie belange, as wat hul omgee het, vir die Zoeloos. Die grootte van die gebied, wat vir die Zoeloos oopgehou moes word, was van minder belang, as hul eie oogmerke. Daarom lui die finale instruksies i.v.m. die aangeleentheid dan ook: "subject to the retention of sufficient land for the Zulus, and above all, of a sufficient belt of country between the territory of the Boers and the sea, they consider the establishment of some boundary as of more importance than the precise limits reserved." (57) Dit was 'n kwessie dus van: "...to secure the important Imperial, Colonial and Commercial interests involved." (58) So altans, het 'n groepie imperialistiese Parlementslede dit gedurende September 1886 in die Britse Laerhuis uitgedruk.

Dit was 'n beleid van politiek-ekonomiese insluiting van die Boere republieke. In hul metodes en handeling, was hul nie juis kieskeurig waar dit Boere gegeld het nie, solang hul maar hul doel bereik. Die konvensie wat voorsiening maak vir die inlywing van die Nieuwe Republiek by die Zuid-Afrikaansche Republiek, bepaal duidelik die oosgrens van die Transvaal. Vir verder uitbreiding na die ooste, met die doel om die see te bereik, was daar geen geleentheid meer nie. Ook aan hierdie kant pryk nou 'n politiek-ekonomiese muur wat die Boere afsluit van die buitewereld.

Die Nieuwe Republiek, sal daarom 'n denkbeeldige monument bly, omdat dit nog 'n mylpaal is, in die stryd tussen "British Supremacy" en die Boervolk se stryd tot selfstandigwording en selfhandhawing. 'n Monument, wat herinner aan 'n onselfsugtige, grootse daad van 'n groepie Boere, wat hul lewes en eiendomme gewaag het, om die Zoeloenasie te red van algehele verdwyning. In die volste sin van die woorde, kan van hul gesê word, dat hul gestaan het vir: "Eendragt, Rechtvaardigheid en Liefde!"

(56) C4587 p 100 en C4913 p 44. (57) C4980 p 16. (58) C4980 p 19.

## BRONNE.


## A. GEPUBLISEERDE WERKE:

- Botha, P.R.: Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds. Amsterdam 1926.
- Coetzee, J.A.: Politieke Groepering in die wordings van die Afrikanernasie. Johannesburg 1941.
- Emmett, C.F.C.: "A Short Account of the Origin of the Vryheid District." 'n Brosjure in 1934 deur die Vryheidse Jubileum-Kommissie uitgegee.
- Gie, S.F.N.: Geskiedenis van Suid-Afrika II. Stellenbosch 1928.
- Hofmeyr, J.H.: Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr. Kaapstad 1913.
- Leyds, W.J.: Het Insluiten der Boeren-Republieken I. Amsterdam 1914.  
De Eerste Annexatie van Transvaal. Amsterdam 1906.
- Preller, Gustav: Piet Retief. Kaapstad 1920.
- Schiel, A.: "23 Jahre Sturm und Sonnenschein in Südafrika!" Leipzig 1902.
- Stuart, J.: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika. Amsterdam 1854.
- Van Oordt, J.F.: Paul Kruger en de Opkomst van de Zuid-Afrikaansche Republiek. Amsterdam 1898.
- Walker, E.: "A History of South Africa." Londen 1928.
- Die Engelse Blouboeke vanaf 1879, tot 1888. Aangedui as C, bv.: C 4913.

## B. OORSPRONKLIKE BRONNE:

Hierdie dokumente is te vinde in die Staatsargief te Pretoria.

- (a) Dokumente van die Nieuwe Republiek. (Al die stukke.) Aangedui as: N.R. Bv. N.R.1, N.R.3.ens.
- (i) Die Notule van die Volksraad en van die Uitvoerende Raad.
  - (ii) Uitgaande en Inkomende stukke.
  - (iii) Proklamasies en ander offisiële stukke.
  - (iv) Notule van onderhoude en van deputasies.
  - (v) Die memorandum van D.J.Esselen.
  - (vi) Die begrotingslyste en ingestuurde memories.
  - (vii) Die Preller-kolleksie.
- (b) Die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek se notule vir die jare 1884 tot 1888. Aangedui as: E.V.R.
- (c) Die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek se notule vir die jare 1884 tot 1888. Aangedui as: U.R.
- (d) Die Afdeling Staatssekretaris:
- (i) Inkomende stukke. Aangedui as R.
  - (ii) Uitgaande stukke. Aangedui as: RBB.
- (e) Die Joubert-kolleksie:
- (i) Uitgaande stukke: Briewekopieboeke: 10 Oktober 1881 tot 26 Augustus 1887. Ook nos. 1995 tot 1997. (Portefeulje 5.)
  - (ii) Inkomende stukke: A/1-9. Nos. 1 - 389. (Portefeulje 1.)



Sketskaart van Zoeloeland oorgeneem uit C 4645 Bls. 75.

Al grondgebied wat

Dinizoeloe en die

Zoeloes See

oorgehou het.

Swart-

(26 Des 1885)

Oemvolloos

Wit-Oemvolloos

St. Lucia-baai

Indiese Oseaan

(26 Okt. 1885)

Oemvolloosrivier

Oemvolloos

NATAL

DIE GEBIED WAT

VOLGENS

SIR C.B.H. MITCHELL.

DEUR DIE BOERE

GEANNEKSEER IS.

RESERWE.

ZOELOE

Toegelarivier

NATAL.

